

Die onontkombaarheid van die verlede

deur

Anna Francina Kemp

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad

Magister Artium in Kreatiewe Skryfkuns

In die eenheid vir Kreatiewe Skryfkuns

Fakulteit Geesteswetenskappe

Universiteit van Pretoria

Studieleier:
Professor H.J. Pieterse

Augustus 2008

Die studie word soos volg ingedeel:

Deel 1: Verhandeling: Die onontkombaarheid van die verlede	1
Deel 2: Kortverhale: Op reis met 'n hond.....	66
Deel 3: Samevatting	159

Deel 1: Die onontkombaarheid van die verlede

Inhoudsopgawe

1.	Inleiding	2
1.1	Navorsingsprobleem	2
1.2	Navorsingsdoelwit	2
1.3	Werksmetode en indeling	3
1.4	Verwagte resultaat	4
2.	Die onontkombaarheid van die verlede: teoretiese raamwerk.....	5
2.1	Inleiding	5
2.2	'n Problematiesgeworde verlede en houdings daarteenoor.....	5
2.3	Verhaaltegniese aspekte.....	11
2.4	Voorlopige gevolgtrekking.....	16
3.	Die onontkombaarheid van die verlede: toepassing op individuele verhale	18
3.1	Inleiding	18
3.2	“Madam, you must lie down...”.....	18
3.3	“Op reis na Spanje met 'n hond”	22
3.4	“Kaalvoet in die Drakensberge”.....	26
3.5	“Trekkerswee”.....	28
3.6	“Giftige fontein”.....	34
3.7	“Verliese wat ons ly”	36
3.8	Voorlopige gevolgtrekking.....	40
4.	Die onontkombaarheid van die verlede: toepassing op individuele verhale (vervolg)	41
4.1	Inleiding	41
4.2	“Briewe aan Anton Tsjechov. 'n Liefdesverhaal”	41
4.3	“Skemeraand op 'n boereplaas (oftewel Götterdämmerung op Gebedsfontein)”	52
4.4	Voorlopige gevolgtrekking.....	58
5.	Finale gevolgtrekking.....	59
	Verwysings	62

1 Inleiding

1.1 Navorsingsprobleem

Die verlede is onontkombaar; dit duik, in talle skynbaar nietige details, en op talle onverwagse en op die oog af onbelangrike oomblikke, altyd weer op in die lewe van 'n individu. Dit is bepalend ten opsigte van hoe die individu homself sien, met ander woorde ten opsigte van die individu se siening van sy persoonlike identiteit, maar ook ten opsigte van sy sosiaal-historiese identiteit (soos wat dit deur ander gesien word). Wanneer hierdie onontkombare en alomteenwoordige verlede gekontamineer is deur ideologiese wanopvattinge en wandade, word die verhouding met, en die houding tot, so 'n verlede uiters problematies. Daar is enersyds skaamte, en meer ingrypend, skuldgevoelens oor die verlede, maar andersyds gevoelens van verlies en melancholie. Skuld oor die eerste- en tweedehandse aandadigheid van die individu aan die vergrype in die verlede; verlies en melancholie oor alles wat saam met die gekontamineerde verlede verwerpbaar geword het.

1.2 Navorsingsdoelwit

In die studie sal daar probeer word om aan te dui op watter ingrypende maniere die Afrikaner se problematiese verlede altyd weer opduik in die hede, en op watter maniere hierdie verlede die groei en ontwikkeling van 'n nuwe Suid-Afrikaanse identiteit kan verhinder, of andersins, hoe 'n grondige en bewuste *Auseinandersetzung* met die verlede kan lei tot beter begrip, nie alleenlik van die verlede nie, maar ook van die hede en (ideaalgesproke) van die toekoms. Daar sal geredeneer word dat 'n proses van bewuste konfrontasie met die verlede noodsaaklik is vir die ontwikkeling van 'n lewensvatbare identiteit. Hierdie proses sluit in 'n bewuswording en ontleding van die houdings van skuld (ook kollektiewe skuld), verlies en melancholie jeens die verlede. 'n Belangrike nuwe-komponent van die verhandeling is om hierdie proses te koppel aan verhaaltegniese middele wat

aangewend word in die bundel vertellings onder bespreking. Daar sal probeer word om die vraag te beantwoord: waarom word, met die tematiek inagenome, spesifiek op so 'n manier, en nie anders nie, geskryf.

In die bespreking wat volg, word daar aandag gegee aan die temas van skuld en verlies in die verhale, asook die vele motiewe wat gekoppel kan word aan hierdie twee temas. Daar word ook aandag gegee aan vertel-tegnieke soos tydsvorme, assosiatiewe skryfwyse, vertellingstrant en die stem van die verteller, wat aangewend word om die konfrontasie met en houdings jeens die verlede uit te beeld. Daar word geargumenteer in die verhandeling dat die prosa in hierdie bundel as vertellings gereken moet word, eerder as kortverhale (of meer spesifiek, *short stories*), en wel omdat die temas en die vertel-tegnieke bymekaar aansluit met die oog op 'n spesifieke leserrespons wat 'n grondige konfrontasie met en bestekopname van die verlede behels.

Die bundel kortprosa, *Op reis met 'n hond*, wat as basis dien vir die ondersoek soos hierbo beskryf, bestaan uit agt vertellings wat elk 'n konfrontasie met die verlede as hooftema het. En in elkeen van die vertellings kom die temas, naamlik skuld en verlies, na vore. Daar word inhoudelik, sowel as op die vlak van vertel-tegnieke, met die verlede, die geskiedenis, geworstel. Figure gaan dikwels, in ooreenstemming met die titel van die bundel, op reise, waartydens hulle gekonfronteer word met gedagtes, mense, landskappe, plekke wat vibreer met inhoude uit die verlede. Daar is dikwels ook sprake van honde (soos in die titel aangedui) in die vertellings, en “hond” word uiteindelik 'n metafoor vir die bogenoemde inhoude uit die verlede.

1.3 Werksmetode en indeling

Daar sal eerstens 'n teoretiese raamwerk geskep word waarbinne die ontleding van die bundel verhale kan plaasvind. Kernbegrippe sal gedefinieer word met verwysing na relevante sekondêre literatuur. Aspekte wat besondere aandag sal geniet, is 'n geïdentifiseerde verlede, houdings jeens die verlede, wat skuld, verlies en melancholie

insluit, en sekere verteltegnieke wat aangewend word om hierdie verlede uit te beeld. Hierdie uiteensetting word in hoofstuk twee van die verhandeling weergegee.

Die vertellings word vervolgens in detail bespreek aan die hand van die voorafopgesette terminologie. Daar word gekonsentreer op die alomteenwoordigheid en onontkombaarheid van 'n problematiesgeworde verlede, en op houdings jeens hierdie verlede wat deur spesifieke figure in die vertellings tot uitdrukking kom. Daar word ook gekyk na tegniese middele wat aangewend word om hierdie verhouding tussen verlede en betrokke figure te verbeeld. Hoofstukke drie en vier word aan hierdie aspekte gewy.

Die finale hoofstuk (vyf) bied 'n samevattende terugskouing oor die verhandeling, en daar word kortliks besin oor die relevansie van die navorsing.

1.4 Verwagte resultaat

Die verwagte resultaat is dat die verhandeling 'n bydrae sal maak tot die kontemporêre diskoers oor identiteit en verlede binne die Suid-Afrikaanse (literêre) konteks. Die bydrae lê veral daarin dat die dringende teenwoordigheid van die verlede en die houdings van skuld en verlies waarmee (veral) Afrikaners worstel, ondersoek word aan die hand van die genoemde bundel vertellings. Die verhandeling wil verder 'n bydrae maak deur die temas van die bundel spesifiek te koppel aan die verteltegnieke wat aangewend word. Daar word ten doel gestel om 'n noodwendige verband te lê tussen “inhoud” en “vorm”.

2 Die onontkombaarheid van die verlede: teoretiese raamwerk

2.1 Inleiding

Daar sal vervolgens gekyk word na aspekte van 'n problematiesgeworde verlede. Die mate waartoe die geskiedenis as gekontamineer ervaar word, veral deur Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners, word bespreek. Daar word ook aandag geskenk aan houdings jeens hierdie verlede. Hierdie twee aspekte, naamlik die problematiese geskiedenis, en die houdings daarteenoor, word voorlopig gekoppel aan motiewe in die bundel vertellings onder bespreking. Daar sal in die opvolgende twee hoofstukke meer gedetailleerde aandag gegee word aan hierdie motiewe.

Die bogenoemde inhoude word dan gekoppel aan sekere verhaaltegniese elemente, en daar word op die noue verband gewys tussen die inhoudelike en die vormlike aspekte van die vertellings in die bundel. Ook hierdie aspek geniet in hoofstukke drie en vier meer spesifieke aandag in samehang met individuele vertellings.

2.2 'n Problematiesgeworde verlede en houdings daarteenoor

'n Deurlopende tema in die bundel, *Op reis met 'n hond*, is die verhouding wat figure tot hulle verlede, of soos dit soms gestel word, hulle geskiedenis het – 'n geskiedenis wat beide die persoonlike en die sosiale omvat. Dié verhouding word as kompleks voorgestel. Die verlede waaruit hulle veronderstel is om inspirasie te put, beide vir die ontwikkeling van 'n persoonlike identiteit, asook vir die ontwikkeling van 'n positiewe geïntegreerde rol in 'n land waarin hoop en optimisme oor die toekoms lewensnoodsaaklik blyk te wees, is gekontamineer. Die meeste figure in die vertellings moes ervaar hoe grootse gebeure en helde, ideale en volksverhale stelselmatig ontluister is en in toenemende en oortuigende mate as vals, wreed, onregverdig en immoreel voorgestel is. Hulle geskiedenis, wat eens aan hulle

voorgehou is as die uitsonderlike tydperk van die groei en ontstaan van ‘n nuwe volk en taal onder besondere omstandighede aan die suidpunt van Afrika, is ontmasker as ‘n meedoënlose onderdrukking en vernietiging van ander bevolkings en kulture. Die beleid van apartheid, wat as raamwerk gedien het vir hierdie nasiegroei, is wêreldwyd verdoem, en word dikwels vergelyk met die Nazi-era in Duitsland.

Soos wat nuwere generasies Duitsers met toenemende skok en ontugtering moes hoor en ervaar dat hulle ouers mededaders was aan een van die wreedste vervolgings en uitwissings in die opgetekende geskiedenis, word verskeie generasies (Afrikaanssprekendes) in Suid-Afrika toenemend gekonfronteer met die onaangename details van hulle geskiedenis. Hoffman (2004) bespreek hierdie dilemma uitvoerig in haar uiteensetting van die wroegende verhouding tussen verskillende generasies Duitsers tot mekaar en tot hulle verlede. Sy verwys na die morele pyn wat in kinders ontketen word deur die bewuswording van die feit dat ‘n ouer selfs net ‘n “minor Nazi” was, en dat hulle geskiedenis verwerplik is in die oë van ander: “I could imagine the dismay of learning you are the inheritor of a tainted, an abhorrent history” (118). Selfs net om te probeer om so ‘n geskiedenis positief te verwerk op emosionele en sosiale vlak, is volgens Hoffman bykans onmoontlik. Die individu se wete dat sy geskiedenis bevlek is, en dat sy voorouers en ouers, en hyself ook – direk of by implikasie – deel gehad het aan onregte en wreedhede, veroorsaak ‘n bykans onhanteerbare innerlike stryd: “That is surely a proposition to impale one on pincers of emotional contradiction. For how can you ever come to terms with the knowledge that your parents, your relatives, the very people for whom you have felt a natural, a necessary affection, are actually worthy of moral disgust? ... That the whole previous generation, which has served as your first model of adulthood, is tainted by complicity with such deeds?” (119).

Dit is hierdie dilemma en die onontkombaarheid daarvan in die daaglikse lewe wat die agtergrond vorm tot die optrede van die figure in die bundel onder bespreking. Die vertellings handel oor die lewens

van mense (en hulle voorgeslagte) wat weens blindheid en/of nalatigheid nie waargeneem het waarheen die historiese pad waarop hulle gestap het, sou lei nie. Wanneer hulle wel ‘n begrip begin vorm van die skuld – persoonlik en kollektief – wat hulle dra oor die gebeure in die verlede, is dit te laat om regstellings te maak, en om selfs (net) boete te doen.

Een uitweg uit so ‘n dilemma vir die figure in die verhale sou wees om die geskiedenis te ignoreer, om tot ‘n mindere of meerdere mate ‘n vorm van geheueverlies te ontwikkel jeens die vormende gebeure in die verlede. Sebald, ‘n Duitssprekende skrywer wat homself in sy oeuvre konfronteer met die las van historiese skuld, praat van ‘n “conspiracy of silence” jeens die verlede wat hy kan waarneem onder die Duitse bevolking: “One had tacitly agreed to leave this behind and developed an attitude which was entirely forward-looking, which was bent on *not* remembering” (2001:143).

Soos die Duitsers, probeer ook die (wit) Afrikaanse inwoners van Suid-Afrika, en by implikasie die figure in die bundel, aanpas by nuwe historiese werklikhede, en probeer ‘n nuwe identiteit ontwikkel wat meer aanvaarbaar is, vir hulleself en vir diegene wat voorheen deur hulle onderdruk is. Maar identiteitsvorming teen die agtergrond van ‘n verwerplike en ook onontkombare verlede blyk uiters problematies te wees. Reckwitz (2004) verwys na hierdie probleem in ‘n bespreking van ‘n aantal onlangs-verskene Suid-Afrikaanse romans. In ‘n resensie van Petzold (2002) se dissertasie wat handel oor die herverbeelding van wit (Suid-Afrikaanse) identiteit deur ‘n herwaardering van die verlede, verwys Reckwitz na die bindende faktor tussen al die besproke romans: “What unites all these diverse versions of the past resides in the circumstance that all of them, in their various ways, problematise history such as it has accreted itself over a long period of white dominance, thereby rendering itself unfit as a template of continuity from which white South Africans ... can derive a sense of identity” (2004: 184).

En buiten die feit dat die problematiese verlede onbruikbaar geword het as ‘n rigtingwysende identiteitsvormer, veroorsaak dit nog

verder probleme in die verband deurdat dit (die verlede) onontkombaar (en dus permanent steurend) blyk te wees. Reckwitz verwys na “storage memory”, wat verband hou met gebeure in die verlede/geskiedenis, “which acts as a vast repository of all that has been experienced and thus forms the concurrent subtext which sometimes resurfaces in strange and startling clashes with what we assume to be the ‘truth’ about ourselves” (2004:182). Ook Bell (2003) verwys na die “persistent presence of the past” in sy bespreking van kontemporêre Suid-Afrikaanse literatuur. Die belangrikheid van geskiedenis, beide reser en verder terug, “and its intrusion into contemporary South African fiction”, vorm die basis van sy artikel. Hy maak die opmerking (ook wanneer dit in verband gebring word met identiteitsvorming aan die hand van ‘n problematiesgeworde verlede), dat hede en verlede in ‘n wedersydse interaktiewe verhouding staan tot mekaar, “according to which the past impinges on the present and the present provides the context from which to examine the past” (71), en hy verwys ten slotte na die “inescapable dialogue” tussen hede en verlede (*ibid*).

Die nie-ignoreerbare teenwoordigheid van die verlede kan komplekse emosionele reaksies opwek, soos verbeeld deur die figure in *Op reis met 'n hond*. Wanneer (doelbewuste) amnesie nie werk nie, ervaar hulle oorweldigende gevoelens van skuld (op persoonlike en kollektiewe vlak) en (self)verwyt aan die een kant, en aan die ander kant gevoelens van verlies en melancholie. Hulle is mense wie se geskiedenis (helde, verhale, gode, mites) ontmasker en ontluister is. Hulle voorgeslagte en hulleself is deel van die apartheidsideologie. Elke aspek van hulle lewens is verdag en word as verdag behandel binne kontemporêre diskoerse. Hulle taal is verdag gemaak, hulle assosiasies, liedere, gedigte, gebede, kunswerke, musiek. En daarom bevind hulle hulself in die skisofreniese toestand van onhoudbare skuldgevoelens enersyds (verder aangevuur deur die religieuse konteks van Calvinisme waarbinne hulle grootgeword het), en diepgaande gevoelens van verlies andersyds. Skuld oor die onregte wat in hulle naam gepleeg is, en waaraan hulle dus, selfs al sou hulle in sommige

gevalle te jonk wees om werklik aandadig te wees, deel het. Sebald (2001) noem in die verband dat hy, selfs al is hy in 1944 gebore en dus te klein om direk aandadig te wees aan die vergrype van die Tweede Wêreldoorlog, steeds 'n gevoel van skaamte oor die Nazi-verlede van Duitsland het, “[b]ecause this is where I come from. This is my identity. Although I was born ‘late’ and consequently was spared direct responsibility, I naturally feel at the same time that this is where my origins lie” (2001:145). Hier bring hy die konsep van “kollektiewe skuld” ter sprake, ’n konsep wat deurgaans aanwesig is (alhoewel daar nooit direk daarna verwys word nie) in die bundel *Op reis met ’n hond*. Al die figure in die bundel dra skuld, selfs al is sommige van hulle (skynbaar) onbewus daarvan.

Andersyds dra hulle 'n ontoesbare gevoel van verlies met hulle saam. Hulle het grootgeword met die verwagting, die geloof, dat hulle sou voortbestaan, selfs na hulle dood, as 'n identifiseerbare kulturele en nasionale groep. Hulle toekomsverwagtinge as jonger mense het binne die singewende konteks van 'n nasionale identiteit ontwikkel. Milan Kundera spreek hierdie probleem van die verlies aan nasionale identiteit dikwels in sy tekste aan en verwys na dieselfde verwagting: “If someone had told me as a boy, ‘One day you will see your nation vanish from the world,’ I would have considered it nonsense, something I couldn’t possibly imagine. A man knows he is mortal, but he takes it for granted that his nation possesses a kind of eternal life” (2001:91).

Hy bevind hom weliswaar nie in dieselfde situasie as die figure in *Op reis met ’n hond* nie. Sy nasionale (Tseggiese) identiteit sien hy as positief, en hy kan openlik rou oor die verlies daaraan. Daarteenoor het die figure in die bundel ’n problematiese verlede waaruit hulle moet put vir identiteitsvorming. Hulle (vroeëre) positiewe nasionale identiteit blyk toenemend een van die vele (vals) mites te wees waarvan hulle moet afskeid neem. Die bakens wat die pad vanuit die verlede in die toekoms in aan hulle moes uitwys, het om grondige redes verdwyn. Hulle kan dus nie (soos normaalweg verwag) iets positiefs put uit die verlede nie. Vir hulle is die verlede as gewer en skepper

van identiteit soos ‘n gewig, ‘n “swaar klip” (soos een van die figure dit noem) wat hulle daagliks met hulle moet saamdra. En die verlies (en gebrek) aan ‘n singewende verlede het implikasies vir die verdere identiteitsvorming van die figure. Sebald (2003) stel die implikasies van die verlies aan (’n positiewe) geskiedenis op die ontwikkeling van die individu, van identiteit, soos volg deur Jean Améry aan te haal: “Home is the land of one’s childhood and youth. Whoever has lost it remains lost himself” (160-161). Gegewe die aard van die figure in die bundel se verlede, is hulle dus gedoem om haweloos te bly, mense sonder ‘n tuiste. Hulle beweeg in ‘n sirkel van gevoelens van skuld oor die verlede en gevoelens van verlies oor dit wat verby is en waarna nie meer gehunker mag word nie; skuldgevoelens oor die gevoelens van verlies en uiteindelik weer skuld oor die verlede. Hulle word (met enkele uitsonderinge) voorgestel as so vasgevang in hierdie onontkombare sirkelgang, dat redding, ontsnapping daaruit, onmoontlik lyk.

Die reismotief, wat sterk in *Op reis met ’n hond* na vore kom, sluit nou aan by die konfrontasie met ’n problematiese verlede. Alhoewel die figure dikwels op reis gaan, is hierdie reis nie aanduidend van ‘n positiewe handeling nie. Die reis wat hulle onderneem bring geen verryking of verandering mee nie – in teenstelling met die algemene verwagting dat reis die reisiger verryk, tot nuwe insigte bring, met entoesiasme vul vir die lewe. Die reis wat die figure onderneem, is in wese reis in die verlede in. Die geografiese bestemming blyk bykans irrelevant te wees. Telkens word die potensie van hulle geskiedenis geaktiveer deur nietighede in die landskap of omgewing waardeur hulle reis. Trouens, reis word in die bundel voorgestel as bykans outomaties gelyk aan ‘n reis in die verlede in. Sebald (2005) verwys in dié verband na die verteller in Nabokov se roman, *The real life of Sebastian Knight*, wat in antwoord op ‘n vraag oor sy beroep sê dat hy ‘n reisiger is, en dat hy spesifiek in die verlede reis. Die vanselfsprekendheid van hierdie antwoord word bevestig deur die reaksie van die medereisiger (Silberman): “a remark that [he]

instantly understands” (149). Om te reis, is om in die verlede in te reis, ook in *Op reis met 'n hond*.

Die reismotief sluit dus direk aan by die tema van konfrontering met die verlede, met die geskiedenis. Die figure se hede – al die nietige klein fragmente wat die elkedagse lewe uitmaak – is deurspek met motiewe, mense, gebeure uit hulle verlede. In die vertellings verkry die verlede gelyke status met die hede. Die gewoonste gebeure en situasies, handeling, karakters, gedagtes en woorde word ‘n sleutel tot ‘n meer of minder betekenisvolle aspek van die verlede. Telkens word ‘n gordyn weggetrek na die verlede, en die ontblote toneel mag in geïsoleerde gevalle inspirerend en mooi wees, maar is meer dikwels vervalde en selfs ondermynend vir die huidige toestand van die figure.

2.3 Verhaaltegniese aspekte

In die vertellings word daar ook op tegniese vlak gepoog om die spesifieke verhouding tussen hede en verlede uit te druk; ‘n verhouding wat inhoudelik gekenmerk word deur kontemplatiewe afstandelikheid enersyds, en onlosmaaklike deureenvlegting van verlede en hede, bykans osmose, andersyds. Daar word geredeneer dat die keuse van verteltegnieke, wat meer afgestem is op “vertellings” as op die kortverhaal of *short story*, daarop gerig is om ‘n sekere respons by die leser te ontketen. Afstand tussen verhaalgegewe en leser word doelbewus nagestreef omdat geredeneer word dat die leser slegs só ‘n deeglike bestekopname van ‘n problematiese en gekontameneerde verlede sal kan maak.

Die term “vertelling” is meer toepaslik op die verhale as die term “kortverhaal”, of *short story*, soos dit verderaan genoem sal word. Aan laasgenoemde kleef verwagtinge ten opsigte van (sterk) plot, karakters, dramatiese weergawe en treffende en dikwels onverwagse en verrassende eindes wat die perspektief op die voorafgaande kan verander. Botha (1992) verwys na ‘n “fusie van elemente” (soos onder andere karakter, handeling/konflik, ruimte en tyd) om één effek te bewerkstellig by die leser, naamlik ‘n plotselinge geestelike

verheldering wat uit die geskepte vervlietende moment ontstaan (566-567). Ook Van Gorp verwys na die konsentrasie op één gegewe in die *short story*, asook na die abrupte, verrassende en oop slot, en na die maksimale digtheid van betekenis in so 'n verhaal wat bereik word deur die aanwending van dialoog, *flash-backs* en *close-ups* (1986:376). Hierdie kenmerke beïnvloed die effek van die kortverhaal, die respons wat dit by die leser teweegbring. Die draagwydte, die resonans van 'n *short story* is meer beperk as die van 'n vertelling wat nie soseer die rasionele, die bewuste aktiveer nie, maar wat met die leesproses die onderbewuste van die leser betrek (meer hieroor later).

In teenstelling met die *short story* is 'n vertelling 'n eenvoudige narratiewe literêre vorm. Du Plooy (1992) onderskei die vertelling van onder andere die kortverhaal (*short story*) op grond van die lineêre aanbieding en eenvoudiger, lossere struktuur en “natuurlike” aanbiedingswyse (566-567) in eersgenoemde. Hierdie kenmerke, tesame met die oorwegende verledetydsvorm wat in vertellings aangetref word, plaas die leser verder weg van die gebeure, en, so word hier betoog, bring die leser in 'n meer nadenkende (en minder ervarende) posisie ten opsigte van die teks. In sy ondersoek na tydsvergestaltung in die prosa (en hier spesifiek in die verhaal “Swartys” van Hennie Aucamp) dui Wybenga (1983) telkens aan hoe die (gemerkte) verledetydsvorm 'n groter afstand veronderstel tussen die verteller van 'n verhaal, en die gebeure daarin (194-195; 206-207; 234). Ook Brink (1987) verwys na die funksie van die verlede tyd in verband met kontemplering van die verlede: in 'n “retrospektiewe teks” word daar teruggekyk na die verlede, “om dié te evalueer in sy verhouding tot die hede” (94). Hierdie afstand, word in hierdie studie geredeneer, sal ook deur die leser aangevoel en nagevolg word in die leesproses van die vertellings in *Op reis met 'n hond*. En daar word verder geredeneer dat die afstand wat in vertellings, eerder as in *short stories*, geskep word, noodsaaklik is vir die aktivering van die onderbewuste van die leser, wat noodsaaklik is vir die proses van kontemplering (van die verlede), soos vervolgens sal blyk.

‘n Vertelling aktiveer die onderbewuste (waarvan die rol meer uitvoerig uitgelig sal word) deur die gebruik van die verledetydsvorm; deur die skepping van assosiasie-netwerke waarvoor daar dikwels in kortverhale nie tyd of plek is nie; deur “stiller” voort te beweeg, onder andere omdat slegs een stem die handeling en gebeure weergee (teenoor dramatiese dialoogweergawes wat dikwels in die *short story* aangetref word); en deur ‘n sekere passiwiteit by die leser te skep, deurdat die handeling oorvertel en nie voorgestel word nie. Deur hierdie tegnieke word die onderbewuste van die leser by die leesproses betrek. En verhale wat die onderbewuste van die leser kan betrek, sou uiteindelik ‘n langerwerkende impak op die leser kon hê – die leser se eie herinnerings- en assosiasienetwerke word geaktiveer en hy werk met groter en langduriger deelname aan die probleme wat in die vertellings aangespreek word.

Deur die keuse van sekere verteltegnieke in hierdie bundel word probeer om nie alleenlik herinneringe weer te gee nie, maar om ook die herinneringe van die leser wakker te maak. Herinneringe skakel die leser (en die verteller) met die verlede, en dit is uiteindelik een van die belangrikste fasette van die bundel vertellings: om die gekontamineerde verlede op te roep, om op die onontkombare invloed van die verlede op die hede te wys, en om die leser tot nadenke te stem oor sy houding teenoor ‘n problematiese verlede. ‘n *Short story*, wat nie soveel aanspraak maak op die herinneringe van die leser nie, sou nie dieselfde uitwerking hê op ‘n leser as ‘n vertelling met die reeds bespreekte karakteristieke nie. Benjamin (1999) tref in die leesproses ‘n onderskeid tussen ‘n gebeurtenis wat beleef word (deur die direkte en dramatiese aanbieding daarvan) en ‘n herinnerde gebeurtenis. In ‘n bespreking van die rol van herinnering in die werk van Marcel Proust sê hy: “an experienced event is finite ... confined to one sphere of experience; a remembered event is infinite, because it is only a key to everything that happened before it and after it” (198). Daar word in die bundel gepoog om, met die aanwending van tegniek, spesifiek hierdie sleutel te skep.

Ook die tydsgedreweheid wat kenmerkend is van die *short story* word vermy in die bundel. Omdat die kontemplering van tyd – die geskiedenis, die verlede, die hede – so ‘n belangrike rol speel in die vertellings, word daar byna paradoksaal probeer om die sfeer van tyd(elikheid) op te hef. Tyd is meesleurend en dwingend. Susan Sontag meen: “time is the medium of constraint, inadequacy... In time, one is only what one is: what one has always been” (1982:390). Die moontlikheid van nadenke word verhinder deur tydsgebondenheid. Sontag sê voorts: “Time does not give one much leeway: it thrusts us forward from behind, blows us through the narrow funnel of the present into the future” (*ibid.*). En dit is juis wat die vertellings in die bundel nie wil bereik nie. Die verlede is allesoorheersend belangrik, en voordat daar ‘n diepgaande *Auseinandersetzung* (grondige rekenskap) met die verlede plaasgevind het, kan daar nie in die toekoms inbeweeg word nie.

Om met die skryf – en nog meer, met die lees – van prosa die dwingelandy van tydsgebondenheid (soos dikwels in die *short story* aangetref word) te probeer ophef, klink (soos reeds opgemerk) na ‘n teenstrydige poging. Soos die skryfproses, kan die leesproses sigself slegs in tyd voltrek, anders as byvoorbeeld die waarneming van ‘n skildery, wat gekenmerk word deur ‘n sekere gelyktydigheid deurdat verskeie assosiasienetwerke terselfdertyd geaktiveer word in die kyker. ‘n Skrywer soos Sebald is bewus van die belang van die opheffing van tyd in sy vertellings. Hy maak ‘n opmerking oor die dwingende chronologiese tydsaspek wat hy probeer teenwerk in sy prosa. Alhoewel daar in sy werke wel ‘n “pull” is na die einde toe, is daar ook ‘n ander dinamiese aspek aan’t werk, naamlik ‘n visuele aspek. Sebald sê: “A picture, being visual information, can be contemplated, it does not have to be decoded in time. You can just sit and see it, and the ideal reader for me would be a reader who doesn’t read the text but sees it, who lifts it out of the perennial wasting which occurs in time” (2001:156). En dit is wat nagestreef word in hierdie bundel vertellings: om die dwingelandy van tyd te ondermyn. Die gelyktydigheid van assimilering wat plaasvind wanneer tyd opgehef

word, wat ervaar word by die waarneming en kontemplering van visuele kunswerke, word hier doelbewus nagestreef, omdat die inwerking van die verlede op die hede, die onontkombaarheid van die verlede, en die kontemplering van hierdie aspekte van die verlede die hooftema in die bundel vorm.

En die onderbewuste speel 'n belangrike rol in hierdie proses van kontemplering van die verlede en die invloed daarvan op die hede. Sodra die bewuste van die leser te sterk geaktiveer word deur dramatiese weergawes en deur 'n voortdrywende plot wat die rasionele kapasiteite stimuleer, sluit die onderbewuste dig. Die droomwêreld, waar die argetipes en mites floreer, word onaktief. Die kreatiewe deel van die leser, waar hy self deel word van 'n individuele skeppingsproses, word dan nie betrek nie. Talle skrywers filosofer oor hierdie aspek van die leesproses – die betrokke-making van die kreatiwiteit van die leser, deur die spesifieke manier van skryf, deur die verteller se (manipulerings)tegnieke. Zamyatin (1970) stel die moment(e) van kreatiewe werk (skryf én lees) gelyk aan 'n “dreaming state, when the conscious mind is half asleep, while the subconscious and the imagination work with utmost vividness” (163-4). Benjamin bring selfs die voordele van verveling ter sprake in hierdie proses van inwerking op die kreatiewe assosiatiewe vermoëns van die leser. Die meeste lesers sou verkies om nooit verveeld te wees tydens die lees van 'n roman nie, en daarom is plotgedrewe speur- en liefdesverhale so gewild. Benjamin, in teenstelling, beskou verveling bykans as 'n voorvereiste vir die suksesvolle assimilering van 'n verhaal. Met assimilering bedoel hy die mate waartoe die verhaal 'n eie ruimte of plek afkleim in die geheue van die leser, en die mate waartoe dit (die verhaal) geïntegreer word in die ervaringswêreld van die leser. Hierdie proses van assimilering, sê Benjamin, “which takes place in depth, requires a state of relaxation which is becoming rarer and rarer. If sleep is the apogee of physical relaxation, boredom is the apogee of mental relaxation. Boredom is the dream bird that hatches the egg of experience. A rustling in the leaves drives him away” (1999:90). En sterk plot en dramatiese weergawe, kenmerkend van die *short story*,

werk doelbewus verveling teë by generasies lesers vir wie onmiddellike bevrediging en intense opwinding ‘n manier van lewe geword het. In só ‘n negatiewe lig beskou Zamyatin die nuwere (hy skryf hierdie in 1918) behoefte aan plot en aksie by lesers, dat hy sê: “We must keep in mind ... that the reading public is changing. Formerly, it consisted chiefly of intellectuals, many of them capable of enjoying the aesthetic forms of a work, even if these were achieved at the expense of plot. The new reader, more primitive, will unquestionably have a far greater need for interesting plots” (1970:173). Maar in die bundel onder bespreking word daar teruggekeer na ‘n stadiger ritme, ‘n opgawe van plot ten gunste van vertellerstegnieke wat spesifiek daarop ingestem is om die leser in ‘n kontemplerende leesbui te plaas.

2.4 Voorlopige gevolgtrekking

Ten slotte kan opgemerk word dat daar met die bogenoemde bespreking van tema en tegnieke gepoog word om aan te dui waarom die vertellings in die bundel teen ‘n stadige (selfs vervelige) pas voortbeweeg, waarom plot nie ‘n sterk rol speel nie, waarom dialoog skraps is en daar meer gebruik gemaak word van die vertelde vorm, (ook tweedehandse dialoogweergawe, via die verteller), en waarom die verledetydsvorm so dikwels voorkom. Die aard van die temas vereis ‘n spesifieke vorm van vertelling, en daar word in die bundel gestreef om hierdie spesifieke vorm te identifiseer en te ontwikkel.

Die skrywer het as oogmerk ‘n kontemplering van die Afrikaner se verlede, van die verliese wat gely is in die konteks van die verlede en ‘n kontemplering van die gevoelens van skuld wat gepaardgaan met die gevoelens van verlies. Daar word spesifiek só geskryf, en nie anders nie, omdat die skrywer graag die leser op die vlak van die onderbewuste wil betrek, waar die leser kreatiewe medewerker, medebelewer word van die verlede, die herinneringe, die verliese, én die gevoelens van skuld.

Daar word (skrywend) gewerk met die veronderstelling dat die werklikheid slegs vatbaar, kontemplerbaar, is wanneer dit verby is.

Dan kan die intellek en emosies 'n houvas op gebeure begin kry. En daarom is die rol van herinneringe, van die geskiedenis, so belangrik in hierdie vertellings. Slegs deur begrip vir die rol en onontkombaarheid van die verlede te ontwikkel, kan die figure hulleself bevry van die heerskappy van 'n geskiedenis wat so katastrofaal geblyk te wees het in hulle en hulle voorgeslagte se lewens.

In die volgende twee hoofstukke sal die individuele verhale aan die hand van die bogenoemde bespreking ondersoek word, sowel tematies as tegnies.

3 Die onontkombaarheid van die verlede: toepassing op individuele verhale

3.1 Inleiding

Daar sal voorts probeer word om aan te dui hoe die sentrale tema in die bundel, naamlik die onontkombaarheid van die verlede/geskiedenis, die inwerking van die verlede op die vorming van die individu en die houding van die individu jeens sy geskiedenis, in die vertellings neerslag vind. Daar sal ook aandag geskenk word aan die tegniese middele wat aangewend word om hierdie tema, en die motiewe wat die tema vorm, tot uiting te bring. Die vertellings word in die volgorde waarin hulle in die bundel verskyn, bespreek.

3.2 “Madam, you must lie down...”

Die openingsvertelling, “Madam, you must lie down...”, word in die vorm van ‘n triptiek aangebied, drie dele wat naasmekaar staan, bymekaar aansluit en op mekaar reflekteer. Die titel van die vertelling het betrekking op al drie dele, en vorm ‘n bindende motief. In Deel Een word die agtergrond tot die titel geskets: ‘n gewapende rower dwing die verteller grond toe met ‘n pistool teen haar kop, en gebruik die aanspreekvorm, “madam”, wat eggo’s in die apartheids- en koloniale geskiedenis van die figure het. Die aanspreekvorm verkry byna ‘n koggelende element: die rower het totale mag in hierdie situasie, en het kwalik nodig om die slagoffer met die onderdanige aanspreekvorm aan te spreek. Hy sê haar verder aan om te gaan lê (“you must lie down”), voor hom op die grond. Sy gehoorsaam onmiddellik: die enigmatiese “you are going to sleep tonight” (met die konnotasie tussen slaap en doodgaan) plus ‘n pistool teen haar kop is genoeg om samewerking en oorgawe te verseker.

In die drie dele van die vertelling word gespeel met die verskeie konnotasies van die bevel in die titel. Aan die einde van Deel Een gaan lê die verteller op haar bank (sy “lies down”), en luister na ‘n stuk

musiek waarna sy besig was om te luister voor haar ondervinding by die winkel. Die musiek waarna sy luister en voorheen geluister het, is Joseph Haydn se oratorium, *Die Schöpfung*, waarin die skepping van die heelal deur God verbeeld en besing word binne die vroeë-klassieke musikale tradisie. Adam en Eva stap hand aan hand in “reine Harmonie” deur die tuin van Eden, in verrukking oor die skoonheid en volmaaktheid van alles. Hulle besing God en die wêreld wat Hy gemaak het, en wat volmaak en goed in elke opsig is, en wat tot in ewigheid sal duur.

Die musiek is aanduidend van die ideologiese, sosiale en emosionele agtergrond waarbinne die verteller grootgeword het (wat blyk uit inligting wat in Deel Twee van die vertelling gegee word). Maar die insident by die winkel is weer aanduidend van ontnugteringe, onmiddellik en terugwerkend, wat die verteller ervaar (het) ten opsigte van die gewaande wêreld waarin sy haar bevind. Sy het onder andere nou direk ervaar dat mag nie gesetel is in ‘n goedgeunstige, alomteenwoordige en oppermagtige God nie, maar in die mate waartoe ‘n persoon beheer het oor die lewe van ‘n ander persoon. Die “teleurstelling, die verskriklike teleurstelling” waarna verwys word tydens die insident sou kon slaan op die insig dat mag niks anders as dit (beheer oor lewe en dood) behels nie. Die lofliedere op God se wysheid en krag klink skielik hol, waar die verteller op die bank lê en vir die tweede keer dieselfde aand daarna luister. Die heelheid en planmatigheid van (die) skepping blyk uit die gebeure vooraf ‘n mite te wees.

Die titel (“Madam, you must lie down”) word weer opgeroep in die slotparagraaf van Deel Twee van die vertelling. Die verteller sit langs haar bejaarde en sieklike pa se bed. Hulle voer ‘n gesprek – rukkerig en bykans sonder samehang – oor assosiasies (wat hier die enigste bindende middel blyk te wees). Haar pa sê, met ouderdom en siekte het die vreugde aan dinge (soos kos en musiek) verbygegaan, en verwysende na musiek sê hy dat die samehang tussen die note vir hom verlore gegaan het. Die verteller merk ook op dat die pa in sy gesprekke geen bindende, samehangsaanduidende taalvorme meer

gebruik nie (soos voegwoorde of deiktiese vorme). Ook in sy gesprekke lyk dit dus asof samehang verlore gegaan het, en asof assosiasie die sterkste bindende middel gebly het. Hierdie verwysing na verlies aan samehang sluit aan by die verlies aan vertroue in samehang en beheer in die eerste deel. Binne ‘n raamvertelling dwaal die verteller se gedagtes terug na die vorige aand (via die pad van assosiasies), toe haar pa ‘n poskaart van sy pa aan haar oorhandig het. Die situasie rondom die poskaart-oorhandiging dien weer as sleutel tot gebeure in die pa se verlede, wat die verteller onthou: losstaande insidente en vertellings van haar pa aan haar in haar kindertyd. Die herhalende motief in hierdie herinneringe is verganklikheid, die weerloosheid en broosheid van die mens, en die kortstondigheid en vlugtigheid van vreugde.

Die insidente uit die verteller en haar pa se kindertyd het haar historiese bewussyn, en haar intellektuele en sosiale en emosionele ontwikkeling, beïnvloed en gevorm. Die onregte (gewaand en werklik), wat in haar pa emosioneel (en waarskynlik ook fisies – vandaar die onidentifiseerbare en langdurende siektetoestand) ingebrand is, lê egter in die verlede waarheen niemand kan terugkeer nie, en waarvoor geen regstelling moontlik is nie. In ‘n gebaar van oorgawe voor die onmoontlikheid van her-stelling van die verlede (wat groot en permanente wonde op almal laat) gaan lê sy langs haar pa op sy histories swaar gelaaide bed. Die “madam” lê haar neer voor die vormende én brekende krag van die geskiedenis. ‘n Geskiedenis wat uiteindelik nie volgens planne en beginsels van regverdigheid verloop nie, maar wat lukraak en onvoorspelbaar verbande vorm en dan weer ontbind, afbreek, om op arbitrêre wyse elders heen te beweeg. Die geskiedenis werk soos assosiasies – blind, verrassend, met min aandag aan logika en sinvolheid.

In Deel Drie se slotparagraaf word weer eens teruggespeel op die titel, maar hier op hoopvoller manier. Die verteller het aan eie lyf ervaar hoe trauma (soos in Deel Een beskryf) die mites van beheer en mag as positiewe eienskappe van ‘n goedgunstige God ontmasker. In Deel Drie word die effek van die roofinsident op die verteller se lewe

beskryf. Na die insident met die gewapende rower het alle samehang vir haar verlore gegaan uit ‘n verhaal waaraan sy besig was om te werk. Die plot is verlore, die karakters staan in onsamehangende posisies en aktiwiteite bevrore, en sy as beherende, skeppende “mag” agter die verhaal het geloof in samehang, beplanning, singewing en permanensie (wat vir haar ‘n belangrike motiverende faktor vir skepping is) verloor. As deel van haar daaglikse aktiwiteite stap die verteller gereeld op die strand. Op ‘n dag sien sy beelde uit (see)sand gevorm – ‘n eienaardige mengsel van mitologiese, historiese (daar is selfs ‘n Trotski-agtige kop), en kontemporêre verskynsels. Dit is onmoontlik om enige samehangende plan rondom hierdie karakters te bespeur. Daarby is die sandkarakters vlugtig: hulle word binne die hoogwatermerk gebou, en is uitgelewer aan getye, die wind en strandstappers se voete. Die kunstenaars blyk straatkinders te wees, met ‘n klaarblyklik traumatiese geskiedenis (die een kind het brandletsels en ‘n erg verwronge hand). En tog werk hulle, veral die beseerde kind, met konsentrasie en fokus, sonder om enige van die genoemde ondermynende faktore in ag te neem. Hulle bly skep, al staan verganklikheid en totale gebrek aan samehang oor alles geskryf. Uiteindelik gaan lê die verteller op die sand naby die gevormde figure – sy gaan lê in presies dieselfde posisie as wat sy die aand van die roof voor die man met sy pistool gaan lê het: op haar maag, haar arms uitgestrek, haar wang op die sand. Sy raak aan die slaap, en wanneer sy wakker word, is die beletselde kind-kunstenaar besig om die sand oor haar vas te klop. Sy word deel van ‘n ander wêreld, heelal, as waarin sy tot dusver wroegend geleef het.

Op die vlak van verteltegniek in die verhaal is die wisselende gebruik van verlede tyd en teenwoordige tyd opvallend. Deel Een begin in die verlede tyd, en slaan dan, wanneer die gebeure dringend en onmiddellik raak, oor na die teenwoordige tyd. Maar omdat die verteller steeds afwesig voel binne die, vir haar, skokkende gebeure – dissosiasie wat tipies van trauma-ervaring is – word vorme gebruik wat afstand skep tot die gebeure, soos “ek dink”, “ek sien”, “die man sê”, “ek hoor ‘n hoflike stem”, “hulle sê vir ons en vir mekaar”. Bewuste

tegnieke van vertelling word behou, selfs al vind daar tydswisseling plaas. Daar word doelbewus wegbeweeg van 'n te onmiddellike en dramatiese weergawe van die gebeure – afstand op wat gebeur, selfs al is dit skokkend en onder omstandighede pakkend, moet behou word. Die *dictum*, “to be real, reality must be old” word in hierdie vertelling ook op verhaaltegniese vlak gevolg. Dagerman (1988) verwys na die beskrywing van traumatiese gebeure na die Tweede Wêreldoorlog, en wys op die waarde van 'n middellike weergawe van sulke gebeure: “reality does not begin to exist until the historian has put it into its context and then it’s too late to experience it, and vex over it, or weep. To be real, reality must be old” (115).

Die verlede is allesoorheersend in hierdie vertelling. Dit dring in elke aspek van die verteller se daaglikse lewe na vore en is uiteindelik bepalend ten opsigte van haar identiteit as slagoffer, dogter en skeppende persoon.

3.3 “Op reis na Spanje met ’n hond”

Die tweede vertelling in die bundel sluit direk aan by die eerste. Die verteller in “Madam, you must lie down...” het reeds aangedui dat die ontgogelende geweldservaring by die garage se winkel, asook haar pa se langdurende siektetoestand, wat moontlik verband hou met sy eie ervaring van verbokkeling van historiese sekerhede (die samehange het vir hom verlore geraak – die singewing van gebeure in en mites oor die verlede), haar tot die mate ondermyn het dat sy nie kon voortgaan met 'n verhaal waaraan sy gewerk het nie. Ook vir haar is historiese en kontemporêre samehange en sekerhede ondermyn. Sy besluit om op 'n reis te gaan, om aan die “situasie by die huis” te ontsnap. Maar sy merk weldra dat die mens nie aan sy oorsprong, sy geskiedenis kan ontkom nie. 'n Dun draad is deurgaans gespan tussen die verteller in Spanje en die gegewe by die huis, in Suid-Afrika. En die skakel wat haar telkens bewus maak van hierdie verbinding, is honde.

Haar man het 'n besondere groot hond gekoop in reaksie op die gebeure by die garage, alhoewel die verteller geen besondere gevoel

jeens honde, ook jeens hierdie hond, wat haar bewaker moet word, het nie. Sy voel trouens teenoor die hond soos sy meen 'n vrou moet voel oor 'n kind wat uit 'n verkragting verwek is. Hierdie hond, en al die ander honde wat sy teëkom, is vir haar 'n direkte skakel met trauma, met verlies aan sekerheid en veiligheid, met verlies aan geloof in 'n samelewing waar die reg op lewe 'n gegewe is. Soos die grynsende hond met tande wat drup van bloed in die spieël in *Dog Heart* van Breyten Breytenbach die (reeds gestorwe) verteller herinner aan die gewelddadigheid in Suid-Afrika, so herinner bykans elke hond wat die verteller in die Spanje-reisverhaal teëkom, aan die geweld en onsekerhede van haar tuisland en aan haar persoonlike geskiedkundige milieu.

Sy sien 'n Pitbull-terrier aan 'n ketting saam met sy baas stap in die hoofstraat van Madrid. Komende van Suid-Afrika met sy rasobsessies, merk sy dadelik dat die baas van die hond swart is, en dat hy soos 'n gespierde gimnas lyk, en met selfversekering deur die massamense stap. Sy word deur hierdie waarneming ingetrek in die rassewetgewing van Apartheid-Suid-Afrika. Nie te ver in die Suid-Afrikaanse verlede in nie, is swartmense deur wetgewing verbied om op sypaadjies te stap. Sy ervaar onmiddellik skuldgevoelens jeens haar geskiedenis. Deel van die houding jeens die verlede in Suid-Afrika is juis hierdie skuldgevoelens wat oral en onverwags geaktiveer word in die individuele psige. Die verteller dink ook verder daaraan dat Pitbull-terriers in Suid-Afrika bekend is as aggressiewe honde wat mense aanval en selfs verskeur. En dat die slagoffers oorwegend swart is: swart voetgangers, swart tuinwerkers en huisbediendes en hulle kinders, aan wie die honde dikwels bekend is. 'n Onskuldige straattoneel in Madrid trek die verteller dus onmiddellik binne-in die komplekse, skulddeurdrenkte historiese en sosiale gegewe van Suid-Afrika in.

Die geelbruin hondehare wat sy uit haar klere trek (saamgebring in haar tas vanaf Suid-Afrika) ruk haar terug tot 'n ander ontstellende gebeurtenis in haar land van herkoms: 'n verwaarloosde maer geelbruin hond wat uit suikerrietlande oor die pad hardloop, raakgery word en sy

rugstring breek. Iemand, ‘n toevallige motoris, is baie gou op die toneel met ‘n rewolwer, en hy druk die wapen teen die hond se kop en skiet hom. Daar is eerstens die ontstellende gevolgtrekking om te maak dat motoriste, en voetgangers, en huisvrouens, en gesinne met vakansie, en mense in banke, in winkels, in hospitale, in restaurante (die lys is oneindig) met dodelike wapens toegerus is. Die veiligheidsituasie in die tuisland van die verteller het tot die mate verbrokkel: kriminele geweld het as teenpool ‘n obsessie met beveiliging by landsburgers geskep. Daar is oral ‘n verlies aan geloof in persoonlike veiligheid en in die vermoë van die staat om sy burgers te beskerm. Die verteller gooi die hondehare wat sy uit haar klere trek in ‘n koue skag af, soos wat ‘n mens die as van ‘n dooie sal uitstrooi.

Selfs tydens besoeke aan die kunsmuseums, die hoogtepunt van intellektuele en estetiese plesier, word sy gefolter met voorstellings van brutale en primitiewe geweld. Goya se portrette (een of twee waarvan die oë ontbreek) lei haar via ‘n pad van assosiasies na koerantberigte in Suid-Afrika oor honde wat op onteierende plase in Zimbabwe aangetref is, met hulle oë uitgesteek. Sy is trouens met al die skilderye wat sy sien, besonder ingestel op die teenwoordigheid van honde, wat haar altyd weer terugtrek na haar eie situasie toe: haar geskiedenis, haar lewe in Suid-Afrika.

Ook met haar terugkeer na Suid-Afrika blyk dit dat die reis, soos wat die leser, en die verteller self, sou kon verwag, geen oplossing of ontwikkeling of ontknoping of verandering in haar bewerkstellig het nie. Die eerste wat sy sien op pad huis toe terug van die lughawe af, is ‘n grynsende, opgeblase dooie hond langs die pad. ‘n Bykanse parodie van al die honde wat tot dusver oor haar pad gekom het. En terwyl sy nog gru oor hierdie hond, druk haar man haar been en sê dat die groot hond by die huis, haar bewaker, sy “ma” gemis het. Die sirkel is voltooi. Sy is die ma van die hond wat verwek is uit haar eiesoortige verkragting – die verlies van haar maagdelike geloof in heelheid en planmatigheid. Sy is onontkombaar verbonde aan die hond, wat simbool is van so baie in haar geskiedenis (waaruit ook haar eie identiteit gevorm is) wat boos en verwerplik is. Van Wyk Louw se

versreël, “Ek is jou wese se ondergrond/en ek trap in jou spoor soos ‘n goeie hond”, sou hier van toepassing kon wees op die verteller se verhouding tot die honde waarmee sy gekonfronteer is.

Die reismotief staan ook sentraal in die vertelling. In die titel word die verwagting geskep dat dit hier om ‘n reisverhaal gaan (al is dit dan ook saam met ‘n hond). Die handeling van reis wek verwagtinge (by die reisende sowel as by die gehoor aan wie die reise oorvertel word). Eerstens vind ‘n verandering van geografiese plasing plaas, wat dikwels avonture en ontdekkings impliseer. ‘n Leser sou die beskrywing van eksotiese en nuwe ervarings en details kon verwag, en daar is selfs die verwagting dat die reisiger ook as persoon sal verander, ontwikkel, selfs tot wasdom kom. In hierdie verhaal het die verteller (vae) verwagtinge van die reis: sy wil probeer vergeet van die situasie tuis, en sy meen ook dat sy ‘n band het met Spanje: sy het intuïtief met ‘n vorige reis uitgereik na die landskap, die mense, en die kulturele stimulering van die land. Sy het gemeen om dalk iets van ‘n alternatiewe tuiste (al is dit net tydelik) in Spanje te vind. Maar aan selfs hierdie vae verwagtings word nie voldoen nie. Daar word trouens geen verdere gewag daarvan gemaak nie. Haar eie geskiedenis (verlede en hede) staan te dwingend voor oë en word telkens opgeroep deur die aanhoudende teenwoordigheid van honde in haar omgewing. In hierdie vertelling, soos in ‘n paar ander vertellings in die bundel waar reise beskryf word, vind daar geen verandering in die reisiger plaas nie. Die verteller, wat oor die reis berig, keer onveranderd terug. Haar neuroses oor die verlies en gebrek aan veiligheid in SA word onder andere geïllustreer in die droom wat sy het: sy druk ‘n pistool teen ‘n kind se kop en kontempleer die moontlikheid daarvan om die sneller te trek. Sy gaan sit ook teen die einde van die reis in Barcelona by die see, met haar rug gekeer na Europa, en haar gesig na Afrika gewend. Sy dink aan die digter Rilke wat met vertroue die moontlikheid voorsien het dat daar ‘n “innere Constellation” (‘n innerlike samehang, ‘n sinvolle konstruk) uit die verstrooide ervarings tydens sy reis na Egipte sal begin vorm. Die verteller het ook die verwagting dat sy samehang en insig sal ontwikkel tydens die reis, oor

haarself, en oor haar situasie tuis. Maar sy stel dit, teleurgesteld, dat sy nie kan nie. Soos sy weg is uit Suid-Afrika, so keer sy terug. Sy en die situasie tuis het onveranderd gebly. Hierdie was dus 'n reis wat op 'n sirkelpad plaasgevind het. Die begin en die einde sluit bymekaar aan. Die geskiedenis, die verteller se geskiedenis, reis mee, en sal altyd weer opduik, onverwags, ongevraagd, onvermydelik. Dit was daar aan die begin, en is steeds dwingend teenwoordig aan die einde van die reis.

Ook in hierdie stuk prosa word tegnieke aangewend wat kenmerkend van 'n vertellende styl is, en wat stilisties gesproke aansluit by die tipiese reisverhaal: die verledetydsvorm word deurgaans gebruik, en vrye indirekte rede word gehandhaaf waar dialoog weergegee word. Dit gee aanleiding tot die skepping van afstand op die gebeure, en die fasilitering van kontemplering van die gebeure by die leser, wat van hoofbelang is in die verhaaltegniese keuses wat gemaak is.

3.4 “Kaalvoet in die Drakensberge”

Hierdie vertelling stel drie kulture (elk met sy eie geskiedenis) naasmekaar, naamlik die van Katalonië, van die Afrikaners en van die Boesmans. Die Katalaanse kulturele (en nasionale) groep bestaan steeds, en hulle strewe na outonomie en selfs onafhanklikheid van Spanje is welbekend, ook in die kontemporêre geskiedenis. Die Boesmans is in 'n hopelose bestaanstryd gewikkel op politieke, kulturele en geografiese gebied (en bestaan trouens glad nie meer as 'n groep in die Drakensberg-omgewing nie). Die Afrikaner se kultuur en geskiedenis is relatief jonk en broos, en nuwe interpretasies wat aan gebruike en gebeure in die verlede gegee word, skep 'n somber prent van onjuiste mitologisering en ernstige magsvergrype wat die voortbestaan van hierdie groep ondermyn.

Dit is die agtergrond tot die verteller se gedagtegang, waar sy op 'n plein in Barcelona sit. Die hooftema van die onontkombaarheid van die verlede kom ook in hierdie vertelling sterk na vore. Sy lees van die

Katalaanse nasionale held, Lluís Companys, wat met sy kaal voete op die plein waar sy sit, gesterf het. Hy sterf volgens haar interpretasie met vertroue in sy reg op die grond waarop hy staan. Die verteller daarenteen, voel nie dat sy teenoor enige stuk grond ter wêreld die reg op so 'n aanspraak het nie. Haar eie geskiedenis (opgeroep deur die verwysing na Susanna Smit en haar kaalvoet-oor-die-Drakensberge-opmerking) is gekontamineer, en sy voel haar ontuis en soos 'n indringer in haar land van geboorte. Daar is talle verwysings in die teks na haar gevoelens van vervreemding, maar die duidelikste is die herhalende motief van kaal voete. Anders as Companys, wat kan vra om met kaal voete gefusilleer te word, is haar eie voete, asook dié van haar stapgenote in die Drakensberge, sag en wit en klaarblyklik uit plek uit op die harde graspolle en skerp klippe. Haar eie vervreemding ten opsigte van die stuk land waarvoor sy klaarblyklik lief is, word gestel teenoor die (voormalige) tuisheid van die Boesmans in dieselfde omgewing. Hulle het in merkwaardige harmonie (organies geïntegreerd) met die veld geleef. En hulle het nie nodig gehad om skoeisel te dra nie – hulle voete was tot dié mate aangepas by die omgewing dat hulle in winter en somer oor sneeu, klippe en harde graspolle kon beweeg. En soos Companys het hulle ook met hulle kaal voete op die grond waar hulle hoort, gesterf. En selfs nadat hulle grotendeels as groep uitgesterf het, bly daar steeds tekens van hulle oor in die omgewing, onder andere hulle tekeninge, wat in die besonder hulle verweefdheid met die veld illustreer. Daarteenoor laat die groepie stappers, wat weliswaar baie goed ingelig is oor die veld, niks agter nie. Hulle is soos besoekers wat elk op sy/haar eie manier 'n kleim wil afpen op die omgewing, maar wat dan weer vertrek sonder om enige (positiewe) impak te maak daarop.

Die twee temas van skuld en verlies kom ook in hierdie vertelling sterk na vore. Die verteller worstel met die skuld van haar geskiedenis, wat ook haar (eie) skuld is, maar sy ervaar treurigheid (daar is verwysings na haar emosionele toestand op die stadplein) oor die verlies aan 'n moreel regverdigbare geskiedenis van haar “groep”.

Omdat die verlede weer eens die hoofspeler in hierdie vertelling is, word gebruik gemaak van die verledetydsvorm. Beide die raam van die vertelling (die verteller sit op die plein in Barcelona en lees die stuk oor Companys) en die herinnerde staptog in die Drakensberge word in die verlede tyd weergegee. Daar word ook baie gebruik gemaak van uitdrukkings soos “ek het onthou” en “ek het gedink”. Hierdie uitdrukkings skep afstand op wat vertel word, sodat die leser in die proses van kontemplering, eerder as direkte beleving, van die vertelde gebeure in-verlei kan word.

Kontemplering van die verlede, van gevoelens van beide skuld en verlies jeens die onontkombare verlede, kom in hierdie vertelling baie sterk na vore.

3.5 “Trekkerswee”

Die vierde vertelling in die bundel handel weer, soos in gevarieerde vorm in die ander vertellings, oor die invloed van die verlede, die geskiedenis, op die hede in die lewens van drie vroue. Telkens, in hulle alledaagse gesprekke en ervarings, breek fragmente los uit die verhale en mites van hulle geskiedenis, en dring die teenwoordige tyd binne. Daar is reeds in die verband verwys na Bell (2003) wat praat van die indringing (“intrusion”) van die geskiedenis in Suid-Afrikaanse fiksie (63), en wat verwys na die wisselwerking tussen hede en verlede, na die inbreuk wat die verlede op die hede maak, en na die manier waarop die hede weer ‘n konteks bied van waaruit die verlede beskou kan word (71). Hy verwys na die dialoog tussen die “ephemeral here and now” en die verlede, ‘n proses wat hy ook beskryf as ‘n “renegotiating” van die verlede binne die Suid-Afrikaanse konteks (*ibid.*). Daar is ook reeds vroeër verwys na Reckwitz wat die verlede beskryf as ‘n “vast repository” wat soms op vreemde en onthutsende plekke deur die oppervlakte breek en met aanvaarde “waarhede” omtrent onself bots (2004:182).

In “Trekkerswee” kom hierdie aspekte duidelik na vore. Drie vroue gaan op ‘n naweekuitstappie na die Drakensberge. Daar word

reeds in die eerste paragraaf gespeel, in die cliché-agtige gesprekke wat hulle voer, met die idee van “Wanderlust” waarmee die (mitiese) vryheids- en natuurliefhebbende Afrikaner in die letterkunde en populêre liedere sterk identifiseer. Hulle gesprekke word nie in individuele dialoog of direkte rede weergegee nie, maar in ‘n wederkerige indirekte vorm – “ons sê vir mekaar”, “ons merk teenoor mekaar op” – juis om die leser attent te maak op die ondeurdagtheid van die dinge wat hulle oor hulleself en oor hulle kontemporêre lewens in die stad, vir mekaar sê of herhaal. Op die stuk pad na Boesmanskloof (‘n naam wat sinspeel op die historiese gegewe dat Boesmans groot areas in die Drakensbergomgewing eerste bewoon het), pas nadat hulle met die reis begin het, word die gesprekke meer eg, individueel, en kan die leser begin sien op watter manier elke figuur haar eie en hulle kollektiewe verlede en geskiedenis hanteer. Die verteller is die eerste figuur wie se historiese bewussyn geprikkel word deur ‘n toneel langs die pad: die omgewing om Pietermaritzburg laat haar dink aan die dagboek van Eerwaarde Erasmus Smit wat sy onlangs gelees het. In hierdie dagboek word talle Afrikaner-mites rondom die Trek op beskeie manier as vals uitgewys. Dit blyk duidelik uit Smit se inskrywings dat die land waardeur die Trekkers beweeg het, nie onbewoon was en dus oop was vir besetting nie (een van die grondbesettingsmites in die Afrikaner-geskiedenis). Anders ook as die voorstelling van Trekkers as edele en gedissiplineerde vryheidsoekers sonder ‘n land, stel Smit hulle voor as wederstrewig en ongehoorsaam en gierig en selfs vernielsugtig.

‘n Tweede figuur, Antoinette, wil nie graag met hierdie dimensie van haar edel en lydende voorouers (veral die vroue) gekonfronteer word nie. Haar lewe in die stad (waaraan sy wil ontsnap oor die naweek) sluit onder andere ‘n moontlike egskeiding en verhuising in, en sy projekteer al haar emosies van ontredde en vertwyfeling op die vroue en kinders wat tydens die Groot Trek hulle huise en veilighede moes agterlaat en ‘n onbekende en onseker toekoms blindelings moes intrek. Sy vervleg gesprekke oor die lyding van die Trekkers deurgaans met gesprekke oor haar eie onstabiele lewe in die

stad, tot dié mate dat sy die ander twee vroue toenemend irriteer met haar selfgerigtheid. Die trekgeskiedenis, wat sy telkens oproep (‘n baie waardige en gesaniteerde weergawe daarvan, waarskynlik soos sy dit op skool sou leer), het vir haar slegs betekenis tot die mate waartoe haar eie pyne en onsekerhede daarin gereflekteer word. Haar ma se meer onlangse verhuising – ‘n bevrydende handeling vir die ouer vrou wat haar in ’n onderdrukkende, patriargale huwelik bevind het – word ook deur Antoinette gemitologiseer deurdat sy dit in verband bring met die trek van die Israeliete uit Egipte (na vryheid), en die trek van die “Afrikaners” (as hulle toe al as sulks beskryf kon word) uit die Kaap en onder Engelse oorheersing uit (‘n parallel wat deurgaans aan die Trekkers en hulle nageslagte uitgewys is, en voorgehou is as ‘n bewys dat hulle aan God se wil gehoorsaam was). Trek is altyd ‘n handeling van bevryding, sê Antoinette. En sy sinspeel hier sterk op haar eie toekomstige bevryding uit die patriargale stelsel deur ‘n egskeiding en verhuising.

Die verteller het haar eie verhouding tot trek, ook gekleur deur haar historiese en persoonlike verlede. Dit is ‘n minder gemitologiseerde konsep vir haar as vir Antoinette. Haar pa, wat as predikant gereeld (saam met die gesin) moes trek na nuwe gemeentes, het die nuwe plekke altyd voorgehou as beter en mooier as die vorige plekke, en telkens het dit ‘n leuen geblyk te wees. Sy stel haar pa se illusies/mites oor trek teenoor haar ma se sober inskatting van die realiteit: moenie aanpas nie, sê haar ma, die tyd hier is beperk en onvermydelik vervreemdend. Selfs die verteller se trekspel as kind saam met haar broers was gestroop van illusie en fantasie. Hulle “besittings” was karig, die trek sonder vreugde, en die trekleier (die ouer broer) het hulle dikwels versaak.

Die trek van die verteller se ouers na hulle finale bestemming in ‘n aftree-oord lei tot die scenario wat Selma, een van die figure in die vertelling, skets: die Boere-kindere wat in die (Britse) konsentrasiekamp in die ingang van ‘n tent lê, dood en oortrek van miere; die sterwende ma en oorblywende kind op ‘n kampbed dieper in die tent. Selma konstateer hierdie gegewe, sonder om kommentaar te lewer. Vir

die twee ander vroue is dit ‘n skokkende en selfs onwelkome parallel wat hier getrek word met die verteller se pa (na aanleiding van sy ondervinding met miere).

Selma se houding jeens die geskiedenis/verlede is oorwegend sardonies en ondermynend. Sy noem reeds vroeg in die vertelling dat Dingaan groot moeilikheid moes voorsien het toe hy die Trekkers, die “takhare” soos sy hulle later noem, sy gebied sien binnestroom het. Selma raak ook nie betrokke in die gesprekke oor trek tussen Antoinette en die verteller nie, alhoewel dit blyk uit waarnemings van die twee ander figure dat sy duidelik raakpunte het met die rusteloosheid en onvermoë om permanent wortel te skiet wat aan die Trekkers toegeskryf word. Sy trek van gastehuis tot gastehuis (haar eie), breek en bou, en hang altyd ‘n leë houtraam in haar voorkamer, net om na ‘n tydperk weer verder te trek. Dit is ook opvallend dat Selma feitlik net betrokke raak by gesprekke oor die verlede wanneer sy narkotiese hulp (van dagga) kry, byvoorbeeld wanneer sy vertel van haar ouma se porseleinbakkies, wat tydens die eeufeesherdenking van die Groot Trek verkoop is – die taferele daarop (ongewoon baie vir die grootte van die bakkie) wat lyk of dit met droë bloed geskilder is. Selma vertel ook die konsentrasiekampstorie van die miere nadat sy dagga gerook het. Die storie wat egter alle verdere verwysings na trek, na die simboliek van trek, na die tragedie van trek, in ‘n nuwe perspektief plaas, kom ook van Selma. En dit sny tot op die been van die hele geskiedenis van die Trekkers en die Afrikaners (en die ander koloniale en imperiale magte). Die Griekwas se geskiedenis word ook hierby betrek (met al die problematiek daaromheen, met onder andere die parallele apartheidsgeskiedenis wat hulle weer ontwikkel het om as ‘n “volk” te kan bestaan). Selma se grootouers maak een oggend hulle agterdeur oop, en daar staan twee karige waentjies, met die Griekwa-werkers daarop, gereed om te trek. Hulle afskeidswoorde (“Ons het kom groet. Ons gaan trek. Julle het ons land gevat”) ontmasker al die Afrikanermities oor Trek, oor Die Groot Trek, as uniek wit en in opdrag van God, wat ‘n spesiale doel vir sy uitverkore Afrikanervolk hier aan die suidpunt van Afrika gehad het. Wanneer Selma klaar

hierdie verhaal vertel het, gooi sy venynig ‘n klip na die wurmbesmette hond wat hulle bly agtervolg in die veld – die simbool van hulle verlede en geskiedenis.

Hierdie (Griekwa-)verhaal van Selma het ‘n interessante uitwerking op die twee ander vroue. Antoinette lamenteer die negatiewe impak wat so ‘n “meedoënlose” geskiedenis het op haar (generasie se) lewe. Die verteller kla oor die las wat so ‘n geskiedenis op haar plaas: dit is soos ‘n “te swaar klip” wat sy met haar moet saamdra. Maar terwyl hulle nog hulle magtelose verwyte teen hulle verlede uiter – “die ysige wind het die woorde voor ons monde weggewaai” – dring die kontemporêre geskiedenis hom aan hulle op: daar was ‘n inbraak by hulle hut, en alles van waarde is gesteel, ook die droë vuurmaakhout. Hulle besluit op Selma se aandrang om nog die laaste nag in die hut deur te bring en nie terug te ry Durban toe nie. Hulle ervaar die ontberinge van die nag (die koue, geen kos) as ‘n boetedoening. Daar word nie gesê waarvoor nie, maar binne die konteks verwys dit na ‘n boetedoening oor hulle geskiedenis, die geskiedenis wat op siniese en afstandelike wyse deur Selma aan hulle uitgewys is. Maar die boetedoening is kortstondig. Hulle vertrek vroeg die volgende oggend. Hulle gesprekke raak weer oppervlakkiger en “kontemporêr”, dit is gesprekke wat bykans net as fatiese kommunikasie kan deurgaen. In die teks word daar weer oorgeslaan na die “ons-gesprekke”: “het ons opgemerk”, “ons het vir mekaar geglimlag”. Dit was tot ‘n groot mate weer ‘n reis in ‘n sirkel. Alles is soos dit tevore was. Selfs die weer, die warm wind, is dieselfde as met hulle vertrek. Die koue front het nie tot in Durban gekom nie. Die (beperkte) historiese insigte in die kouer en “suiwerder” lug van die berge word uiteindelik ook gereduseer tot die cliché-agtige: die verteller en Antoinette herhaal aan mekaar (via die wederkerige “ons-konstruksie”) die niksseggende selfdefinisie waarmee hulle aan die begin van die naweek vertrek het, “die trekkersbloed vloei darem deur ons are”, terwyl Selma toegeeflik kopknik en geen van haar ondermynende opmerkings maak nie.

Die titel van die vertelling, “Trekkerswee”, sluit aan by die reismotief. Elke geslag het sy eie smartlike ervaring van trek: die voorgeslag van Trekkers, wat die Kaap verlaat het en die binneland ingetrek het (soos Antoinette telkens uitwys), die Griekwas, wat hulle eie trek begin het onder wit oorheersing uit. Daar word ook verwys na die trek van die Israëliete uit Egipte, wat volgens die Afrikanermites ‘n parallel vorm tot die Groot Trek. Ook die ouers van die figure in die vertelling is trekkers: Antoinette se ma trek na haar man se dood; die verteller se ouers trek na ‘n aftree-oord. En die figure in die vertelling het hulle eie trekkerswee: Antoinette wil trek uit ‘n onbevredigende huwelik en huwelikshuis uit, en Selma is ‘n rustelose trekker vir wie huise ‘n Jungiaanse dimensie (as ‘n simbool van die psige) aanneem, en die verteller het ‘n broer wie se trekpad landuit, Australië toe, gelei het.

Die geskiedenis maak in hierdie vertelling meedoënloos inbreuk op die lewens van die figure. Daar is bykans ‘n gevoel van ‘n Nietzscheaanse ewige wederkerigheid van die geskiedenis. Dit breek telkens deur in die huidige lewens van die figure, en hulle ervaar “wee” daaroor: hulle worstel deurgaans met gevoelens van verlies en skuld. Maar hierdie konfrontasie met die geskiedenis verander niks wesenliks aan hulle lewens en karakters nie. Trouens, soos aangedui in die slot van die vertelling, bestaan die gevaar dat ‘n *Auseinandersetzung* met die geskiedenis maklik in die cliché-agtige kan verval.

Ook in hierdie vertelling word die verledetydsvorm deurgaans gehandhaaf (behalwe in die eerste paragraaf), en alle gebeure word ervaar via die verteller se stem. Daar word doelbewus ’n afstand geskep (deur hierdie tegnieke) tussen dit wat die verteller beleef, en dit waaroor sy berig, ’n afstand wat ook nagestreef word tussen die leser en die inhoud van die vertelling. Soos reeds voorheen aangedui, is hierdie afstand van belang by die kontemplering van ’n verlede wat op talle plekke en op problematiserende wyse deurbreek in die hede (van die figure in die vertelling) in.

3.6 “Giftige fontein”

Die meer onlangse Suider-Afrikaanse verlede/geskiedenis maak ‘n inbreuk op die lewens van figure in die volgende vertelling, “Giftige fontein”. En hierdie kontemporêre geskiedenis het duidelike wortels in die apartheids-verlede – die tydperk van die “ou Suid-Afrika”. Die figure sien nie noodwendig self die verband raak nie, en ervaar die huidige geweldsgebeure in isolasie – hulle blindheid, hulle onvermoë om die duidelike lyn tussen “toe” en “nou” waar te neem, dwing die leser om self daardie lyn raak te sien. Soos wat een van die figure in “Trekkerswee” daaroor kla dat die verlede “ons ervarings, ons grootste vreugdes en ons diepste pyne en ontnugteringe minimaliseer, trivialisier, ophief”, kla een van die figure in hierdie vertelling daaroor dat selfs traumatiese gebeure soos moord en verkragting, en tot ‘n mindere mate die gewapende roof op haar dogter, nou geminimaliseer word deur die vlag van geweld wat, volgens haar, ontketen is na die regeringsverandering in 1994. Al wat volgens haar nou nog skokwaarde het, is dat donkies en zebras paar, of dat honde (van wit eienaars) gemartel word op onteierende plase in Zimbabwe.

Die ontmensliking en trivialisering van ervarings binne die konteks van die geskiedenis ontnem ‘n figuur soos die kleinwinkeleienaar, Rut van Aswegen, van haar sekerhede. Op die vooraand van die geskiedkundige eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika in 1994 het sy nog geld bymekaar gemaak vir nagmaalkelkies, wat aanduidend is van die klein geborge gemeenskap waarin sy haar bevind: die land huiwer op die rand van burgeroorlog en rewolusie, en sy loods ‘n fondsinsameling vir nuwe kelkies in die kerk. Sy het klaarblyklik geen idee gehad van die impak wat ‘n nuwe bestel op haar lewe sou hê nie. Sy probeer weliswaar aanpas deur ‘n restaurantjie oop te maak en die toenemende toeristemark te probeer ontgin, maar haar houding word beskryf as ongefokus, onrustig: haar oë flikker deur die winkel, sy loer onrustig om haar rond en oor haar skouer. Haar verhale, wat die verteller onthou uit vroeër jare as onderhoudend en interessant, het nou almal ‘n verwytende en selfs

rassistiese snykant. Sy projekteer gevoelens van wrewel jeens die nuwe bestel en jeens swartmense onder andere op die Indiese sprees (mynas) in haar tuin. Sy gebruik die voornaamwoord “hulle” in verband met die voëls, ‘n voornaamwoord wat in die “ou” Suid-Afrika in gesprekke dikwels sinoniem was met die swart inwoners van die land – ’n anonieme, gepolitiseerde meerderheid: “hulle het nou heeltemal hier oorgeneem”, sê sy van die mynas, en “hulle dra ‘n swam wat vreeslik maklik versprei”, en hulle “het niks van hulle eie nie”, en kan maar net die ander (voëls) na-aap. En in die slotparagraaf trek sy die rassistiese parallel duidelik tussen swartmense en ape deurdat sy, met flappende arms en swetende gesig, die ape onder die boom probeer wegjaag met die Zoeloe-woord, “hamba!” Dit lyk asof die ontmenslikende geweld van die onmiddellike geskiedenis tot die mate inbreuk maak in Rut se lewe dat sy, erger as voorheen, oorval deur al haar nuwe onsekerhede, self ‘n ontmenslikte karikatuur van haar vorige self word: bitter, vol verwyte, rassisties, op ‘n sekere vlak absurd.

Die verteller het ook voor-en-na-ervarings van die dorpie en sy mense. Sy het net voor die verkiesing die dorp verlaat, en bring ‘n vinnige en onbeplande besoek daaraan. Baie dinge lyk nog dieselfde, die dorp lê steeds in ‘n seewaas wat die illusie van rustigheid en welwillendheid skep. Maar die illusie blyk nou nog meer as tevore juis dit te wees. So baie het verander, en dit word veral geïllustreer aan die hand van haar ervarings met Rut.

Sy is eintlik op ‘n reis na ‘n ander dorp waar daar, volgens ‘n familielid, ‘n giftige bruin fontein ontwikkel. ‘n Moontlike oorsaak vir die giftige water is die uitwerking van ‘n ou steenkoolmyn in die omgewing op die onderaardse water, alhoewel Rut later haar eie verklaring het: onderaardse waterbronne in haar dorpie word giftig omdat Vigs-slagoffers oral en ongereguleerd in die veld begrawe word.

Op haar reis ontdek die verteller uiteindelik meer as een bron van vergiftiging. Die vertroebeling in Rut se persoonlikheid word teweeggebring deur enersyds haar (histories gedetermineerde) onvermoë om die nuwe sosiaal-politieke bestel te verstaan (deur met begrip na die verlede te kyk) en te aanvaar, en andersyds deur die

onbeheerbare vlag van geweld en wetteloosheid wat mense soos sy bitter en ontredder laat. Die Rut wat die verteller nou weer ontmoet, is soos ‘n bitter fontein waaruit bruin, giftige water spuit. Die reis gaan voort vir die verteller – sy draai in die pad in om verder noord te gaan. Maar dit is ‘n ontnugterende reis, met ervarings wat die gemoed vergif.

Ook in hierdie vertelling blyk dit dat die verlede orals deurbreek in die hede in, soos die giftige bruin water wat uit die fontein vloei. En daar word in die figuur van Rut van Aswegen gesuggereer wat gebeur as daar nie ’n vrugbare konfrontasie (*Auseinandersetzung*) tussen figure en hulle geskiedenis plaasvind nie. Hierdie is die enigste vertelling waar die teenwoordigetydsvorm feitlik deurgaans gehandhaaf word. Die onmiddellikheid van die onlangse gebeure in die land word daardeur versterk. Maar daar word ook steeds afstand op die gebeure gehandhaaf, deurdadig die verhaal in die vorm van ’n vertelling gegiet is. ’n Verteller is aan die woord, en al die gebeure word ervaar deur die oë en stem van die verteller, wat veroorsaak dat gebeure nie direk ervaar word nie. Selfs al is die onlangse gebeure in die geskiedenis van dwingende belang, is dit steeds moontlik (vir die verteller én die leser) om ‘n kontemplerende afstand daarop te handhaaf.

3.7 “Verliese wat ons ly”

In die volgende vertelling, “Verliese wat ons ly”, word die historiese, sosiale en persoonlike aspekte van twee figure se geskiedenis as relevant en, afhangende van hulle houdings daarteenoor, as bepalend ten opsigte van hulle huidige lewens (en identiteit) beskou. Die hoofkenmerk van hierdie houdings teenoor hulle verlede is dié van verlies, en melancholie in die een geval.

Die verteller en ‘n vriendin, Magriet, reis vanaf Durban na Bloemfontein (waar hulle albei gestudeer het) vir ‘n naweek. Elkeen het haar eie ervaring van verlies – twee uiteenlopende ervarings en verwerkings van verlies, soos uit die vertelling blyk. Magriet se verliese is grootliks psigologies van aard, die verteller se verliese

oorwegend konkreet. Magriet leef tot ‘n groot mate in die toestand van “dimensionless melancholia”, soos Hoffman dit in haar bespreking van – ironies genoeg – kinders van Shoa-slagoffers noem (2004:73). Ironies, omdat die figure in hierdie vertelling, indien enige iets, eerder die kinders van die daders van historiese onreg is, as van die slagoffers van historiese onreg (as die meer onlangse SA geskiedenis in ag geneem word. Daar bestaan wel ‘n argument dat hulle ouers waarskynlik steeds die onreg van die Anglo-Boere-Oorlog sterk aanvoel, en hulleself as slagoffers van ‘n vroeëre historiese onreg beskou). Hoffman tref in haar bespreking ‘n onderskeid, aan die hand van Freud, tussen diegene (sy praat spesifiek van die Joodse generasie ná die Tweede Wêreldoorlog en die Joodse vervolging) wat weet wat hulle verloor het en wat dus ‘n natuurlike proses van rou kan deurgaen en uiteindelik die verlies kan agterlaat, in die sin dat dit nie meer ‘n invloed het op die psigologiese welstand van die betrokke persoon nie. Aan die ander kant is daar diegene wat nie werklik kan bepaal waar die verlies lê nie. Hulle kon dieselfde, of soortgelyke dinge verloor het as die mense in die eersgenoemde geval, maar die definisie van verlies is vir hulle anders. Freud noem in sy bespreking van melancholie die “dinge” wat verloor kan word: “a beloved person or an abstraction taking the place of the person, such as fatherland, freedom, an ideal and so on” (2005:203). Maar waar die eersgenoemde persoon die verlies van die “dinge” uiteindelik kan verwerk, kan die tweede persoon nie ontkom nie aan die verlamme depressie, of melancholie, soos Freud dit noem, en dit word uiteindelik ‘n permanente bestaanstoestand. Hoffman stel dit aan die hand van Freud dat “in order to accomplish the natural process of mourning – to grieve and then move on – you have to know what you have lost. If you do not know what the lost object is, then mourning can turn into a permanent melancholia, or depression” (2004:72).

Magriet, een van die twee hooffigure in “Verliese wat ons ly”, vertel dat sy ‘n “voortdurende gevoel van verlies” ervaar. En sy probeer haar ervaring van verlies koppel aan haar gevoel van vervreemding ten opsigte van haar Afrikaanse leefwêreld as student (in

die verlede). Sy skets haar eie geskiedenis deur die loop van die verhaal, 'n geskiedenis waaraan sy tot nog toe nie kon ontkom nie. Sy het as student so verdiep geraak in die studie van Duits, en haar so ingeleef in 'n Duitse leef- en intellektuele wêreld, dat sy haar verbindings met die onmiddellike sosiale, en belangrik, politieke Suid-Afrikaanse konteks, verloor het. Sy het in 'n "lewensvreemde depressie" verval, waaruit sy, soos dit blyk uit haar vertelling (byvoorbeeld van haar huidige drome) nie kan ontsnap nie. Sy het haar gevoelens van vervreemding op die stad waarin sy gewoon het, Bloemfontein, geprojekteer en kon tot met die huidige reis nog nooit weer daarheen teruggaan nie. Die verteller, in teenstelling met Magriet, het meer konkrete ervarings van verlies. Maar sy het dit (die verliese) oorkom, of sy het 'n praktiese manier om dit te oorkom. Sy mis (toon verlies aan) byvoorbeeld die seisoene in die sub-tropiese stad waar sy haar bevind, maar 'n reis na Bloemfontein kan daarvoor vergoed. Sy het ook nie weggebly van Bloemfontein en die omgewing nie – sy praat van gereelde besoeke nadat sy getrek het. Sy het "normale" studenteherinneringe (haar en Magriet se grappie oor die Winburgse Monument), sy het vriende (tot onlangs nog besoek) wat getrek of geëmigreer het, maar sy stel dit nugter. Sy het haar oupa en die sekuriteit rondom die ou familieplaas (gesimboliseer deur die vrugteboom met die kleinkinders se name) verloor. Ook die geskiedenis, en veral die Afrikaner se geskiedenis, is deel van haar agtergrond (haar oupa het baie daarvan vertel, ook van die botsing tussen Boer en Brit by Magersfontein), maar sy het 'n nugter en nie-sentimentele kyk daarop. Selfs die ouma se (Afrikaanse) taalverlies, 'n meer onlangse verlies, is 'n konkreet beskrewe verlies vir die verteller. Sy wéét wat sy verloor het, sy kan dit rasioneel omvat, ook emosioneel daarop reageer, maar dan kan sy die verlies-gedeelte agterlaat (die verlamende en ondermynende effek wat eindelose rou kan bring), en haar verlede word herinneringe waaruit sy genuanseerde vreugde kan put, en 'n positiewe, kontemporêre identiteit kan vorm. Die reaksie van die twee figure op die amandelboom voor die ouma se herstel-oord is tekenend van hulle verskillende instellings jeens die verlede, en

jeens verliese wat in die verlede gely is: Magriet sê dat die boompie haar herinner aan 'n wit-aangetrekte kind by 'n begrafnis; die verteller sê dat dit haar herinner aan 'n wit-oortrekte bruid.

Daar is 'n moment van tragedie ingebou in die vertelling: Magriet se professor in Duits uit haar studentedae noem (met hierdie besoek) 'n spesifieke skrywer wat haar moontlik uit haar toestand van melancholie sou kon lei, naamlik W.G. Sebald. Hy was 'n skrywer wat by uitstek die pynlike verlede van die Duitse bevolking op sensitiewe en helende wyse oopgeskryf het. Die Duitsers kon, volgens hom, vir ten minste twee generasies geen rou toon oor hulle verliese nie (die bombardering van groot stede, die ongelooflike menseverlies in Duitsland, die hongersnood en armoede na die oorlog, die skeuring van die land), omdat hulle in oorweldigende mate gesien is as die skuldenaars. En nadat hulle hul verliese in stilte probeer verwerk het, het Sebald die digte, maar steeds ontsteekte wonde weer begin oopmaak, deur onder andere te kyk na wat die verliese van die Duitsers en hulle slagoffers behels. Hy is nugter oor verlies. Op 'n vraag oor die aard daarvan, sê hy: "That is what life is about to a very large extent. ... Day by day you leave things behind, ultimately your health, and so loss is perhaps the most common experience that we have. ... It is quite clear to me that many people can identify with this view of life. It is not necessarily a pessimistic one" (2001:163). As Magriet sy werke kon lees, sou sy dalk ook by hierdie punt van nugtere aanvaarding kon kom. Sy het reeds, soos sy dit stel, op die reis dinge begin terugkry wat sy lank gelede verloor het, en sy was optimisties daaroor dat sy selfs nuwe "dinge" bygekry het. Haar professor noem Sebald die noteerder (die dokumenteerder, die beskrywer) van verlies. En hy (Sebald) lei die leser teen die bergpad van herkenning, en erkenning en berusting uit. Maar vir Magriet is die heling nie beskore nie. Op haar terugreis na Zoeloeland het 'n hond oor die pad gehardloop en 'n botsing veroorsaak waarin sy gesterf het. 'n Alledaagse, arbitrêre tragedie veroorsaak deur die alomteenwoordige hond van die bundel. Daar sou bespiegel kon word dat die skrywer van die vertelling implisiete kritiek op Magriet lewer, deurdat sy

uiteindelik, as figuur, vernietig word. Haar houding jeens die geskiedenis (van verliese) lei nêrens heen nie, lei tot niks, lei tot die dood. Die vertelling suggereer dat feite en gebeure in die verlede (in die geskiedenis) altyd teenwoordig, relevant en bepalend bly in mense (die figure hier) se lewens, maar dat houdings jeens die geskiedenis meer beheerbaar en selfs nog meer rigtingaangewend as die geskiedenis self kan wees.

Ook in hierdie vertelling word die verledetydsvorm gehandhaaf, om die dimensie van afstand tussen verteller en gebeure, en by implikasie ook tussen leser en gebeure, so groot as moontlik te maak.

3.8 Voorlopige gevolgtrekking

Die onontkombaarheid van die verlede en daarmeegepaardgaande houdings van verlies en melancholie enersyds en skuld andersyds, vind in talle motiewe in die vertellings uitdrukking. En die verhaaltegniese middele, veral die oorwegende en opvallende gebruik van die verledetydsvorm, asook ander middele wat vertellings (in teenstelling met die *short story*) kenmerk, skep afstand en kontemplering jeens die problematiesgeworde, immer indringende verlede – ’n afstand wat eerstens opval tussen die verteller en dit wat vertel word, maar ook by implikasie tussen die leser en dit wat geles word.

4 Die onontkombaarheid van die verlede: toepassing op individuele verhale (vervolg)

4.1 Inleiding

Die laaste twee verhale in die bundel (een 'n verhaal in briefvorm en een 'n vertelling) sluit wat tema en motiewe betref baie nou aan by die vorige vertellings. Die verlede is allesoorheersend bepalend ten opsigte van die belewing van die hede, en ten opsigte van die figure in die verhale se insigte jeens en ontwikkeling van hulle persoonlike en sosiaal-historiese identiteit.

4.2 “Briewe aan Anton Tsjechov (’n Liefdesverhaal)”

In die verhaal in briefvorm word die verlede, wat so ‘n bepalende invloed het op die figure in die bundel, direk aangebied. Die sluier word weggetrek, en die leser word in die benouende en versmorende agtergrond – histories, politiek-sosiaal, emosioneel, intellektueel – ingetrek. Dit is ook die verhaal waarin die verledetydsvorm nie tot dieselfde mate en met dieselfde geïntendeerde effek (naamlik om afstand te skep) as in die ander vertellings gebruik word nie. Die historiese gebeure word hier aangebied in die woorde van die brieffskrywer, wat die verlede tyd en teenwoordige tyd afwisselend gebruik, afhangende van dit waaroor sy skryf. Maar hier het die verledetydsvorm meer die funksie van aanduiding dat gebeure in die (onlangse) verlede (gister, eergister, ’n week gelede) plaasgevind het. Die skepping van afstand tussen (brief)skrywer en gebeure is in hierdie verhaal nie so primêr soos in die ander vertellings nie. Van primêre belang is hier eerder die konfrontasie tussen die leser se huidige werklikheid en die werklikheid van die brieffskrywer, wat in die laat-sewentigjare afspeel (sy skryf die briewe in 1980). En enkele vrae wat sigself aan die leser in die konfrontasie met daardie dekade en die brieffskrywer se belewing daarvan opdwing, is die volgende: tot watter mate het die figure insig in hulle werklikheid, tot watter mate is hulle

mede-verantwoordelik vir die tipe sosiale sisteem waarbinne hulle leef, tot watter mate moet hulle ook die skuld – die historiese skuld waarvoor hierdie tipe werklikheid ‘n vrugbare teelaarde was – as deel van hulle eie aanvaar?

Soos reeds aangedui, is die Duitse skrywer Sebald deur soortgelyke vrae gekwel, en sy antwoord is dat hy weliswaar nie direkte verantwoordelikheid (kan) ervaar en aanvaar nie (hy is trouens eers in 1944 gebore), maar dat hy tog skaamte voel oor sy verlede, “because this is where I come from. This is my identity. Although I was born ‘late’ and consequently was spared direct responsibility, I naturally feel at the same time that this is where my origins lie” (2001:145). Sommige van die figure in die briefverhaal sou hulleself kon verontskuldig dat hulle, soos Sebald, te laat gebore was om direk verantwoordelik te wees vir baie van die aanvanklike vergrype van die apartheidsisteem, maar daar bly die netelige kwessie van identiteit, en assosiasie. Die wortels van identiteit lê onder andere in die historiese konteks waarin ‘n persoon homself bevind, en die vergrype van ‘n ouer geslag bly deel van ‘n nuwer generasie se geskiedenis, en skuld. En figure in die bundel assosieer ook vrywilliglik met die mense wat wel direk betrokke sou kon wees by die ontwikkeling van ‘n allesomvattende ideologiese sisteem soos apartheid. Dit is hulle ouers, hulle familielede, hulle vriende. En hulle sal ook deur buitestaanders geassosieer word met die vorige “besoedelde” generasies, die Afrikanermense. Dit is op hierdie vlak waar hulle skuld onder andere lê, op die vlak van kollektiewe skuld.

Nog ‘n Duitse skrywer pak die vraag van (sosiale) sisteme en skuld aan, alhoewel hy meer algemeen en kontemporêr bespiegel, en nie direk verwys na die Duitsers se Nasionaalsosialistiese verlede nie. Volgens Genazino (2001) bevind mense hulle oraloor in sisteme wat inherent skuld dra of blaamwaardig is; en langamerhand en onvermydelik neem diegene, wat binne hierdie sisteme leef, hierdie skuld oor. In sy roman, *Ein Regenschirm für diesen Tag*, stel die verteller die volgende as feit: “wir alle leben in Ordnungen, die wir nicht erfunden haben, wir können nichts für diese Ordnungen, sie

befremden uns. Sie befremden uns deswegen, weil wir merken, dass wir mit der Zeit die Schuld dieser Ordnungen übernehmen. ... Ich meine die gewöhnliche Schuld der Systeme, die langsam in uns einwandert, indem wir schuldlos in diesen Ordnungen zu leben meinen” (2001:103). [Ons leef almal in sisteme wat ons nie uitgedink het nie, waarvoor ons nie verantwoordelikheid kan aanvaar nie, wat ons trouens vervreem. Hulle vervreem ons omdat ons merk dat ons langamerhand die skuld wat aan hierdie sisteme kleef, oorneem. ... Ek verwys na die inherente skuld van sisteme, wat langzaam in ons insypel, terwyl ons meen dat ons sonder skuld in hierdie sisteme leef].

In die Tsjechov-verhaal word die leser gekonfronteer met die volgende vraag: binne watter sisteem bevind die briëfskrywer haarself, en tot watter mate sal sy verantwoordelikheid moet aanvaar vir die verskillende vorme van skuld wat binne hierdie sisteem gegenereer word en ook deur haar, in haar moontlike “onskuld”, bedryf word? Een van die figure na wie sy verwys, die afstootlike Herr Fried, sinspeel sterk op die konsep van kollektiewe skuld: hy wys met sy vinger na die studente en voorspel dat hulle nog eendag met hulle verlede gekonfronteer sal word, soos die Duitsers met hulle verlede na die Tweede Wêreldoorlog. Dit sal insiggewend wees om die konsep “sisteem” van naderby te bekyk. Die term verwys in die bespreking van die Tsjechov-verhaal, in navolging van Genazino se gebruik daarvan, na die sosiale, politiese en historiese sisteem waarbinne die briëfskrywer haar in die jaar 1980 bevind – die sosiaal-politieke sisteem wat uiteindelik deel vorm van die geskiedenis, en dus die identiteitsvorming van die meeste figure in die bundel.

Die beskrywing van en perspektief op hierdie sisteem is die van ‘n jong nagraadse student, wat grootgeword het binne die strukture waarbinne sy haar tot nog toe bevind. Wat onmiddellik opval omtrent haar bestaan – en sy het genoeg insig om dit self te besef – is haar geïsoleerdheid op alle vlakke. (Sy skryf juis aan die gestorwe Tsjechov omdat hy meer werklik en nader aan haar voel as enige van die – lewende – persone met wie sy kontak het). Sy is ruimtelik geïsoleerd. Sy leef hermeties verseël in die werklikheidsvreemde lug van ‘n

pastorie. Ook die ander ruimtes waarin sy beweeg, is afgesonder: die lesinglokaal, die universiteitsbiblioteek en die studiehokkie, die kerk op Sondag. Sy bevind haar in 'n benouende stad waar haar ideale doodbrand in die somer en dood-ys in die winter. Daar is ook 'n verwysing na haar kinderjare in 'n ewe beperkte omgewing, 'n klein dorpie. Sy is geïsoleerd wat haar sosiale kontak betref. Haar ouers, die predikant en die pastoriemoeder, en die teologiese student wat prakties doen by haar pa, is die enigste mense in haar onmiddellike omgewing. Dan is daar die universiteitsdosente en drie mede-studente. Eenmaal besoek 'n veraf familielid die pastoriegesin, en eenmaal is daar 'n ontwrigtende besoek deur vier swart studente. Verder is daar verwysings na die mense in die kerk op Sondag, die meisie langsaan, en enkele ander randfigure.

Haar kulturele en intellektuele wêreld is nie heeltemal beperk nie, maar wel eensydig beïnvloed deur ortodokse godsdiensinhoud en Wes-Europese, veral Duitse, denke en filosofieë. Sy bevind haar daaglik in 'n atmosfeer belaaï met religieuse (Christelik-Calvinistiese) gesprekke tuis. Sy lees oorwegend (in samehang met haar studie van die Duitse letterkunde) pessimistiese kultuurfilosowe en skrywers soos Schopenhauer, Nietzsche en Thomas Mann. Wat musiek betref, verwys sy na Westerse musiek: Bach, Mozart en koormusiek uit afgeleë Nederlandse gebiede.

Die ideologiese inhoud van hierdie gesketste geïsoleerde leefwyse vind by uitstek uitdrukking in die taalgebruik van die verskillende figure in die verhaal. Taal word hier voorgehou as dié voorbeeld van 'n sisteem waarbinne ons leef. Die briëfskrywer is "vasgevang" in die taal waarin sy grootgemaak is en grootgeword het, en sy kan nie ontkom nie aan die religieuse en politieke-konserwatiewe diskoers wat in haar (beperkte) sosiale kontak met andere gehandhaaf word. In die verhaal word die subtiele en onwillekeurige wyse waarop 'n spreker van 'n spesifieke taal ook die skuld van die linguïstiese sisteem oorneem, geïllustreer – "die Schuld der Systeme" waarna Genazino verwys (2001:103).

Veral die predikant en die studente-prediker se taalgebruik is aanduidend van die religieuse diskoers wat so ‘n sterk invloed op die identiteitsvorming van die Afrikaner gehad het. Die Christelik-Calvinistiese idioom reguleer en beheer eerstens die religieuse gedagte-wêreld en morele gedrag van die sprekers. Daar is talle voorbeelde van die pa se gesprekvoeringe, deurtrek van begrippe soos “opdrag van God”, “die mens se nietigheid en onwaardigheid voor die eise van God”, “God se Woord en Sy kinders”, “instrumente in die hande van Satan”, ensovoorts. Die studenteprediker word bykans ‘n karikatuur – ‘n parodie-agtige naper – van hierdie diskoers. Hy bid vir “die gebroekenes van hart”, “die wat nou treur”, “diegene vir wie God se paaie en weë duister is”, “die wat in die duisternis soek en dwaal”. Ook sy gesprekke oor die liefde (volgens hom ‘n opdrag van God, wat slegs deur ‘n praktiese opofferingsdaad geopenbaar kan word) is deurspek van geykte, leeggeworde frases. Dit is nie toevallig dat die briëfskrywer verwys na die ongelooflike hoeveelhede spreekwoorde in die Duitse taal nie – ‘n Germaanse taal, soos Afrikaans, en in baie opsigte as voorbeeldelik en navolgenswaardig beskou in die tydperk van die bewuste ontwikkeling van Afrikaans as beskaafde kultuurtaal. Met idioome word die oorgeleerde en geykte wysheid van ‘n taalgemeenskap vasgevang in kort en kragtige spreuke. Die briëfskrywer herinner haar die lyste Duitse spreekwoorde wat hulle as skoolkinders uit hulle koppe moes leer. Die religieuse taalgebruik van beide die vader en die studenteprediker herinner aan die geyktheid van die lyste spreekwoorde wat sy as skoolkind moes leer.

Die mag van die bogenoemde diskoers bly nie beperk tot die religieuse sfere van die figure se bestaan nie. Die pa sien byvoorbeeld sy hele lewe in terme van hierdie “taal”. Hy beskryf onder andere sy loopbaankeuse binne die religieuse diskoers: hy bevind hom in ‘n amp, “waarteen hy hom wou verset, maar waarin God hom teen sy wil en natuur in ingedwing het”. Sy verhouding tot die mense om hom word in terme van hierdie diskoers beskryf of uitgedruk. Selfs die huweliksverhouding word deur hierdeur gerig. In sy argumentvoering met sy vrou sê hy dat haar primêre “roeping” (deur God) is om hom te

ondersteun en as hulp by te staan in sý amp, en dat sy (weens haar minagting van hierdie roeping) haar gewete voor God sal moet ondersoek en haar skuld voor Hom moet bely. Ook die studenteprediker word deur hom bestraf oor ‘n nietige linguistiese navraag – hy hou hom volgens die pa besig met heidense godsdienste en afgodedienary. Lastige kerkgangers en kinders word beskou as “instrumente in die hande van Satan”. Sy politieke oortuigings word ook in terme van godsdiens geformuleer: die swart studente kan nie in die huis ingenooi word nie, want (soos die ma – onder die invloed van haar man – sê) ‘n “mens kan nie ‘n presedent skep nie”. Die pa sê ook later, verwysende na die rasse-insident van die middag, dat daar “norme en riglyne in ons gemeenskap moet wees, en dat slegs liefde en wedersydse respek die hardheid van die lewe kan versag”. (Binne die politieke klimaat van die tydperk waarin die briewe geskryf word, is hierdie opmerking baie beperk en werklikheidsvreemd – ‘n ontduiking van die ware aard van rasseverhoudinge op daardie tydstip). Selfs die tuin van die predikant moet – volgens die briefskrywer – suiwer en moreel volgens die opdragte van God en die wette van die natuur (ook deur God gegee) georden word.

Ook die predikant se vrou ontsnap nie aan die ideologiese lading van die diskoers waarin sy haar bevind nie. Sy blyk ‘n minder emosionele en meer pragmatiese persoon te wees as haar eggenoot, maar sy verset haar nooit teen die “eise” aan haar opgelê binne hierdie diskoers nie, en haar pedantiese godsdiensbeoefening (die huisgodsdienste) getuig van volledige aanvaarding van die bestaande (ook talige) orde en inhoude.

Die briefskrywer kan alleenlik deur die taal – haar moedertaal – kommunikeer. En ook sy kan nie ontsnap aan die geïmpliseerde ideologiese inhoude soos hulle vasgelê is in die linguistiese strukture waarvan sy haar moet bedien nie. Haar idiolek is deurspek van die godsdienstige en konserwatiewe (sosiaal-politiese) inhoude van haar omgewing. Maar daar is ook distansiëring ten opsigte van hierdie inhoude te bespeur. Sy parodieer die student se taalgebruik: deur die oordrewe korrekte weergawe van sy gesprekke oor onder andere die

liefde en oor die sondeval; en deur haar openlike afkeur jeens en bespotlikmaking van sy voorkoms en persoonlikheid. Sy haal dikwels argumente wat deur haar pa gebruik is, hiperkorrek aan (al die gelaaide religieuse terme), maar staan deurgaans krities teenoor die inhoude daarvan. Haar oorweldigende gevoelens van vervreemding is uiteraard ook talig van aard. Sy toon insig in die leegheid van die frases waarmee sy daaglik gekonfronteer word: trouens, al haar weergawes van gesprekke wek die vermoede dat sy besig is om die mense om haar te parodieer. Sy toon insig in die beperkinge van die diskoers, en die (sluipende) mag en manipulering eie aan die diskoers. Sy merk op (na aanleiding van haar pa se “politieke” uitspraak oor die swart studente se besoek) dat die huis waarin sy bly vol granietblokke is, en dat sy, as sy daaraan probeer skuif, niks vermag nie. En sy het insig in die aandeel wat haar sosiale geïsoleerdheid het ten opsigte van politieke aksie (hier voorgestel deur die skuif van granietblokke). Daar is sprake by haar van die walging, die “veritable torment” waarvan Sebald praat, oor die gemeenskap waarin sy haar bevind, waarvan sy deel is. Sebald beskryf hoe hy een aand in ‘n gastehuis lê en luister na die gesprekke van mense uit sy landstreek en sy tuisdorp. “How I wished”, sê hy, na aanleiding van hulle aksent en taalgebruik, “during those sleepless hours that I belonged to a different nation, or, better still, to none at all” (1999:93-4). Die briëfskrywer aan Tsjechov vertoon ook dikwels ‘n hulpelose irritasie jeens haar gespreksgenote en (talige) omstandighede.

Dit is ironies dat die taal van die bogenoemde “different nation” waaraan die briëfskrywer wel blootgestel word, en wat aan haar ‘n ontvlugting bied uit haar eie (taal)gemeenskap, Duits is (waaraan Sebald weer op sy beurt wou ontvlug). Haar kennismaking met Duits (reeds vroeg in die hoërskool) en toenemende inlewing in die Duitse denk- en ervarings-wêreld dra buitengewoon baie by tot haar distansiëring en vervreemding van haar Suid-Afrikaanse realiteit. Die werklikheidsvreemde sosiaal-politiese en kulturele pessimisme (die allesomvattende melancholie waarna sy verwys) van die Duitse

skrywers en filosowe met wie sy oorwegend te doene kry, trek haar nog verder uit haar eie sosiale en politieke werklikheid.

Maar dit is ook haar gemoeidheid met Duits wat sade plant tot (innerlike) verandering by haar – alhoewel die briefskrywer binne die “bepervinge” van hierdie verhaal maar slegs klein aanduidings gee dat sy in die toekoms aan haar ideologiese vasgevangenheid kan ontsnap. Wat wel uit die bundel as ‘n geheel blyk, is dat die meeste van die figure presies worstel (twintig jaar en meer later as toe die brief geskryf is) met die aspekte wat sy in kiemvorm in die Tsjechov-verhaal as problematies aangevoel het.

Die vervreemding wat sy jeens haar huislike en sosiale omstandighede voel en wat, soos reeds aangedui, nie in klein mate toegeskryf kan word aan haar inlewing in die Duitse literatuur nie, behoort nie net as negatief beskou te word nie. Vervreemding is die eerste stap na kritiese afstand, en kritiese afstand kan ‘n stap wees in die rigting van positiewe verandering, ook op sosiaal-politieke vlak. Die briefskrywer se eerste pynlike ervaring van vervreemding kan sy terugherlei tot haar eerste kennismaking met ‘n Duitse gedig – “Erlkönig” van Johann Wolfgang von Goethe. Sy herroep die enorme kontras tussen haar eie omstandighede in die klaskamer in ‘n Vrystaatse dorpie, teenoor die beelde wat in die gedig opgetower word, en sy is bewus van die innerlike skeuring wat reeds daar begin (sy praat van die “ontsettende pyn” wat sy ervaar het in die klaskamer). Die Duitslandreis wat sy later as student meemaak, stel haar op onverwagse wyse ook bloot aan ‘n ander probleem van vervreemding wat nog vir haar voorlê: sy gaan na ‘n dokumentêre uitstalling oor die Lodz-ghetto in Pole, en wat sy daar sien, stel haar direk en onsettingsvol voor haar (oorgelewerde) godsbegrip. Sy skryf na haar terugkeer van die reis dat hierdie probleem, naamlik die konfrontasie met godsdienst, ‘n “verskriklike probleem” gaan word waarvoor sy nie opgewasse voel nie. Ook hier lê die eerste aanduidings van vervreemding en botsing met ideologiese (religieuse) inhoud, teweeggebring deur haar verbinding met Duits. En laastens word sy in een van haar lesings blootgestel aan die term “kollektiewe skuld”, deur

‘n dosent wat voorspel dat sy en haar medestudente (as verteenwoordigers van ‘n groter groep: “julle”) nog gekonfronteer sal word met hierdie aspek van skuld. ‘n Voorspelling wat, soos dit uit die ander vertellings in die bundel blyk, waar word.

Uiteindelik ervaar die briefskrywer nie alleenlik vervreemding jeens haar eie kultuur deur haar gemoeidheid met Duits nie – sy word ook bewus van ‘n vervreemding tussen haar en haar Duitse ervaringswêreld. Sy verneem met verbasing dat sy (en haar medestudente) in Duitsland beskou word as studente van Duits as ‘n “Fremdsprache”. En hulle word blootgestel aan patroniserende en infantiliserende taalprogramme vir studente van hulle vlak. Effens vroeër in die verhaal kyk sy met toenemende vervreemding na die dosent uit Switserland – hulle studente kan hom bykans nie verstaan wanneer hy Duits praat nie, hulle kan trouens nie eens onderskei of hy Middelhoogduits of (kontemporêre) Standaardduits praat nie. Hy vorm sy klanke in ‘n “oerslymmengsel”, ‘n term wat aandui hoe ver verwyder – temporaal en geografies – sy haarself van hom voel.

Dit blyk ook in hierdie verhaal dat die briefskrywer besonder goed toegerus is om met die verskillende nuanses van skuld te worstel. Sy het reeds ‘n oordrewe konsep van persoonlike skuld – teweeggebring deur haar daaglikse blootstelling aan die Christelik-Calvinistiese dogmas van skuld en sonde. Sy praat gereeld van die onnoembare groot skuld wat sy het, en sy worstel met die moontlikheid van verlossing van hierdie skuld. Dit blyk dat skuld hier vir haar nog ‘n vae, ongedefinieerde konsep is: sy is in skuld ontvang en gebore (volgens die kerkgeskrifte), sy het skuld waarvoor sy strafbaar is en waarvoor sy gereeld om vergiffenis moet bid, maar sy weet nie werklik wat die skuld behels nie. Sy “krap” soms in haar gewete rond, en kan niks vind waarvoor sy aanspreeklik gehou kan word nie. Sy is hiperbewus van en geskool in die nuanses van religieuse en psigiese skuld, maar toon onverskoonbare naïwiteit wat praktiese skuld – sosiaal, polities – betref. Die vraag doen uit die verhaal aan of dit dalk een van die beoogde uitwerkings van die Christelike konserwatiewe kerklike dogmas is: dat die lede van daardie kerke naamlik so verlam

word deur hulle gerigtheid op hulle oerskuld, en deur hulle daaglikse wroegings om te verseker dat hulle nie vir ewig in die hel sal brand nie, dat hulle onbevoeg en te bang is om skuld op 'n praktiese vlak te identifiseer. Terwyl Suid-Afrika gebrand het in die vorige dekades, het die brieffskrywer en die mense om haar geworstel met hulle vrese vir ewige straf oor hulle enorme skuld (oorgeërf van Adam en Eva) voor God.

Die brieffskrywer koppel haar skuld onder andere aan die boom voor haar venster – die uitheemse boom, wat op grond van sy “vreemdheid”, volgens haar pa en die wette van God en die natuur, uitgekap (gestraf) moet word. Wanneer sy verslae voel weens haar worsteling met haar sondeskuld, kyk sy na die boom, omdat dit iets van haar sonde en skuld verstaan wat syself nie verstaan nie. En dit is uiteindelik een van die kernpunte van haar (liefdes)projeksie op Anton Tsjechov. Alhoewel sy op talle verskillende maniere met hom identifiseer, haar eie gevoelens en ervarings op hom projekteer, is die boom-skuld-Tsjechov-verband binne die raamwerk van die bespreking oor skuld en die verlede hier die relevante een. Bykans elke persoonlike ervaring wat sy beskryf, is herleibaar tot handeling van Tsjechov wat sy uit haar leeswerk opgetel het: sy liefde vir tuine, sy siektesimptome, sy siening en beskrywing van karakters, sy liefde vir koormusiek, sy gerigtheid op liefde as ‘n “moontlike redding”, sy insig in die sinloosheid van so baie lewensaspekte, sy groot woede oor die lewe, sy insig in die feilbaarheid van liefde en sy gevolglike gerigtheid op harde werk as die enigste alternatief. Sy het ongetwyfeld ook *Die Kersieboord* gelees (daar is heelwat raakpunte tussen die drama en die ervaringe van die brieffskrywer), en daarin word die verband tussen bome, die kersiebome wat soveel simboliseer in die drama, en wat uiteindelik afgekap word, en skuld (ook politieke en sosiale) duidelik uitgespel. Trofimof, die besoekende student, sê aan Anya oor die bome en hulle verband met (ook) haar skuld:

Just think, Anya: your grandfather, your great-grandfather and all your ancestors were serf-owners who owned living souls, and those human beings must surely be looking at you from every

cherry-tree in the orchard, from every leaf, from every trunk, don't you hear their voices ... The ownership of living souls has formed all of you, those who lived before and those who are living now, so that your mother, you, your uncle, no longer notice that you are living in debt, at others' expense, at the expense of those people whom you don't let further than your front hall ... We've got at least two hundred years behind, we have nothing at all yet, no defined relationship to the past, we only talk philosophy, complain of boredom or drink vodka. It's so very clear that to begin to live in the present we must first redeem our past, finish with it, and we can redeem it only by suffering, only by exceptional, ceaseless labour. Understand that, Anya" (Chekhov, 2002:316).

Sonder om te beseef het waarom, was die briëfskrywer se aanvoeling omtrent die populierboom dus korrek: die boom hét meer van haar skuld en sonde verstaan as syself. Bome in Tsjechov se drama, en in die briëfverhaal, staan in direkte verband tot die geskiedenis van die betrokke figure. 'n Geskiedenis wat skuldbelaaid is, en waarteenoor die figure (in die Tsjechov-drama en in die briëfverhaal) problematiese houdings openbaar.

Ten slotte is dit interessant dat die subtitel van die verhaal aandui dat dit 'n liefdesverhaal is. Elke briëf drup van die skrywer se worstelinge met skuld, in al die fasette van die term, en daar is baie min uitings van die spesiale toegeneentheid wat die briëfskrywer jeens Tsjechov voel. Dit is aanduidend van die geïsoleerdheid van die briëfskrywer – selfs haar klein en onbeholpe gewaarwordinge oor haar moontlike politiese skuld (onder andere) kan sy nie met die persone met wie sy haar lewe deel, bespreek nie. Die afstand na hulle is groter as die afstand na 'n skrywer wat aan die begin van die twintigste eeu in Rusland gewoon het. Hierdie isolasie van die briëfskrywer hou direk verband met die vraag wat vroeër gestel is: tot watter mate dra die figure in die verhaal skuld, persoonlik, histories, kollektief, vir die uiteindelijke katastrofe wat die sisteem van apartheid geword het? Kan

ruimtelike en geestelike isolasie (soos voorgestel in die “Briewe aan Tsjechov”) gereken word as versagtende omstandighede? Die tema van die onontkombaarheid van die verlede sluit ten nouste aan by die aspek van skuld, wat so sentraal staan in die verhaal. Deurdadig word die leser gekonfronteer met die skuldvrae rondom die figure in die verhaal, word hy by implikasie ook met sy eie aandadigheid en skuld ten opsigte van die sisteem waarbinne hy hom bevind (het) gekonfronteer.

4.3 “Skemeraand op ’n boereplaas (oftewel Götterdämmerung op Gebedsfontein)”

Die verlede breek weer eens deur na die hede in die slotverhaal van die bundel, en hier kom die motiewe van ontgogeling en verlies en ’n deurgaanse bewustheid van ondergang ten opsigte van die mites van die verlede, die geskiedenis, baie sterk na vore. Reeds in die titel word gesinspeel op hierdie motiewe. “Skemeraand op ’n Boereplaas” is die titel van ’n opstel wat deur die verteller se pa geskryf is tydens die depressiejare (die dertigjare) van die twintigste eeu. ’n Soet, landelike idille word geskep in die opstel van die aktiwiteite en verhoudings op ’n plaas tydens skemertyd, en die verteller bereken dat die pa ten tyde van die skryf daarvan reeds langer as twee jaar nie meer op die plaas geleef het nie, omdat die droogte en depressie sy ouers finansiëel geknak het. Die idee van ’n “boereplaas” (in die opstel) met al die landelike mites daaromheen gewef, is dus meer ’n eskapistiese waanbeeld as ’n werklikheid. Alhoewel die pa dit nie so bedoel het nie, verwys “skemer” in die titel eerder na die laaste gedeelte van die dag voor die (simboliese) nag toeslaan, as na ’n romantiese afsluiting van edele werksaamhede (“arbeid adel”) op ’n florerende, harmonieuse plaas. Die tweede gedeelte van die titel versterk die ondergangsmotief. “Götterdämmerung” roep onder andere die gelyknamige opera (die vierde en finale in die *Ring* se “Nibelungen”-siklus) van Richard Wagner op. “Dämmerung” verwys na die halfskemerte tussen sonsondergang en die opkoms van nagemelliggame. In die samestelling met “Götter” (die meervoud van god/God) verwys dit na

die ondergang van die gode, of mites, waaroor die opera van Wagner handel. Friedrich Nietzsche het op hierdie titel gesinspeel toe hy een van sy laaste geskrifte “*Götzen-Dämmerung*” genoem het. “Götzen” verwys (in die meervoud) na wesens of beelde wat as gode aanbid word, na afgode, valse gode, en die Engelse vertaling van Nietzsche se werk lui dus, “*Twilight of the Idols*”. Die plaas waar die verhaal-gebeure afspeel, word “Gebedsfontein” genoem, wat op die verknoping van godsdiens en landspoliteik in die Afrikaner se geskiedenis sinspeel. Die twee dele van die verhaaltitel staan deurgaans in wisselwerking met mekaar tydens die ontvouing van die gebeure op Gebedsfontein.

Drie figure onderneem ‘n reis na die plaas vir die begrafnis van ‘n veraf familielid van een van hulle. Die twee vroulike figure (die verteller en Ulrike, ‘n vriendin) het ervaring van ‘n “boereplaas” – ‘n gelaaide term, want dit roep “weerklanke, oeremosies, beelde uit ‘n kollektiewe onderbewuste” op. Nie alleenlik was hulle reeds in hulle vroeër jare op plase nie, maar hulle is ook beïnvloed in hulle ervarings deur die literatuur oor “boereplase” – die pa se opstel staan in vir ‘n hele geslag Afrikaanse romanskrywers wat tot meerdere of mindere mate die plaas-/grondmitemp help vorm het. Die derde reisiger het ‘n gemengde Afrikaans-Engelse agtergrond en het nog nooit kennisgemaak met die werklikheid van ‘n “boereplaas” nie.

Die drie figure se historiese en kontemporêre ervarings is tekenend van ‘n geslag mense se ervarings van die politieke veranderinge in die “nuwe” Suid-Afrika. Ulrike bevind haar reeds vir die afgelope agt jaar in die buiteland, en haar onvermoë om op die paaie in Suid-Afrika te bestuur, is aanduidend van haar vervreemding ten opsigte van die land. Dit is haar familielid wat begrawe word, en sy verwag dat die plaas binnekort verkoop sal word weens finansiële druk, en dat dit haar finale besoek aan die plaas sal wees. Die verteller is ook vervreem van die plaasmilieu (sy was baie lank gelede op ‘n plaas). Jak, die derde figuur, is ‘n totale buitestaander wat “boereplase” betref. Hy lewer deurgaans kommentaar op die vreemdheid, die *otherness* van die “boereplaas”.

Die drie figure se reaksies op gebeure, mense en diere op die plaas is belangrik. Reeds hulle aankoms op die plaas is problematies. Hulle ry verby omdat hulle die verroeste naambordjie mis in die donker en Ulrike, die enigste een wat die pad kan onthou, onder die invloed van dagga is. Sy ly die meeste onder die agteruitgang en verval van die plaas. Sy identifiseer sterk met die hond, Dominee, wat onder wrede omstandighede aangehou word. Die hond, ‘n simbool waaraan verskeie betekenis toegeedig kan word binne die konteks van hierdie vertelling, maar ook binne die konteks van die hele bundel vertellings, is tot die dood toe verwaarloos en selfs gepynig. Ulrike sien in dat sy agteruitgang onomkeerbaar is: “Hy is verlore. Hy is psigologies en fisies onherstelbaar verniel. Daar is géén hoop vir hom nie,” sê sy op pad begraafplaas toe. Sy is uiteindelik so oortuig van sy toestand dat sy hom self doodskiet, nadat sy vir enkele dae probeer het om sy wonde (beide fisies en psigies) te behandel. Sy sien met skuldgevoelens ook haar eie rol in die agteruitgangsproses (van alles waarvoor die hond staan) as dié van ‘n toeris – wat lyding met ‘n mengsel van masochisme en selftevreidenheid aanskou, en dan weer padgee. Sy meen uiteindelik dat sy, na alles wat sy gesien en aanskou het, nie meer sal kan aanpas in Suid-Afrika nie, en laat emigrasie as ‘n uitweg oop.

Die verteller het ‘n meer pragmatiese houding. Sy bewapen haarself teen moontlike gebeure: sy neem ‘n rewolwer saam op reis – ‘n mens weet nooit wat kan gebeur nie. Sy neem die plaasgebeure – die verwaarloosing, die verminkte diere, die emosioneel afgestompte bewoners van die plaas, Ulrike se lyding – waar, maar sien haar rol as minder heroïes (as wat Ulrike haar eie sien): sy lag vir Jak se snydende opmerkings oor die plaas, sy drink saam met hom *gin* en *tonic* by die lydende hond, sy probeer vir Ulrike troos deur haar te wys op die vrugteloosheid van moontlike “reddingsaksies” (op die plaas, maar by implikasie in Suid-Afrika, en Afrika). Sy ervaar wel woede en droefheid – dit kulmineer tydens die begrafnis – maar daarmee gemeng ‘n koue lag oor die absurditeit van alles wat sy sien en beleef.

Jak, die derde figuur, is die *outsider* deur wie se waarnemings die vervallenheid – op alle vlakke en van alles en almal (finansieel,

sosiaal, emosioneel, psigies) – genadeloos blootgelê word. Hy lewer deurgaans verdoemende kommentaar op alles wat hy sien en beleef, en versterk so die ondergangsmotief in die verhaal. Deur sy ervarings word die vreemdheid en afgeleefdheid van die Afrikanermities (wat hier deur die plaas voorgestel word) beklemtoon. Hy roep *Mad Max*-films (‘n reeks wat gekenmerk is deur geweld en ondergang) op om inhoud te gee aan sy gevoelens. Hy beskryf tonele op die plaas as “bleak, sinister, die einde van enige vorm van beskawing”. Hy roep ‘n verdere film op om sy ervaring te definieer, naamlik *Apocalypse Now*, wat inspeel op Joseph Conrad se roman, *Heart of Darkness*. Hy lewer kommentaar op die vervallenheid van die plaas, die plaasinstrumente, die huis (die badkamer), die diere, die tuin, die oppervlakkige godsdienstigheid (soos verwoord op die beskrewe menirs in die tuin), die omkering van tradisionele rolle wat plaasvind in die kombuis (die drie mans wat kook en kompeteer soos *gladiators* – “niks van ‘n feminine space in daai plek nie”). Met sy gefluisterde kommentare ondergrawe hy elke aspek van bestaan op ‘n boereplaas. En daarby is die “vreemdheid” van sy persoon ook ‘n ondermyning van gekoesterde Afrikanermities: hy is stedelik, half-Engels (en na sy ervarings op die plaas, op pad terug, praat hy oorwegend Engels, en nie meer Afrikaans nie), en waarskynlik *gay*.

Die ander figure wat teëgekomp word in die verhaal, is ook belangrik ten opsigte van die motiewe van verval en ondergang op die plaas. Kleinboet is nou die plaaseienaar, maar dit lyk asof hy binnekort die grond (wat reeds vir etlike geslagte aan die familie behoort) kan verloor. Hy het trekke van die outoritêre Afrikanerboer in hom (hy jaag in stofwolke rond met sy bakkie, drink te veel, skree fier op sy werkers, hou toesig met koffie in die hand waar hulle die graf grawe), maar sy greep is besig om vinnig te verslap. Sy godsdienstigheid, wat blyk uit boeke op sy boekrak, versies teen die spieël in die badkamer, oggendgodsdienste oor die radio, vroom gesprekke met die dominee, lyk verdag; sy optrede teenoor die lydende hond laat twyfel ontstaan oor die opregtheid van sy etiese en morele kodes (wat gevorm is uit Christelike Protestantisme).

Die dominee wat die begrafnis kom waarneem, bied 'n korrektief op die oppervlakkigheid van Kleinboet se godsdienstigheid. Hy lyk na 'n gekwelde en diepsinnige jong man, wat moontlike dimensies en implikasies raaksien waarvan die ander figure nie bewus is nie. Hy verdwyn kort na die begrafnis en neem nie deel aan niksseggende gesprekke en geleenthede nie (soos byvoorbeeld die teedrinkery).

Die man wat begrawe word (Ulrike se oom aan vaderskant) en sy drie wankelrige tydgenote (wat die begrafnis kom bywoon) is voorbeelde van die ou geslag, en al wat werklik van hulle uitstaan is dat hulle óf dood is, óf baie na aan dood (en verbygegane dus) is.

Die plaaswerker (ook Christof, vernoem na die oudste seun van die eienaar, wat na regte die plaas sou moes erf) is nog vasgevang in die ou “boereplaas”-paradigma: hy noem Kleinboet “Baas”, en hy en die ander werkers aanvaar skynbaar dat Kleinboet skreeuend bevele aan hulle uitdeel. Al moet hy hom daaglik bewus wees van die voortslepende verval en moontlike finale ineenstorting van strukture op die plaas, bly hy gediensdig en lojaal, ook in sy verduidelikings teenoor die gaste oor die klomp verminkte diere. Die “winde van verandering” het in verskeie opsigte nog nie oor Gebedsfontein gewaai nie.

Die plaas is self 'n karakter: 'n verwonde en ongeneeslik verwaar-loosde en uitgebuite entiteit. En die diere op die plaas gee die sterkste aanduiding dat alles hopeloos en permanent verval is. Die mite van voogdyskap (in opdrag van God) oor die aarde en alles wat daarop leef, wat 'n deurlopende motief in die Afrikaner se grondbeheersingsideologie was, word deur die voorkoms van die diere, en veral van die hond Dominee, finaal ondermyn. Weens slagysters, lukrake geskiet, en blatante verwaarlosing en disrespek, is al die diere in 'n hopelose/hooplose toestand. Die vasgekettingde hond vol sere – fisies en psigies “onherstelbaar verniel”, volgens Ulrike – word uiteindelik 'n meerduidige simbool vir alles wat verkeerd gegaan het in die Afrikaner se verlede. (En dit is belangrik dat dit een van die jonger geslag – Ulrike – is, wat hom uiteindelik vernietig, doodmaak).

Ten slotte is die reismotief, soos in die meeste verhale van die bundel, ook hier belangrik. Drie figure gaan op 'n reis, elkeen met sy

eie motiewe en verwagtinge: Ulrike wil afskeid neem, die verteller is nuuskierig (onlangs geprikkel deur ‘n opstel van haar pa) oor hoe “boereplase” nou lyk, Jak het ‘n gebroke hart weens ‘n skeefgeloopte verhouding. Reise kan emosionele herstel bewerkstellig (soos die verteller gehoop het, veral vir Jak), reise kan perspektiewe verander, reise kan ook op niks nuuts uitloop nie (soos in die meerderheid vertellings in die bundel aangedui is).

Daar is sprake van meer ontwikkeling in hierdie vertelling tydens die reis as in die ander verhale. Die reis na Gebedsfontein bring *closure*, of aanduidings van *closure* vir die drie figure: Ulrike het die hond doodgeskiet (iets pynliks uit haar psige verwyder), en sal waarskynlik finaal emigreer. Jak sê dat hy meer getraumatiseer is as ooit tevore, maar hy het verfrissende en ondermynende insig getoon in die Afrikanermites wat deel vorm van sy agtergrond (dit is betekenisvol dat hy merendeels Engels praat op die terugtog – sy ma is Engels, en daar is aanduidings van komplekse identifiserings-prosesse wat in hom plaasvind). Die verteller het die werklike skemeraand, “Dämmerung”, van die boereplaas(mite) ervaar en gesien. Heling word dikwels uit pynlike insigte gebore. Santner bespreek die voorkoms van melancholie as ‘n vorm van weerstand in Sebald se werk en haal laasgenoemde aan waar hy aandui dat die beskrywing van ongeluk in sigself die moontlikheid van opheffing daarvan aandui: “The description of misfortune includes within itself the possibility of its own overcoming” (2006:45). In hierdie opsig was die laaste reis in die bundel nie so sonder sin en hoop soos die reise in vroeëre vertellings in die bundel nie. Die drie hooffigure toon insig in hulle geskiedenis, wat op die plaas so ontdaan van waardigheid, so ontgogelend aan hulle voorgehou word.

Ook in hierdie vertelling word die verledetydsvorm deurgaans gehandhaaf – die verteller staan afstandelik (in tyd, maar ook in houding) teenoor die gebeure, en hierdie afstandelikheid word nagestreef ten opsigte van die leser – afstandelikheid teenoor vormende gebeure in die verlede, wat in hierdie vertelling as mities en vals

ontmasker word, maar ook teenoor die verval en uiteindelijke ondergang van die verlede, die geskiedenis, soos dit hier voorgestel word.

4.4 Voorlopige gevolgtrekking

Ook in die twee slotverhale van die bundel is die verlede allesoorheersend belangrik ten opsigte van die alledaagse lewens van figure, en hierdie verlede dring telkens deur na die hede van die figure, met bepalende invloed op die vorming van hulle identiteit. Die verlede word in talle motiewe in die twee verhale vasgevang, soos aangedui in die bespreking hierbo, en die worsteling van figure met hulle onontkombare verlede word in hierdie twee verhale as bykans tragies voorgestel. Deur die spesifieke gebruikmaking van verhaaltegniese middele, waarvan die verledetydsvorm in die slotvertelling weer die opvallendste is, word ten doel gestel om 'n sekere afstand tussen leser en vertelling te skep, 'n afstand wat hopelik weerspieël sou word in 'n kontemplering deur die leser van sy eie onontkombare verlede.

5 Finale gevolgtrekking

Daar is in die voorafgaande bespreking van die bundel, *Op reis met 'n hond*, aandag gegee aan die tema van die onontkombaarheid van die verlede, of geskiedenis, soos die twee terme afwisselend gebruik word. Die verlede, teenwoordig in al sy duisende brokstukkies in die daaglikse kontemporêre bestaan van die figure, is problematies en pynlik, en die figure in die bundel het sekere waarneembare houdings jeens hierdie verlede. Hulle ervaar gevoelens van skuld teenoor die vergrype en mistastings in hulle geskiedenis. Hulle persoonlike en kollektiewe skuldgevoelens het te make met hulle nalatigheid en blindheid ten opsigte van die wandade wat gepleeg is om hulle voortbestaan as individue en as mense behorende tot 'n identifiseerbare nasionale groep (die Afrikaner) te verseker, deur hulle voorgeslagte, maar ook deur hulle tydgenote, en selfs deur hulleself. Buiten skuldgevoelens ervaar die figure ook gevoelens van verlies en melancholie. Hulle geskiedenis het verwerplik geword in die oë van buitenstaanders, maar ook vanuit hulle eie perspektief, en hulle moet afstand doen (na intense ondersoek en selfondersoek) van baie fasette van hulle geskiedenis en kultuur wat gekontamineer (deur die apartheidsideologie) kan wees, of kontaminerend kan werk. Die gevaar bestaan natuurlik dat alle aspekte van so 'n geskiedenis verdag begin lyk en dat 'n algehele verwerping van so 'n verlede na die enigste etiese en morele uitweg lyk. Die figure in die bundel wroeg met hierdie moontlikheid, en rou oor die verliese wat hulle ly ten opsigte van geskiedenis en kultuur.

Buiten die keuse wat tema en motiewe betref in die bundel, is die keuse van verhaaltegniese middele bespreek in die voorafgaande hoofstukke. Daar is aangedui waarom die verledetydsvorm by voorkeur gebruik word, en wel weens die afstand wat hierdie vorm op die verlede en ook op die hede (tydens die leesproses) kan skep. Daar is verwys na die eenvoud en soberheid van die taalgebruik in die vertellings en op die nie-plotgedreweheid daarvan. Daar is gewys daarop dat die verbande

tussen figure en gebeure eerder op assosiatiewe vlak as op storielynvlak lê, omdat 'n dramatiese plotgedrewe teenwoordigetydsvorm van situasies en gebeure nie sal pas by die bykans elegiese toonaard (wat aansluit by die motiewe van verlies en melancholie) van die vertellings nie. Daar is geargumenteer en aangedui dat daar 'n noodwendige verband bestaan tussen die temas in die vertellings, waarvan die hooftema die onontkombaarheid van 'n (problematiesgeworde) verlede is, en die skryfwyse van die vertellings. Hierdie verband word as noodwendig beskou omdat die *Auseinandersetzung* met 'n pynlike en selfs verwerplike geskiedenis as noodwendig beskou word, deur die skrywer, die vertellers en die lesers van die vertellings.

Die studie is ingedeel in drie hoofdele, met 'n inleidende en afsluitende hoofstuk daarby (hoofstukke een en vyf). Hoofstuk twee handel oor teoretiese terme en begrippe wat relevant is ten opsigte van die ondersoek van die individuele vertellings, met spesifieke verwysing na terme soos die onontkombaarheid van 'n problematiesgeworde verlede, skuld, verlies en melancholie. Daar word gewag gemaak van verhaaltegniese middele wat gekoppel word aan die voorafgenoemde temas en motiewe. Die verhale word as vertellings gedefinieer en onderskei van die *short story*. Daar word algemeen verwys na die belang en funksie van die verledetydsvorm in prosa, onder andere aan die hand van Wybenga (1983) se doktorsale ondersoek na hierdie aspek, en daar word aangedui dat die verledetydsvorm ook in die bundel vertellings 'n belangrike rol speel. Daar word ook kortliks verwys na sekondêre aspekte by die ontleding van die bundel vertellings soos assosiatiewe teenoor plotgedrewe skryfwyses en gebrekkige dramatisering (en die redes daarvoor).

Na die skep van 'n raamwerk vir analise, word in hoofstukke drie en vier na die individuele vertellings gekyk aan die hand van die genoemde aspekte, tematies sowel as verhaaltegnies. Die tema van die onontkombaarheid van die verlede, die alomteenwoordigheid van die verlede in die lewens van figure in die vertellings, word aan die hand

van talle motiewe ondersoek. Dit, tesame met die houdings van figure (skuld, verlies en melancholie), word ondersoek en pertinent gekoppel aan die manier waarop die vertellings tegniese vergestaltung vind. Daar word telkens geredeneer dat daar 'n onlosmaaklike verband is tussen die tematiese en tegniese aspekte van die vertellings, en veral met die oog op die respons wat die vertellings by die leser sou kon bewerkstellig, naamlik 'n grondige bestekopname van die verlede wat kan lei tot 'n beter en nuwe begrip van die verlede en die hede.

In die kontemporêre literêre diskoers word baie aandag geskenk aan die verlede, en aan herinnering as 'n band tussen hede en verlede. Hierdie studie wil aansluit by hierdie diskoers deur op die onontkombaarheid van die verlede, soos dit tot uitdrukking kom in die vertellings, te fokus. Die studie wil verder 'n bydrae maak deur op die noodwendige verband te wys tussen die tematiese aspekte van die vertellings, en die verteltegnieke wat aangewend word ten einde 'n sekere leserrespons te bewerkstellig, omdat gemeen word dat die respons belangrik is in die konfrontasie tussen die Afrikaner en sy problematiese verlede. Weens die beperkte omvang van die verhandeling, is geeneen van die aspekte wat bespreek is, volledig gedek nie, en daar is, veral wat tydsaspekte in prosa en die leserrespons wat daaraan gekoppel kan word, heelwat meer wat nagevors kan word.

Verwysings

Bell, David. 2003. The persistent presence of the past in contemporary writing in South Africa. *Current Writing*, 15(1): 63-73.

Benjamin, Walter. 1999. *Illuminations*. (Vertaal deur Harry Zorn.) London: Pimlico.

Bigsby, Christopher. 2001. *Writers in conversation Volume 2*. University of East Anglia: Arthur Miller Centre for American Studies.

Botha, Elize. 1992. Kortverhaal. In: Cloete, T.T. (red) *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-literêr. 236-237.

Brink, André P. 1987. *Vertelkunde. 'n Inleiding tot die lees van verhalende tekste*. Pretoria: Academica.

Chekhov, Anton. 2002. *Plays*. London: Penguin Books.

Cloete, T.T. (red) 1992. *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-literêr.

Dagerman, Stig. 1988. *German Autumn*. (Vertaal deur Robin Fulton.) London: Quartet Books.

Du Plooy, Heilna. 1992. Vertelling. In: Cloete, T.T. (red) *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-literêr. 566-567.

Freud, Sigmund. 2005. *On murder, mourning and melancholia*. (Vertaal deur Shaun Whiteside.) London: Penguin Books.

Genazino, Wilhelm. 2001. *Ein Regenschirm für diesen Tag*. München: Hanser Verlag.

Hoffman, Eva. 2004. *After such knowledge. Memory, history, and the legacy of the Holocaust*. London: Secker & Warburg.

Kundera, Milan. 2001. In: Roth, Philip *Shop Talk. A writer and his colleagues and their work.* London: Vintage. 90-100.

Petzold, Jochen. 2002. *Re-imagining white identity by exploring the past: history in South African novels of the 1990s.* Trier: Wissenschaftlicher Verlag.

Reckwitz, E. 2004. Re-imagining white identity: book review. *English in Africa* 31(2): 182-188.

Roth, Philip. 2001. *Shop talk. A writer and his colleagues and their work.* London: Vintage.

Santner, Eric L. 2006. *On creaturely life. Rilke Benjamin Sebald.* Chicago: University of Chicago Press.

Sebald, W.G. 1999. *Vertigo.* (Vertaal deur Michael Hulse.) London: Vintage.

Sebald, W.G. 2001. In: Bigsby, Christopher *Writers in conversation Volume 2.* University of East Anglia: Arthur Miller Centre for American Studies. 139-165.

Sebald, W.G. 2003. *On the natural history of destruction.* (Vertaal deur Anthea Bell.) New York: The Modern Library.

Sebald, W.G. 2005. *Campo Santo.* (Vertaal deur Anthea Bell.) London: Penguin Books.

Sontag, Susan. 1982. *A Susan Sontag Reader.* London: Penguin Books.

Van Gorp, H. (e a) 1986. *Lexicon van literaire termen* (3^e hersiene uitgawe). Groningen: Wolters-Noordhoff.

Wybenga, D.M. 1983. Grammatiese tydsvergestalting in Afrikaans – ’n linguistiese ondersoek aan die hand van enkele Afrikaanse kortverhale. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Ongepubliseerde doktorsale tesis.

Zamyatin, Yevgeny. 1970. *A Soviet Heretic*. (Vertaal deur Mirra Ginsberg.) London: Quartet Books.



Deel 2: Op reis met 'n hond

Inhoudsopgawe

Madam, you must lie down	67
Reis na Spanje met 'n hond.....	80
Kaalvoet in die Drakensberge.....	89
Trekkerswee.....	96
Giftige fontein	107
Verliese wat ons ly	111
Briewe aan Anton Tsjechov. 'n Liefdesverhaal	119
Skemeraand op 'n boereplaas (oftewel Götterdämmerung op Gebedsfontein).....	141

Madam, you must lie down ...

Een

Net na agt op 'n Maandagaand in Junie het ek na 'n deurnagwinkel by die Shell-garage gery om sigarette vir myself en roomyse vir my twee kinders te koop. Die garage is minder as 'n kilometer van ons huis af, en ek is gewoonlik binne ses minute terug. Ek het geparkeer en in die winkel ingeloop, agtertoe waar die roomyse is. Ek kon nie die Magnum Coffee Break kry wat my seun wou hê nie, en het gestaan en wonder wat anders hy sou eet. Uit die hoek van my oog het ek 'n man na my kant toe sien loop van die voorkant van die winkel af. Ek het vlugtig na hom gekyk, en toe weer na die roomyse voor my. Hy het steeds doelgerig op my afgeloop, en ek het weer opgekyk en gemerk hoe rooi sy oë is. Hy was feitlik teenaan my toe hy sy hand onder sy trui indruk en iets uit sy belt trek. Tot my verbasing sien ek dat dit 'n pistool is, en hy druk dit teen my voorkop vas. Ek hoor hoe hy dit oorhaal en hy sê, madam, you must lie down, you are going to sleep tonight.

Ek dink, werk saam, moenie oogkontak maak nie, en ek gaan lê op die vloer langs die roomyskas, met my arms uitgestrek voor my, soos ek mense in films dit sien doen het. Ek dink, bad timing, baie bad timing.

Die man loop rondom my en kom staan by my regterhand waarmee ek my beursie en motorsleutel vashou. Hy vat my beursie, sien die sleutels, en sê, where's your car, where's your car. Outside, sê ek, sonder om op te kyk, my car is outside, it's the small white one outside. Hy trek my aan my mou op en sê, come, show me your car. Ek dink, hy vat nie die motorsleutel nie. Hy sê weer, show me the car, come. Ek dink, hierdie hele fokop, en dit vir twee roomyse en 'n pakkie sigarette.

Hy trek my na die toonbank toe terwyl hy die pistool teen my slaap hou. Nou eers sien ek die man wat op die vloer lê bo-op 'n klein dogtertjie in pienk nagklere, en die wit van die oë van 'n ander man wat ook daar lê en probeer oploer na my sonder om sy kop te lig.

Die man met die pistool trek aan my mou, come, come, you are coming with us, you are coming with your car. Alle kleur verdwyn uit my omgewing. Dit is baie sleg, die feit dat hy sê you are coming with us. Ek loop in 'n swart-en-wit tunnel in. Ek dink aan 'n kollega van my man, Soon, wat 'n paar jaar gelede gehighjack is. Hy is gemartel, dwarsdeur die nag. Sy vingernaels was opgelig, sommige was uitgetrek, toe hy dood die volgende dag op 'n treinspoor in Pinetown gevind is, met 'n skoot agter deur sy kop. Ek dink, die teleurstelling, die verskriklike teleurstelling. Nog nooit in my lewe het ek so 'n gevoel van teleurstelling gehad nie.

Die man met die pistool pluk my na die deur van die winkel. Ek hoor 'n hoflike stem sê, you can take my car, but I am not coming with you. I've got a child. Hy trek my buitetoe, come, you are coming with us. Voor die deur staan 'n 4X4 dubbelkajuitbakkie met getinte vensters en luier. Ek hoor harde stemme in die bakkie. Ek sê weer, you can take my car, but I am not coming with you, I've got a child. Ek dink, dis 'n fout, ek het twee kinders, hoekom sê ek dit?

Ek vermy steeds oogkontak. Gewapende rowers wil nie ooggetuies hê nie. Ek dink aan 'n ander kollega van Soon wat omtrent tien jaar gelede vermoor is. Sy oë is uitgesteek, want daar is 'n geloof dat die laaste persoon of beeld wat voor 'n sterwende se oë is, vasgevang word op die polisiefoto's van die misdaadtoneel. Slagoffers sonder oë word dikwels gevind.

Iemand skree uit die bakkie vir die man met die pistool. Hy skree terug. Iemand skree weer, harder. Die man los my mou, en beduie met die pistool, binnetoe. Okay, okay, go inside, go inside and lie down, go inside! Ek struikel terug in die winkel in en gaan hurk-lê agter die rak die verste van die deur af. Ek maak oogkontak met die twee mans op die vloer – die kind se kop is weggedraai, en die man wat oor haar lê hou sy hand oor haar oë. Ek sien ook 'n kassiere agter die toonbank verskyn. Sy waarsku ons om stil te lê, they sometimes come back. Ek lê doodstil. Dan gaan die pastei-oond agter my se alarm af, piep-piep, piep-piep, piep-piep. Ons almal ruk, asof mense na ons skiet met outomatiese gewere.

Die eienaar, of bestuurder, ek is nie seker nie en dit pla my dat ek nie weet nie, storm in. Die jong kassiere het dit reggekry om hom en die sekuriteitsmaatskappy te waarsku. Hy sê die sekuriteitsmense is hopeloos, hy het verby hulle gejaag op pad hiernatoe, hulle kruip letterlik garage toe. Hy vra of ons enige iets nodig het en ek vra vir 'n pakkie sigarette en onthou dan dat ek nie geld het nie. Hy sê ek kan soveel sigarette kry as wat ek wil hê. Ek bel vir Soon en sê daar is 'n effense vertraging, daar was 'n gewapende roof by die garage.

Die kassiere staan buite by my. Sy rook ook. Die polisie het gearriveer en praat met die twee mans wat op die vloer gelê het. Die dogtertjie in pienk klou aan haar pa se been vas. Haar ma kom daar aangejaag en praat hysteries. Die dogtertjie wil nie na haar ma toe gaan nie. Die sekuriteitsmense staan rond, met swaaiende masjiengewere en handgranate wat van hulle belde afhang. Hulle sê vir ons en vir mekaar, this happens every night, e-ve-ry night. Ek sien Soon se motor indraai by die garage. Ek sien hom uit die motor klim. Hy stap na my toe, ek sien dit alles in stadige spoed, soos in 'n film. Hy stap deur die flitsende blou ligte van die polisiemotors. Hy het pantoffels aan. Hy is by ons, en die kassiere sê, oh, here's your dad, now everything will be okay. Not her dad, sê Soon, her hus-band. Oh, I'm so sorry, sê sy en suig hard aan haar sigaret.

Die speurder arriveer ook en stel hom aan my voor. Hy vra of ek okay is, hy vra hoekom ek rooi merke op my keel het. Ek weet nie. Hy sê ek kan huis toe gaan, hy sal die volgende dag 'n verklaring kom afneem.

By die huis bel ek my vriend. Hy sê dis verskriklik. Hy lag hard oor die kassiere wat sê Soon is my pa. Hy sê dit maak alles amper die moeite werd. Soon gooi vir my 'n glas rooiwyn in. Ons sit by die kombuistafel. Die kinders kom druk my en sê dat hulle so bly is ek is terug. Hulle sit by ons vir 'n rukkie, en gaan dan slaap.

Soon vra vir my wat gebeur het, en ek probeer alles onthou. Hy sê, na 'n lang stilte, sien jy, ek het vir jou gesê rook is sleg vir jou. Ons lag.

Later, toe hy ook bed toe is, het ek in die sitkamer gaan lê op die bank en die knoppie op die afstandbeheer gedruk om verder te luister na die CD waarna ek geluister het voordat ek garage toe is, *Die Skepping* deur Joseph Haydn, Adam en Eva se duet toe hulle die skoonheid van die paradys aanskou. Von deiner Güt', o Herr und Gott, Ist Erd' und Himmel voll. Die Welt, so gross, so wunderbar, Ist deiner Hände Werk.

Twee

Ek sit langs my pa se bed. Hy is nege-en-sewentig jaar oud en ly aan baie kwale, onder andere aan 'n chroniese naarheid, wat hom soms laat kniel langs sy bed asof hy bid. Alhoewel hy reeds baie mediese toetse ondergaan het, lyk dit asof niemand die oorsprong van hierdie toestand kan diagnoseer nie.

Dit is net na elf in die oggend, en die huis is stil. My ma is besig om blombolle uit te plant in haar tuintjie, ek lees, en my pa lyk of hy slaap. Ek het 'n bundel van Tolstoi se kortverhale in sy studeerkamer gekry. Vandat hy twintig jaar gelede afgetree het weens siekte, het hy van baie van sy boeke ontslae geraak, ook van die meerderheid van sy teologiese boeke. Hy het 'n paar woordeboeke oorgehou, kommentare oor die Ou en Nuwe Testament, al die Herman Charles Bosman-verhale, gidse oor Suid-Afrikaanse voëls, briewe van Beethoven, en een of twee ander.

Ek is na aan die einde van die verhaal "Die dood van Ivan Ilych", waar hy nog by sy bewussyn op sy sterfbed lê, maar vir die mense wat om sy bed staan, reeds 'n gestorwe man is. Iemand fluister, "dit is verby," en Ivan Ilych dink, ja, dit is verby, die dood is verby.

My pa begin praat, wat my laat skrik – ek het nie agtergekom hy is wakker nie. Hy sê, vandat hy lê, hoor hy vliegtuie hoog oor die huis.

Vreemd, dink ek, hy praat van 'n toestand, 'n fase in sy lewe – vandat hy lê.

Hy sê niks verder nie en na 'n rukkie lyk dit asof hy aan die slaap geraak het en ek begin weer lees.

Hy hoor vliegtuie, herhaal hy, en dit het ‘n invloed op sy emosies. Hy trek sy asem in, en blaas weer uit.

“Assosiasies,” sê ek.

Ja, sê hy, hy sien tasse en lugwaardinne.

Ek vra of hy graag weer sou wou vlieg.

“Die vreugde aan vlieg is weg,” sê hy. “Die vreugde aan eet is weg, die vreugde aan musiek-luister is weg.” Hy bly weer vir ‘n lang ruk stil.

Hierdie huis is baie stil. ‘n Mens kan elke asemteug, elke sug, elke omdraai-slag op ‘n bed hoor.

My pa praat verder. “Die probleem met musiek is dat ek nie langer die verbinding tussen die note verstaan nie.” Sy oë is toe en hy lyk heeltemal uitgeput. Na ‘n rukkie fluister hy, “Dit is oor my maag.”

Ek kan aan niks dink om te sê nie. Hy begin meer reëlmatig asemhaal.

Ek dink terug aan die vorige aand, toe ek ook langs sy bed gesit en lees het terwyl my ma na ‘n ou film op televisie gekyk het (met oorfone aan), te uitgeput om te glimlag.

Ek was seker dat hy vas aan die slaap was, maar hy het rusteloos heen en weer begin rol en het uiteindelik regop gesit en aan die laken en ligte kombers oor sy bene getrek. Ek het gevra of hy ongemaklik voel, maar hy het sy kop geskud en moeisaam van die bed afgeklim en na sy studeerkamer toe geskuifel terwyl hy met sy hand teen die muur leun.

Ek het gehoor hoe hy die laai van sy liasseerkabinet ooptrek en deur lêers blaai en weer die laai toedruk. Dit was vir ‘n hele ruk doodstil en ek het bekommerd geraak en gaan kyk of ek kon help. Hy het voor die kabinet gestaan met ‘n poskaart in sy hand. “My pa het hierdie vir my geskryf ‘n paar maande voor hy dood is. Hy was toe al ‘n baie siek man.”

Tydens hierdie besoek aan my ouers het ek opgemerk dat my pa, meer as tevore, slegs die essensiële gedeeltes van gesprekke oordra.

Geen inleidings nie, weinig verduidelikings, geen aanmoedigende tussenwerpsels nie, geen samevattende afsluitings nie. Dit lyk asof hy hierdie taalmiddele nie meer nodig het nie. Hy laat dit aan die hoorder oor om die onderwerp en die verband tussen verskillende stellings te vind. En as dit lyk of die hoorder nie verstaan nie, bly hy stil, of stap stadig weg, of raak aan die slaap.

Ek het nader gegaan en na die datum op die poskaart gekyk: 14 Julie 1941.

“Die laaste keer wat ek hom gesien het,” het my pa gesê, ”was daardie jaar aan die einde van die Junie-vakansie. Ek was in matriek, en ek moes van Kroonstad Fauresmith toe ry met die trein. Twee-uur in die nag.”

Ek het die agtergrond van hierdie ervaring geken. Ons het dit baie as kinders gehoor. In 1938 moes my oupa begin rondtrek met die laaste van sy vee, om hulle van hongers en dors te red. Die plasing wat hy in Fauresmith gehad het, was te verdor om lewendes langer te onderhou. ‘n Tyd van onsekerheid en swaarkry het voorgelê. Hy het in die rigting van Kroonstad getrek, waar ‘n familielid beter weiding en water kon aanbied. Maar om die vee daar te kry was ‘n bykans onmoontlike taak.

My pa was ‘n skrandere student in die skool in Fauresmith en kon nie saam met sy ouers rondtrek te midde van soveel onsekerheid nie. Hy moes agterbly en het in ‘n gehuurde buitekamer op een van die groot eiendomme in die dorp ingetrek, waar hy vier van sy hoërskooljare deurgebring het. Hy het ons altyd vertel hoe hy saans in sy kamer gesit en huiswerk doen het. Hoe hy sy ouers en broers en suster gemis het, en die etes in die kombuis met die groot koolstoof. Hoe hy van sy buitekamer af na die groot, ligte huis gekyk het, deur die vensters van die eetkamer met die swierige kandelare en rye portrette teen die muur.

Hy het vertel dat sy pa vreeslik gehoes het daardie laaste vakansie toe hy hulle besoek het in Kroonstad. Hy kon sy eie bekommernis onthou. Hy het saans tot laat gesit en studeer vir die komende Matriek-eindeksamen. Hy het geweet dat hy goeie punte

moes behaal om ‘n beurs te kry vir verdere studie. Hy het bo alles geweet dat sy pa siek was, erger as ooit tevore.

Op foto’s lyk my oupa lank en skraal. Hy het donker oë en beskermende wenkbroue wat in die middel van sy neusbrug ontmoet. “Maar sy hande was so hard soos klip,” het my pa vertel, “en hy het altyd gehoes, vir solank as wat ek kon onthou – sy gesondheid is gebreek in die konsentrasiekamp by Bethulie. Hy was maar twaalf, en hy moes met ‘n graaf werk in die sneeu terwyl hy longontsteking gehad het.”

Ek het hierdie verhaal goed geken. My pa was altyd treurig wanneer hy dit vertel het. Selfs as ‘n jonger man het hy dit stadig, met lang pouses tussen sinne vertel. Ek het na hom gekyk waar hy langs sy liasseerkabinet staan. Hy wou nog iets sê, ten spyte van sy uitputting. “My ma het vertel dat sy my pa net tweekeer sien huil het.”

Ek het hom aan die arm teruggelei bed toe. Hy moes lê om die verhaal te voltooi. Toe ek hom in die bed help, was ek verbaas om te voel hoe lig hy is.

“Die een keer was die nag toe ek moes teruggaan na my buitekamer toe, na daardie laaste besoek aan Kroonstad. Dit was bitter koud, en ek kan die maanlig op die veld en koppies onthou toe ek wegdraai van my ma en pa.” Vir ‘n oomblik was hy stil. Toe haal hy diep asem. “My ma het vertel dat hulle in die koue, op die donkiekar, gewag het vir my trein om te vertrek. Toe dit weg was het sy na my pa gekyk, en sy gesig was nat van die tranes.”

My pa het stilgebly en sy keel skoongemaak; sy mond het droog geklink, asof hy ver in ‘n stofpad gestap het.

Ek het hom ‘n paar keer sien huil. Hy het nooit sy tranes vir ons kinders probeer wegsteek nie. Hy het altyd gehuil as hy na Beethoven geluister het. Ook wanneer hy vertel het van sy broer wat te vroeg gesterf het – die broer saam met wie hy ghitaar gespeel het op die plaas by Fauresmith. Hulle het vir ‘n jaar geld gespaar om ‘n ghitaar en ‘n mondfluitjie te koop, teen die wil van hulle pa in, wat afkeurig was oor die profaniteit van hierdie musiekinstrumente. Maar nadat hulle ‘n paar psalms op die ghitaar gespeel het, met die mondfluitjie op die

agtergrond, was hy tevrede en het sy seën oor die aankope uitgespreek. My pa het ook gehuil wanneer hy onthou het van ‘n agtien-maande-oue baba met helderblou oë wat aan ‘n breingewas gesterf het. Hy het vertel hoe daardie oë dof geraak het aan die einde, soos twee ou albasters. Hy was toe ‘n predikant in ‘n Vrystaatse dorpie, en hy moes die ouers geestelik bystaan deur die tyd. Hy het veral een middag onthou, toe hy teruggery het van die plaas waar die jong gesin gebly het, hoe die koue droë Augustus-wind rooi stofwolke oor die ongeploegde mielielande opgewaai het, en hoe ‘n helder kinderstem oor die motorradio gesing het, “kleine Kinder, kleine Sorgen, und ein Haus voll Sonnenschein.” Hy het gehuil toe hy vir my die storie van Jopie Fourie voorgelees het toe ek ses jaar oud was. Met sy hand op sy hart het my pa Fourie se laaste woorde gelees, voordat hy deur die Britse owerheid gefussileer is. Hy het geweier om geblinddoek te word, en het gesê, “Moenie my deur die kop skiet nie, maar skiet my deur die hart, want ek het ‘n groot Afrikanerhart.” En hy sou huil wanneer hy ons vertel hoe sy hond op die plaas doodgeskiet is omdat hy skape begin vang het. Hoe hy die hond moes uitlok agter die fietse waar hy gaan skuil het. Hoe sy pa probeer korrelvat het. Die treurige begrafnis onder ‘n boom ‘n paar honderd treë van die huis af.

“Kan jy die ander keer onthou wat jou oupa gehuil het? Het ek jou ooit vertel?” My pa het sag aan my hand gevat om my terug te bring na hom toe. Hy het verleë gelyk. “Ek het hom ook toe sien huil.” Ek het gesê ek kan nie onthou nie. “Dit was gedurende die Droogte, van 1933. My pa – jou oupa – het elke aand by huisgodsdienste gebid vir uitkoms, sy hande soos ‘n kind s’n gevou. En toe die reëns uiteindelik kom, het dit alles weggespoel wat nog oor was op die werf. Ek het pampoene en ‘n paar tamaties, en selfs ‘n paar maer kuikens gesien afkom met die strome water wat om die huis gespoel het. My pa en my ma het in die voorkamer gestaan, in mekaar se arms, terwyl hulle soos kinders gehuil het.”

My pa se wange was rooi. Hy het na die poskaart in sy hand gekyk, en toe na my. “Vat jy dit. Jy sal weet wat om daarmee te doen.”

Heelwat later het ek opgestaan en nag gesê. Tot my verbasing het hy sy oë oopgemaak en ook naggese.

Ek het die poskaart gelees voor ek gaan slaap het. My oupa se handskrif is delikaat. Hy het geskryf dat hy bly is om te verneem dat my pa wel is (soos hy aflei uit die brief wat hy die vorige dag ontvang het). Hy wens my pa geluk met sy goeie halfjaar-uitslae, met sy eerste plek in die klas. Hy sê dat dit ‘n vaderhart laat warm voel om sulke goeie nuus te ontvang. Hy sukkel nog steeds ‘n bietjie met die nagevolge van die “influenza” wat hy gehad het, skryf hy, maar hy voel elke dag beter. Hy wens my pa alles van die beste toe en stuur sy, wat hy verander na “ons”, liefde, en eindig af: “van jou vader, S.D.S.”

Ek kon nie aan die slaap raak nadat ek die poskaart gelees het nie. Die sober, bykans ligte woorde het min van die swaarkry van daardie jare verraai.

Ek kyk na my pa. Na ons kort gesprek oor vlieg en wat ‘n mens daarmee assosieer, het hy aan die slaap geraak, alhoewel ek nooit seker is nie. Ek hoor hom sug. Dit klink soos die wind buite die kerk van my kinderdae. Daardie wind het drome en treursange gedra. Dit sou net soms, vir ‘n oomblik van genade, gaan lê, wanneer ‘n mens skielik die gelag van mense buite kon hoor, verder af in die straat.

Ek kyk op my horlosie – byna een-uur. Ek hoor my ma in die kombuis, waar sy besig is om middagete vir ons voor te berei. Ek staan op van die stoel waar ek gesit het en gaan lê langs my pa, langs sy uitgeteerde liggaam, op sy swaar bed.

Drie

Ek het eerste die kunswerk gesien, net duskant die hoogwatermerk van die vorige nag. Tot die volgende gety inkom, sou dit veilig wees. ‘n Afbeelding uit seesand van ‘n krokodil met skubbe, plomp bene, ‘n gevaarlike stert en twee koeldrankdoppies vir oë. Die lyf was gekrul, asof dit besig was om te beweeg.

Ek het gaan staan. Ek was besig om op die strandfront te loop, die Golden Mile, soos dit hier in Durban genoem word. Daar was nog

vorms in die sand: twee dolfyne, die kleiner een effens versteek onder die lyf van die groter een, twee visse van onsekere herkoms, ‘n eenhoringperd, ‘n meermin met enorme borste en net een tepel, ‘n gesig met ‘n hoë voorkop en ‘n revolusionêre brilletjie voor op die neus. Die sand was netjies platgeklop tussen die figure, en alhoewel daar geen onmiddellike verband tussen hulle te bespeur was nie, het hulle tog ‘n gevoel van eenheid geskep.

Ek het rondgekyk. Buiten ‘n paar drawwers en ‘n lewensredder was daar niemand anders in die nabye omtrek nie. Ek het twee kinders verderaan teen ‘n pier sien sitlê, aan die slaap. Straatkinders – dit was ‘n weeksoggend en hulle moes in die skool gewees het. Ek het aangestap. Die kunstenaar is seker al weg en het die kunswerke aan die genade van die wind en see en onverskillige baaiers oorgelaat. Die volgende dag sou daar niks van hierdie uitstalling oor wees nie.

Ek was besig om oor twee dinge te dink daardie oggend voordat ek die strandkuns gesien het. Ek het aan my pa gedink. Sedert my vorige besoek aan hulle, kon ek hom nie uit my gedagtes kry nie. Ek het dit moeilik gevind om sy permanente naarheid te verstaan en te aanvaar, en sy stil en verbete lyding op sy bed. Op ‘n manier het ek gerou oor hom, oor sy lewe. Ek het gedink aan Ivan Ilych, wat oomblikke voor sy dood vir homself gesê het, dit is verby, die dood is verby.

Ek het ook ‘n ander probleem gehad. Na die insident by die garage in Junie (dit was reeds laat-September), het ek probeer verder skryf aan ‘n verhaal waarmee ek besig was. Hoe gouer ek met die storie kan aangaan, hoe beter, het ek gedink. Maar ek kon nie. Die karakters was almal daar, gereed vir hulle volgende aktiwiteite, maar ek kon skielik geen verband tussen hulle sien nie. Ek het baie angstig begin voel: ek kon glad nie vordering met hulle maak nie, maar ek kon hulle ook nie sommer net so laat staan nie. Ek het aanhoudend en intens na hulle gekyk in my gedagtes, soos ‘n mens na ‘n mimiekkunstenaar sou kyk – met bykans ondraaglike afwagting, gereed om die geringste teken van lewe en beweging waar te neem. Maar die

karakters het bewegingloos in hulle posisies gebly, versteend in hulle sinlose (het ek nou gedink) en onsamehangende aktiwiteitjies.

Daar was Louis, die glaskunstenaar, wat met al hoe kleinerwordende stukkies glas begin werk het sedert sy geliefde Gerald hom verlaat het. En wat toenemend religieuse simbole en motiewe in sy glaspanele ingevoer het. Daar was sy pa, oom Lodewyk, wat besig was om oor die besige dorpstraat te loop, asof hy geen geskiedenis agter hom gehad het nie. In die helder sonskyn, sonder om links of regs te kyk. En daar was Rut, die eienares van die Algemene Handelaar op die klein kusdorpie. Sy het daar gestaan, rooi in die gesig van die geskree op die ape (hamba! hamba! hamba!). En op die veranda van haar winkel was die huiswerkers van die omgewing besig om na 'n soapie te kyk op die TV-stel wat aan die muur vasgeketting is, terwyl hulle 'n bord koekies rondstuur wat Rut vir hulle gegee het. Daar was haar seun Christof, wat gebroke huis toe gekom het na sy eerste jaar op universiteit en doelloos in Rut se tropiese tuin rondgeloop het terwyl hy met homself praat en met sy teer hande om sy kop beduie. En Marieta, die dominee se vrou, die leidster van die plaaslike kerskoortjie. Sy het voor haar klavier bly sit, met die een hand teen die bladmusiek geleun en die ander hand op die note, besig om 'n nuwe variasie te probeer – 'n uitdrukking van hooploosheid op haar mooi gesig. Daar was Selma, wat net kon stilstaan wanneer sy sing, wat van dorp na dorp getrek het, en orals gastehuse oopgemaak het, en mure en deure en vensters uitgeslaan het, en weer toegepleister en geverf het. Sy het 'n swaar handgekerfde portretraam – leeg – in elke nuwe huis se ingangsportaal gehang. En Steve, die fiksheidsinstrukteur, wat vir almal kort- en langtermyn doelwitte uitgewerk het en in persoonlike fiksheidspaspoorte neergeskryf het. Hy het die pen soos 'n steekwapen vasgehou, en dit het gelyk of hy hiërogliewe op kleitablette uitkerf, met sy kakebeen effe na vore gestoot.

Hierdie was my karakters. Maar ek het geen emosie jeens hulle gevoel nie. Ek kon glad nie onthou wat met hulle moes gebeur nie. En terwyl ek daardie oggend geloop het, het ek gedink dat dit beter sou

wees om hulle vaarwel toe te roep en met iets nuuts te begin. Maar ek was nog nie gereed vir so 'n stap nie.

'n Week later het ek die kunstenaar en sy jong assistent gesien. Hulle het stil en met konsentrasie gewerk, vooroorgebuig in die sand, en het nie opgekyk toe ek op die pier langs hulle gaan staan en kyk nie. Die ouer een het omtrent so veertien gelyk, die jonger een nege, tien. Dit kon dieselfde twee kinders gewees het wat ek met een van my vorige wandelings teen die pier sien leun het, half aan die slaap in die son.

Daar was weer krokodille, twee hierdie keer. Een kunstig om die heldergeverfde asblik gekrul; die ander een reguit, met effense oop kake en wit polistireentande. Daar was ook 'n dolfyn wat in die rigting van die see geduik het, twee seeleus met 'n bal tussen hulle, 'n teatermasker met een laggende en een huilende gesig.

Die jonger kind was besig om oortollige sand rondom 'n Mefistofeles-gesig met 'n skerp neus en sardoniese wenkbroue weg te vee. Die ouer kind was gebuig oor 'n roos uit sand, en het met groot sorg 'n blaas met sy een hand gevorm, terwyl hy hom in die sand stut met die ander hand. Druppels sweet het in sy wenkbroue en yl, donserige hare geskitter.

Ek het gewonder waar hulle vandaan kom. Die ouer een het letsels van ou brandwonde gehad: die vel oor sy kop en skouers was styfgetrek, en, het ek toe eers gesien, sy een hand (wat hy altyd onder die sand gehou het) was erg verwronge. Hy het geen vingers aan die hand gehad nie, net 'n spleet in die middel af, sodat dit soos die klou van 'n roofvoël gelyk het, en dit het met 'n hoek van negentig grade weggebuig van sy pols af. Ek het gewonder hoekom hulle nie by die skool was nie, of hulle ouers gehad het. Of was hulle dalk weggooikinders, die ouer een vanweë sy gebrek? Of Vigs-weeskinders, broers? Of slagoffers van politieke geweld? Het hulle dalk hulle huis en ouers verloor tydens 'n onbeheerbare brand wat hele plakkers-gemeenskappe binne 'n paar minute kon uitwis?

Ek het vir 'n lang tyd daar gestaan. Wanneer die kunstenaar klaar was met 'n figuur, het hy met sy oë vir die jonger helper

aangedui dat hy kon kom opruim, en hyself het versigtig wegbeweeg en 'n entjie verder begin om die sand in sagte hopies bymekaar te stoot.

Ek het na die dolfyn gekyk. Dit was alreeds nader aan die water as toe ek daar gekom het. Die gety was besig om in te kom. Ek het my skoene uitgetrek en rondom die reling van die pier geloop en 'n paar meter van die kinders af in die sand gaan sit. Ek het gekyk hoe hulle werk, veral die ouer een. Hy was onbewus van alles behalwe die sandhope voor hom. Ek het opgekyk na die wolke wat inmekaar invloei en dan weer wegbreek van mekaar.

Ek het op my maag gaan lê met my arms uitgestrek voor my en my wang op die sand. Vir die eerste keer het die ouer kind na my gekyk. My oë het toegeval. Ek het waarskynlik aan die slaap geraak. Toe ek hulle weer oopmaak, het hy langs my gesit. Hy het die warm sand oor my voete en bene en uitgestrekte arms en hande gestoot, en was besig om dit delikaat vas te klop met sy een hand.

Reis na Spanje met ‘n Hond

Die Reise war bisher mit mancherlei Unbillen verbunden. Nun wünsch ich mir nur einen recht ruhigen Ausgang, damit das unendlich zerstreute Erlebnis zu einer Art innerer Constellation zusammenkommt.

(Rainer Maria Rilke. *Reise nach Ägypten*. 10 Februarie 1911)

Ek het besluit om Spanje toe te gaan vir ‘n paar weke om aan die situasie by die huis te ontsnap. Die situasie met die hond, wat Dawid teen my sin aangekoop het twee maande nadat ek ‘n slagoffer was in ‘n gewapende roof en met ontvoering gedreig is.

In hierdie land moet ‘n mens ‘n groot hond hê, het hy gesê. Hy sal jou beskerm teen die onheile. As ek weg is van die huis sal ek nie so bekommerd oor jou voel nie. As ‘n boy wil kakmaak, gaan doen hy dit liewer by ‘n huis waar daar nie so ‘n groot hond rondhang nie. Jy kan hom saamvat as jy gaan sigarette koop by die garage. ‘n Man sal tweekeer dink voordat hy ‘n rewolwer teen jou kop druk.

Ek het ander lysies in my kop gemaak oor Dawid se motiewe vir die aankoop van die hond: hy wil sy gesag laat geld; hy wil wys dat hy my wense verontagsaam; hy dwing die verantwoordelikheid vir ‘n lewende wese op my af.

Hy het die grootste moontlike hond gekoop. ‘n Mastiff, wat op agt weke reeds so groot was dat ‘n kleiner hondsoort onderdeur sy lyf kon loop. Op veertien weke het hy 50 kilogram geweeg en my in die knieë geknak wanneer hy van agter uitgelate teen my vasgehardloop het. Die vooruitsig was dat hy op tien maande 85 kilogram sou weeg, en dat hy tot op twee jaar sou groei, sodat hy as ‘n volwasse hond ongeveer 120 kilogram sou weeg.

Dit het gou na die aankoms van Bees, soos Dawid die hond benoem het, geblyk dat die verantwoordelikheid vir sy versorging en aanpassing in ‘n mensomgewing volledig (in weerwil van Dawid se ondernemings) op my skouers sou val. Dawid het gemeen dit is belangrik dat die hond primêr met my identifiseer. Ek het oor die hond gevoel soos ek gedink het ‘n vrou voel oor ‘n kind wat uit ‘n

verkragting verwek is, en ek het sy versorging met koue pligsgetrouheid waargeneem.

In 1985 was ek vir twee weke in Spanje, en het sedertdien 'n verlange gehad om terug te gaan na daardie land. Ek het toe 'n intuïtiewe uitreiking na die omgewing en die mense ervaar, en ek het dikwels later oor die aard van hierdie toegeneentheid tot 'n vreemde land gewonder. Dit kon dalk toegeskryf word aan die sonnige klimaat (soos ek dit toe ervaar het), aan die gevoel van vertrouwdheid wat groot dele van die landskap waardeur ek gery het by my gewek het. Dit kon ook daarmee verband hou dat die mense vir my bekend gelyk het, en dat veral die mans met hulle ruie wenkbroue en donker oë my aan my pa en broers herinner het. Wat ookal die geval was, toe ek besluit dat 'n reis na 'n ander land my 'n houvas op my gefragmenteerde en ongefokusde gedagtes en emosies sou gee, het net Spanje by my opgekom. Ek het met 'n vriendin gepraat en gevind dat sy ook, om ander redes, ingestel was op 'n reis. Ons het vliegkaartjies bespreek vir vroeg-Desember en met haastige voorbereidings begin.

Die aand voor ons vertrek, terwyl ek besig was om in te pak, het Dawid my vertel dat Bees 'n langer stamboek het as die koningsgesin van Spanje. Jy weet, het hy gesê terwyl hy met troetelgeluide oor die hond se rug en stert gekrap het, Dante het al in die *Inferno* van hierdie man geskryf. Die mense van een of ander dorp was so korrup en vervalde dat net een regverdige man tussen hulle te vinde was, en die duiwel moes flink vlieg om al die boys van daai dorp met sy kloue te vang en in die hel te gaan afdrop. Dante sê daai man, die duiwel, het selfs vinniger as 'n Mastiff beweeg in die volvoering van sy taak. Trouens, het Dawid gesê, as ek reg onthou skryf hulle al in die Romeinse tyd van hierdie boys. Julius Caesar het troppe en troppe Mastiffs gehad, en hy het brandende fakkels op hulle rûe vasgebind en hulle in die vyand se laers en dorpies ingejaag. Almal het moer toe gebrand, die honde ook. Dawid het aangedaan op Bees se breë bors geklop.

Ek het verwag dat Spanje my sou laat vergeet van honde, van dié hond, maar dit het gou geblyk dat ek teleurgestel sou word. Dit was asof ek, in weerwil van my wense vir die reis, meer as normaalweg bewus was van honde, asof ek ‘n verskerpte ingesteldheid gehad het op dit waaraan ek by die huis wou ontvlug.

Reeds die eerste oggend na ons aankoms in Madrid het ek gesien hoe die stil wit pleintjie oorkant ons woonplek, die Plaza Santa Ana, binne die bestek van ‘n halfuur oorgeneem is deur ‘n uiteenlopende versameling honde. Ek en my vriendin het koud en hongerig in ‘n warm kafeteria gaan sit wat uitkyk op die plein, en met moeite (in Spaans) tee en brood met salm bestel. Ons het teenoor mekaar opgemerk dat dié eetplek ideaal sou wees vir ontbyt vanweë die mooi en gunstige ligging, die vriendelikheid van die eienaars, die feit dat dit die enigste eetplek was wat vroeg genoeg oop was vir ons met ons Suid-Afrikaanse roetine, en – nadat ons geproe het – die kwaliteit van die ontbyt.

Maar soos die vroeë son deur die donker steë begin insypel het op die plein, het die honde-eienaars een vir een met hulle beurende diere opgedaag. Die honde het mekaar besnuif en die eienaars het opsommend vir mekaar geglimlag. Wanneer die halsbande afgehaal is, het die honde heen en weer gegalop, en kort-kort het een gestop om met ‘n gekromde rug en rukkende agterlyf te ontlast. Ek het my verwonder aan die groot ontlastings wat orals rondlê, en het gedink aan die moeite wat mense hulleself op die hals haal deur honde aan te hou in beboude gebiede. Sommige eienaars het die ontlastings geoefend opgetel en in die asblikke gegooi (op sigself ‘n ontstellende gesig), maar ander het dit net daar gelos, en dit is langsamerhand (soos ek sou opmerk vir die duur van ons verblyf in Madrid) in die eeue-oue plaveisel van die Santa Ana-plein ingetrap.

Die ervaring daardie eerste oggend was tekenend van my verblyf in Spanje. En my bewustheid van honde het ‘n stywe snaar in my gedagtes gespan tussen dié land en Suid-Afrika. Dit het vir my gevoel

asof elke hond wat ek sien my terugtrek na iets aan die suidpunt van Afrika.

Ek het een aand tydens 'n wandeling deur een van die wemelende strate van Madrid 'n man met 'n groot Pitbull-terrier aan 'n ketting gesien. Albei was gespierd soos body-builders. Die hond het 'n gespykerde harnas aangehad en 'n swart muilband om sy bek. Die man was blinkswart en het leerbande om sy nek, bo-arms, polse en middellyf gehad. Hulle het selfversekerd deur die mense gestap wat na links en regs vir hulle 'n pad gemaak het. Ek het gedink aan die gereelde berigte in Suid-Afrikaanse koerante van Pitbull-terriers wat mense aanval en wreed verskeur en selfs doodbyt. Ek het gewonder oor die feit dat die slagoffers feitlik deurgaans swart was, en dikwels huis- en tuinwerkers wat bekend was aan die honde.

Ek het ook een oggend 'n uur spandeer onder die flou gloeilamp in my kamer in Hostal Villar om al die geelbruin hondehare van Bees wat in my broeke en truie vasgesteek het, een vir een uit te trek. Daar was uiteindelik 'n handvol hare langs my op die bed, en ek het dit by die balkon, wat uitlei op 'n ysige donker skag, afgegooi, soos iemand wat die as van 'n gestorwene uitstrooi.

Die kleur van die bondel hare het my herinner aan die maer geelbruin hond wat raakgery is op die pad noord vanaf Durban. Hy het uit die liggroen suikerrietlande verskyn en stert tussen die bene voor 'n aankomende bakkie ingedraf. Sy rug is gebreek deur die slag en hy het gillend in sirkels rondgekrui op sy voorpote. Motors het weggeswaai en hom net gemis. Ek het gestop. Ek onthou sy oë, en die onbeheerbare rooskleurige ereksie. Iemand het uit 'n voertuig geklim en 'n rewolwer teen sy kop gedruk en die sneller getrek.

My vriendin het nie my morbiede bewustheid van honde gedeel nie, maar ek het gemerk dat ook sy gevoelens van onbehae met haar saamdra. Terwyl ons een oggend gewag het vir ontbyt by die Santa Ana-plein, het sy haar donkerbril opgesit, 'n ruk lank voor haar gekyk, haar kop laat sak en begin snik. Toe sy haar kop ophig, sien ek twee

strome trane wat onder die bril uit oor haar wange vloei, soos water oor spoelklippe. Sy het haar gesig drooggevee en gesê dat sy met skok daardie oggend ontdek het dat sy die rooibostee in Suid-Afrika vergeet het. Sy wou dit vir ou vriend saambring, met wie sy enkele dae in Barcelona sou deurbring. Dít, en die plakkaat teen die muur van die kafeteria waar ons gesit het, het haar aan die huis herinner. Die plakkaat het ‘n openbare bespreking oor die bou van die Palestynse muur aangekondig. Is this a new wall of APARTHEID?, was die vraag in rooi letters teen swart-en-wit tonele van straatgeweld, polisie en rookwolke. Sy het vir ‘n lang ruk stilgebly en toe gesê dat sy haar altyd bekommer oor die veiligheid van haar geliefdes.

‘n Besoek aan die Prado kunsmuseum – waaroor ons reeds voor die reis gefantaseer het – kon ook nie my primêre fiksasie verander nie. Van die besoek het ek net fragmente van herinneringe oor. Ek kan onthou dat ek pynlik bewus was van my onvoorbereidheid op die museum-besoek en my onwaardigheid voor die kunswerke. Ek kan onthou dat ek na ‘n uur se ronddwaal besluit het dat ek ‘n fokuspunt moes hê, hoe triviaal ookal, anders sou die besoek aan die museum vir my volkome sinloos wees. Ek het met skuldgevoelens besluit om op skilderye te konsentreer waarin daar honde voorkom, en het tot my verbasing gevind dat bykans elke tweede landskapskildery en familiepotret ‘n hond of twee ingehad het.

Ek onthou dat ek by die skildery van die gesin van Felipe IV van Spanje, *Las Meninas o la familia de Felipe IV*, lighoofdig gevoel het. Daar was Bees, die Mastiff van Durban, geskilder deur die meester, Velásquez. Daar het hy gelê, twee treë weg van die helder prinsessie in glansende wit sy; skuins agter hom die misvormde dwergvrou in swart satyn. Hy was in ‘n pose van lekkerkry – kop pronkerig ingetrek, ore effens na agter. ‘n Prinsie het hom met sy skoentjie oor sy rug en boude gekrap, daar waar vlooië op hulle milddadigste versamel.

Selfs skilderye wat wegbeweeg van die gedomestikeerde scêne het honde ingehad. By Pieter Bruegel se *Triomf van die Dood* het ek lank gestaan. Die skare skelette wat dreig om die toneel te oorspoel

het my gevange gehou. So ook die wavrag vol skedels wat deur 'n benerige perd in die toneel ingetrek word, en die skelette wat die doodsklok lui teen 'n agtergrond van slagting en verwoesting. Maar die sentrale motief in die skildery was vir my die krom, brandmaer hond op die voorgrond wat hongereg snuffel by 'n gestorwe vrou – in haar arms 'n baba toegedraai in 'n rooi kombersie.

Ek het na 'n paar uur in die Prado buite gaan sit om my oë te laat rus. Die son het helder geskyn. Ek het my verstom aan die mense wat geduldig in lang toue staan en wag om na 'n tydelike uitstalling te kyk. Ek het gewonder wat ek vir my vriendin kon sê oor die Prado. Sy is 'n kunshistorikus en ek kon kwalik aan haar beken dat ek net na honde gekyk het.

Ek is na 'n ruk weer na binne met die voorneme om op ander aspekte van die kunswerke te konsentreer. Om 'n waardiger fokuspunt te kry. Ek het in my vriendin vasgeloop en sy het gesê dat ek na Goya se portrette móét kyk. Maar ook daar het ek gefaal. Die oë van sy karakters het die indruk van gloeilampe in 'n grot gelaat, soos iemand Kafka se oë beskryf het; die oë van waansinniges, fisies afwykendes, dwerge, idioote. Terwyl ek gesoek het na woorde om my innerlike wanordelikheid te bedwing, het die gedagte my te binne geskiet dat daar 'n Skotse bygeloof is dat honde nooit 'n idioot sal byt nie. Ek het teruggedink aan die bloutong-Chow wat my vinnig en koel in die straat gebyt het toe ek gaan stap het in Durban. En Goya se *El tío paquette*, die goedig-laggende idiotiese gesig sonder oë, het my herinner aan 'n koerantfoto van honde wat op onteiene plase in Zimbabwe gevind is – hulle oë uitgesteek.

Moedeloos met myself is ek na die Prado se kuriositeitswinkel toe waar ek vir Dawid 'n afbeelding van Goya se *Perro Semihundido* gekoop het. Die kleur van die agtergrond van die skildery het my sterk aan die huis herinner. Dit is 'n ligte vuilgoud kleur – byna dieselfde as die rookgeel lug in Durban in Augustus. Links onder in die toneel sit 'n hond en oploer, onderdanig, maar ook met ondermyning in sy een sigbare oog. Ek het gedink aan Márquez wat in 'n onderhoud met

Mendoza gesê het dat hy geen goud dra nie en geen goue ornamente in sy huis duld nie, omdat goud hom herinner aan “shit, dog-shit”.

Na ‘n week in Madrid is ek en my vriendin Toledo toe vir twee dae. Ek het gedink, na die besoek, dat ek daar sou kon vrede vind, onder andere omdat ek net een hond skrams gesien het toe hy om die hoek van die veertiende-eeuse Tránsito sinagoge verdwyn het. Ek moes egter my entoesiasme (planne vir permanente verblyf in Toledo het by my opgekom) temper met die gedagte aan ‘n teks in Openbaring waarvolgens géén honde (en hoereerders, rowers en geldskietters) in die godstad te vinde sal wees nie.

Vanaf Toledo is ons per bus na Barcelona. Ons het in die Pension Dalí ingetrek, waar ek die eerste nag bedremmeld gevoel het. Ek het sonder ironie in my dagboek geskryf dat ek soos ‘n hond op ‘n vreemde werf voel. Ek het ook geskryf dat ons blyplek ‘n hell-hole is, dat ek my polse daar sou sny, dat ek daardie aand te veel gedrink het, dat die ablusieblok (wat onaangename herinneringe aan oorbenuutte kampeer- en koshuisbadkamers opgeroep het) na swael ruik. Ek het gewonder in watter sirkel van die hel ek gedrop is.

Maar na daardie laagtepunt het dit effens beter begin gaan. Die mengsel van verweerdheid en arrogansie wat die stad uitgestraal het, het ‘n houvas op my begin kry, en alhoewel ek baie honde gesien het, het die assosiasies aan die huis minder skerp geword. Die gevoelens van angskuld en onontkombare verantwoordelikheid wat altyd in my gedagtes was, het effens verdoof. Ek het daagliks langs die boomryke Ramblas gewandel saam met tientalle honde en hulle eienaars, en het bedrewe geraak in die kuns om kuttels mis te trap sonder om te kyk.

Ek het ook daagliks eenmaal om die Barcelona-katedraal, La Seu, geloop. Dit was vertroostend om na ‘n gebou te kyk waarvan die bouwerk in 1298 begin is, en wat in 1448 voltooi is, terwyl daar nog ‘n

verdere 500 jaar aan die fasade gewerk is. Hierdie tydperke kon my tot ‘n mate my hond-probleme in perspektief laat sien.

Wat my ook getrek het na die omgewing van die katedraal, was die oorblyfsels van mure uit die tydperk van die Romeinse besetting. Terwyl ek een oggend met geryste hare deur die tralies na die opgestapelde klippe gestaar het, het ‘n kromgetrekte ou man, maar fier in sy pak klere en Katalaanse trots, vir my beduie dat die mure tweeduisend jaar! tweeduisend jaar!! oud is.

Ek kon twee dae voor ons terugkeer selfs effens lag oor ‘n bulhond wat teen die gedenkplaat by die Romeinse muuroorblyfsels geürineer het terwyl hy ongeërg oor sy skouer loer.

Die laaste dag in Barcelona het ek by die hawe en op die strand deurgebring. Die volgende dag sou ons terugtog na Suid-Afrika begin. Ek kon niks meer inneem nie, en wou in stilte probeer om ‘n geheelindruk van die reis vir myself te skep, ‘n “innere Constellation”.

Ek kon nie. Ek het op die growwe sand gesit en luister na die golfies wat sissend oor die spoelklippe breek en terugtrek, en het oor die Middellandse see uitgestaar in die rigting van Afrika. Agter my het die stad gevibreer van kultuur, van geskiedenis, van lewe.

Daardie nag het ek gedroom dat ek by ‘n groep mense staan op ‘n lughawe. Daar was ‘n kind tussen ons. In my hand het ek ‘n speelgoedpistool gehad. Ek het vir die mense vertel dat ek in die koerant gelees het dat high-jackers daarvan hou om hulle pistole oor te haal wanneer hulle mense aanhou en dreig, omdat hulle van die klik-geluid hou wat dit maak. In my droom het ek die speelgoedpistool teen die kind se slaap gedruk, ru, sodat haar kop weggedraai het van my. Ek het die sneller getrek en gesê, dink net hoe moet dit wees ...

Ons mans het ons ingewag op die lughawe in Durban, en ek en my vriendin het afskeid geneem van mekaar. Dawid het ‘n honderdrandnoot in die parkeerkaartmasjien gedruk. Toe die kleingeld in die silwer bakkie val, het dit geklink asof iemand die jackpot slaan by ‘n dobbelmasjien. Dawid het die munte met bakhande uitgeskep en

in sy broeksakke gegooi.

Op pad huis toe van die lughawe af het ek 'n dooie hond langs die pad sien lê, opgeblaas, grynsend, voorpote ingetrek en een agterpoot in die lug, asof hy versteen het terwyl iemand sy maag gekrap het. Dawid het my been gedruk en gesê dat Bees groter geword het, en dat hy na sy ma verlang het.

.....

Kaalvoet in die Drakensberge

Toe ek klaar my Valencia-lemoen geëet het, het ek weer in my Barcelona-reisgids gekyk. Ek moes weer lees wat ek nou-al uit my kop uit geken het: op die plein van hierdie kasteel op die Monjuïc-heuwel, wat hoog bokant die stad uitstyg, is Lluís Companys i Jover in 1940 gefusilleer. Hy was die president van die outonome Katalaanse regering, die *Generalitat*, en generaal Franco het hom weens sy ondermynende nasionalistiese bedrywighede (vir Katalonië se onafhanklikheid) ter dood veroordeel. Wat my elke keer weer gevang het, was Companys se versoek voor sy dood: hy het toestemming gevra om sy skoene en kouse uit te trek sodat hy kon sterf met sy kaal voete op die grond van Katalonië. 'n Laaste daad van toe-eiening, van bevestiging van identiteit, het ek gedink. Daar is vertroue en selfvertroue in so 'n versoek – dat hy dit met reg kon stel aan die mense wat hom binne oomblikke sou doodskiet, en dat hulle inderdaad die versoek aan hom toegestaan het. Ek het lank met 'n stywe keel op die sementbankie gesit en uitkyk oor die wasige stad. Ek sou nooit met soveel vertroue en opregtheid kon eis om met kaal voete op hierdie plein te sterf nie. Hierdie is nie my land nie, alhoewel ek 'n sekere liefde vir Katalonië aan't ontwikkel was. Ek het gedink dat ek trouens nêrens in die wêreld, selfs nie eens in Suid-Afrika, op so 'n gelaaide oomblik die moed sou hê om so 'n versoek te rig nie – ek het nie die reg op so 'n aanspraak nie.

Terwyl ek hieroor sit en dink, het ek onthou van Susanna Smit, die vrou van die trekkerpredikant, Eerwaarde Erasmus Smit, wat fier aan Henry Cloete gesê het dat sy liever kaalvoet oor die Drakensberge sou stap as om onder Engelse oorheersing in Natal te bly. So 'n vrou sou ook vra om met kaal voete op haar grond te sterf. Miskien het ek via haar tog 'n historiese aanspraak op 'n stuk aarde, in my land van herkoms en verblyf, het ek effens hoopvol begin dink. 'n Stuk land wat ek kon opeis deur met my kaal voete daarop te staan, of daaroor te stap. Maar ek was nie oortuig nie. Nie alleenlik het onlangse gebeure my vervreem van Suid-Afrika nie, ek was nie eens seker of ek en my

voorgeslagte ooit met reg kon aanspraak maak op die stuk grond wat ons “ons land” genoem het nie.

Susanna Smit se Drakensberg-opmerking het my verder laat dink aan ’n staptog wat ek onlangs in die suidelike deel van die bergreeks onderneem het – my eie kaalvoet-in-die-Drakensberg-ervaring. Van al die streke in Suid-Afrika, lê dié omgewing my die naaste aan die hart. En tog het ek selfs daar ’n gevoel gehad dat ek nie werklik eenhonderd-persent daar hoort nie. Dat ek soos ’n indringerplant daar is, weliswaar goed ingewortel in die grond, en aan’t groei, maar die eerste teiken vir natuurbewaring, of wieookal die veld sal wil suiwer van vreemde gewasse. Ek was ook daardie dag van die staptog (vir enkele minute) kaalvoet in die Drakensberge, maar dit was nie ’n aanduiding van my besittersreg nie. Trouens, my voete, en die van my stapgenote, het uiters onvanpas in die veld gelyk. Ons tone was wit en sag, en ons het onbeholpe op die harde graspolle rondgehobbel totdat ons weer ons skoene aangehad het en met meer gemak kon voortstap.

Ek het nog ’n lemoen uit my rugsak gehaal. Die stap teen Montjuïc op het my honger gemaak, en die lemoene in Katalonië is dik en soet. Toe ek dit afskil, het my herinneringe aan daardie dag in die berge soos die geur van die varsgeskeurde skil voor my kom hang. Wat my toe opgeval het, toe ons na Boesmantekeninge toe gestap het, is hoe ons onself (probeer?) oortuig het met ons handeling en woorde en gedagtes dat ons daar hoort in die veld, die omgewing, die grond – die land, het ek nou gedink. (Was ek daardie dag al so bewus van die bykanse futiliteit van ons handeling, of het ek intussen om verskeie redes meer ingestel geraak op die skynbaarheid van my reg op ’n land? Lluís Companys sou nooit vir een oomblik twyfel oor waar hy hoort nie, het ek gedink.)

Sewe van ons het gestap: my broer Boela en sy vrou Susan en hulle drie kinders, en Susan se neef Jakob, en ekself. Ons moes ’n paar kilometer ry na die natuurreservaat waar die wandelpad na die tekeninge begin het. Langs die pad het groot rotsblokke en klippe los in die lang gras gelê en as ’n mens jou oë vinnig daaroor laat gaan het, het dit soos grafstene van ’n verbygegane beskawing gelyk. By die hek

het ons toegangspermitte gekoop en inligtingsbrosjures gekry wat die agtergrond van die tekeninge geskets het. Ons het in 'n ry in die smal voetpaadjie gestap, teen die groen helling uit. Die helder sonstrale het kort-kort agter dik wit wolke verdwyn wat soos verskuiwende kontinente in- en uitmekaar gedryf het. Dit was interessant om die kinders dop te hou: 'n dogter van agtien jaar, 'n seun van sestien en 'n laatlam van tien. Die twee susters het hulle tuis gevoel in die veld. Hulle het flink gestap en geïnteresseerd rondgekyk en na al die opmerkings van hulle pa geluister. Hulle het gretig aan verskillende grassoorte geproe en droë dierekuttels probeer eien deur dit oop te breek en daaraan te ruik. Boela, my broer, het hulle gewys waar die bobbejane “gedefekeer” het (soos hy dit delikaat aan sy dogters gestel het). Hy het vir hulle 'n otter se eetplek uitgewys wat vol fyngemaalde wit krapdoppe was, en hy het hulle lank vermaak met 'n spiraalvormige, harige uitwerpsel. Hulle was effens gegru om daaraan te raak, veral nadat Boela gesê het hy is seker dit is die “uitwerpsel van 'n uil”, die hare komende van die muise se velle wat ingesluk word. Die dogters kon 'n verskeidenheid voëls identifiseer en het ingelig oor voedselkettings gepraat. Ook Boela het met selfversekering en selfs eiegeregtigheid in die veld gestap. Hy het byna met 'n soort besitlikheid sy kennis van die veld met die kinders en die res van ons gedeel. Hy het plante se Latynse, Afrikaanse en Zoeloe-name geken en niemand sou dit waag om hom teen te spreek nie (of om hom van die veld af te verjaag nie). Nie een van ons het daardie dag oor ons skouers geloer soos vreemdelinge wat onwettig op 'n stuk land rondstap nie. Selfs die seun van sestien het gemaklik gevoel, heeltemal deel van die natuur, het ek opgemerk. Hy het soos 'n bobbejaan (waarvan daar 'n hele paar op die kranse rondom ons rondgesit het) geboggem, homself gekrap soos 'n bobbejaan sou doen, agter bossies ingehobbel en sy susters bespring wanneer hulle verbystap. Hy het klippe omgekeer en gillend gemaak asof hy skerpioene vang, en hy het dik harige wurms op die susters se skouers gesit. Sy nabootsing van bobbejane se gedrag was merkwaardig goed – hy moes hulle al baie en lank dopgehou het, het ek gedink.

Susan was op haar eie manier besig om beslag te lê op die veld. Sy was ingenome met die “skoonheid van die natuur”, soos sy dit in ’n respekvolle toon genoem het, en sy het ons almal attent probeer maak op die dinge wat sy waargeneem het. Sy het ons geroep om te kyk na ’n voël wat sy vlerk stadig “soos ’n waaier oopvou”; na fyn spinnerakke vol waterdruppels, wat “soos diamante lyk, soos kandelare, soos juwele om statige ou dames se nekke”; na tonele met bome in die verte wat soos “impressionistiese skilderye” lyk. Die veld het op ’n ander manier tot haar gespreek as tot Boela en die kinders, meer westers, burgerlik, huislik, het ek na die regte woord gesoek.

Haar neef Jakob, wat met ’n ongemaklike ritme stap, en my laat dink het aan ’n motor sonder vere op ’n ongelyk stuk pad, se sakke het toenemend uitgebult van al die klippe wat hy opgetel het vir latere bestudering. Jy kan alles van die omgewing aflees uit ’n klip, het hy verskonend gesê. Hy het ook telkens waar daar ’n oop stukkie sagte grond was, lank stil gestaan en die lyne (deur insekte of voëlspootjies gemaak) probeer lees, soos hy sy aktiwiteit beskryf het. Alles in die veld praat met hom, het hy gesê, en omdat hy dit met soveel nederigheid gesê het, het niemand opmerkings daaroor gemaak nie.

Soos so dikwels met my gebeur wanneer ek in die veld stap, het talle van die ou FAK-liedere deur my kop gemaak, en ek het (moet ek beken) telkens hoendervleis gekry. “Die hoogland is ons woning, die land van son en veld,” is afgewissel in my kop deur “O boereplaas, geboortegrond, jou het ek lief bo alles,” en die “magtige dreuning” wat wyd oor die veld gesweef kom. Allerhande patriotistiese oergevoelens het deur my gespoel, en ek het soos ’n lid van ’n Wandervogelbeweging gevoel daar in die idilliese omgewing.

By die “Drie Poele”, wat halfpad lê op pad na die tekeninge toe, het ons besluit om ’n bietjie af te koel. Dit was te koud om te swem, maar ons voete het begin warm voel. Ons het op groot klippe en gelyk stukkie gras gaan sit, ons skoene en kouse uitgetrek, en ons voete in die water laat hang. Boela het vir ons almal lemoene aangegee, en dis daardie reuk – en die kaal voete – wat die draad gevorm het tussen die

bankie by die Montjuïc-kasteel in Barcelona, en die Drakensbergse veld.

In die water het ons voete soos papperige larwes gelyk. Die laatlammetjie se voete was nog jonk genoeg om nie te sleg te lyk nie, maar die ouer kinders se voete en tone, om nie van hulle ouers, myne en Jakob s'n te praat nie, het gelyk of dit aan spesies van 'n vreemde, waterige planeet behoort. Dit het glad nie hier in die veld gehoor nie. Ons het ook, toe ons opstaan en oor die klippe en harde polle gras probeer loop, komieklik en onwaardig, met uitroepe van pyn rondbeweeg. As ons voete die maatstaf moes wees, het ons glad nie in daardie omgewing gehoor nie, het ek toe gedink.

Ons het teen middeldag by die rotsoorhang met die tekeninge gekom. Ons was verstom: hierdie was dokumente van 'n vervloë beskawing, nog duidelik teen die rotswande af te lees. Ons was almal so stil voor die kunswerke dat die suising van die lug deur die lang gras, die gedraal van 'n vlieg, die geklapper van 'n sprinkaan se pote, en die veraf gekoer van 'n duif duidelik hoorbaar was. Dit was asof ons in 'n tempel ingeloop het en in stille eerbied na alles om ons gestaar het. Een van die tekeninge was van 'n jag: sewe figure om 'n bok, 'n eland – die bene van die jagters wyd uitmekaar geteken om die spoed van die jag aan te dui, spiese gereed bokant hulle koppe. Ek het onthou dat ek gelees het in 'n boek oor Boesmantekeninge dat hulle verhouding tot die eland kompleks was. Volgens hulle geloof het net elande geweet waar Cagn, die opperwese, teenwoordig is, en waar ook al troppe elande in die veld was, het hulle geweet dat hy ook in die omgewing was. Maar hulle het die bokke ook gejag en ten volle benut: elande het vleis verskaf vir 'n groot groep mense, en die velle was nuttig vir kleding, vir die velbedekkings om die rompedeeltes van mans en vrouens. Wat opgeval het, denkende aan ons pynlike voetervarings in die veld, is dat die Boesmans nooit skoeisel probeer maak het met die velle nie. Hulle het kaalvoet, in somer en winter, op graspolle en sand en rotse en sneeu rondbeweeg.

So goed was die Boesmans aangepas by hulle omgewing, het ek onthou waar ek op die Montjuïc-plein gesit het, dat die materiaal, die

bronne vir hulle kunswerke (wat ons na etlike millennia steeds kon sien) uit die natuur om hulle gekom het (en selfs uit hulleself). Hulle kwaste was van hout en vere en skerp-gemaakte klippe, en hulle het plantsappe, uitwerpsels van diere en voëls, bloed van diere en van hulleself en urine en speeksel gebruik om verf mee te maak. Hulle het in harmonie met hulle omgewing geleef. Meer nog, hulle was deel van die omgewing, nie besoekers en landbesetters en kolonialiseerders nie, soos die latere swart vlugteling en trekboere, die wit trekboere, die Engelse administreerders – wat almal hulle bes gedoen het om hierdie inheemse mense uit te wis. Onself, soos ons daar voor die tekeninge gestaan het, is al dikwels as landdiewe en imperialiste beskryf. En waarskynlik met reg, wat ons eintlik die reg ontnem het om so eiegeregtig daar rond te beweeg. Net hulle, net die Boesmans, het ek emosioneel gedink, kon met reg aanspraak maak op die grond waarop hulle in winter en somer met hulle kaal voete geslenter, geloop, gehardloop, gestaan, gesterf het.

Ons het in stilte teruggestap van die tekeninge af. Die kinders was moeg, maar die volwassenes het met ander gewaarwordinge geworstel. Boela en Jakob het iets gesê van moontlike grondeise van vroeëre bewoners, maar nie so vroeg soos die Boesmans nie (het Boela met effense drif bygevoeg), en toe sugtend stilgebly. Susan het ons nog vir laas tot stilstand geroep en gewys op die rotse en kranse agter ons, wat soos “mistieke ruïnes van middeleeuse katedrale” teen die donkerwordende wolke gestaan het. ’n Trop elande nie ver van ons af nie het ons tot verdere stilte gedwing. Miskien was Cagn daar en het ons oor heilige grond gestap, nie kaalvoet soos dit hoort in die omgewing van ’n goddelike wese nie, maar met ons growwe leerveldskoene.

Ek het weer in my gidsboek oor Barcelona gekyk. Hier, op hierdie plein, dalk baie na aan die plek waar ek nou gesit het, het Lluís Companys sy versoek gerig. Ek het om my gekyk en besef dat ek heeltemal alleen was. Versigtig, skuldig, het ek my skoene en kouse uitgetrek, en met my wit larwe-agtige tone oor die betonvloer van die plein geskuur. Miskien kon ek ’n bietjie van Lluís Companys se

sekerheid en vertrouwe deur my kaal voete opvang voor ek die volgende dag sou teruggaan na Suid-Afrika toe.

Trekkerswee

Tweemaal per jaar probeer ons wegkom uit die stad. Ons moet weer vars lug inasem, die veld ruik, 'n kabbelende rivier hoor, sê ons vir mekaar. Ons vryf die spasmarknoppies in ons nekke en sê dat die natuur ons weer perspektief sal gee op alles wat foutgaan met ons lewens in die stad.

Hierdie jaar het 'n langnaweek in Junie oopgeval en ons het vroeg uit Durban weggetrek, die motor en die sleepwa gelaai met kos en beddegoed en ekstra vuurmaakhout en Selma se visgerei. Daar is baie damme met forelle in die Suidelike Drakensberge, waarheen ons op pad was, en Selma het belowe om een aand vis te braai.

Ons het teenoor mekaar opgemerk hoe rooi die opkomende son was, half verskuil agter miswolke oor die see. Die wind was warm en rukkerig en swerms voëls het onrustig op die dakke van 'n Rooms-Katolieke Kerk en 'n KFC-tak saamgebondel. Selma het gesê dat die temperatuur, net voor ons gery het, reeds 22 grade Celsius was – hoog vir hierdie tyd van die dag en jaar, en dat die voggehalte ook laag gestaan het op 40 persent. Ons kon dalk koue weer hê in die berge, selfs sneeu, het ons gefantaseer. Dit is goed dat ons ekstra hout inhet, dink net aan die lekker kaggelvuur, die romantiese atmosfeer in die karig toegeruste berghut sonder elektrisiteit.

Antoinette het 'n boek met landkaart voor haar oopgehad. Ons het dit nie regtig nodig gehad nie. Ons kon al toe-oë Boesmanskloof toe ry. Maar, het Antoinette gesê, 'n mens moet altyd 'n kaart byderhand hê, én weet hoe om dit te lees. Sy sal nooit vergeet hoe haar pa haar broer eenkeer uitgetrap het omdat hy nie aanwysings korrek van 'n kaart kon gee nie. A nee a! 'n Boerseun wat nie kan kaartlees nie! Nee, kragtie, het haar pa gesê.

By Pietermaritzburg verby het ek onthou van Eerwaarde Erasmus Smit se dagboek wat ek onlangs gelees het. Terwyl ons die dynserige veld en heuwels en bloeiende aalwyne bewonder het, het ons gewonder hoe Natal vir die Trekkers gelyk het toe hulle uiteindelik deur en oor die lae van die Drakensberge gekom het. Eerwaarde Smit was

verontwaardig oor die ongehoorsaamheid van baie trekkers – hulle het teen die heuwels en rante afgestroom met hulle waens en vee voordat Piet Retief finale ooreenkomste met Dingaan gesluit het, het ek vertel. Selma het gesê sy dink Dingaan het, toe hy die stof uit sy oë vee en die spul sien neerdaal op sy valleie, vir homself gesê, o fok, hier kom groot moeilikheid. Ons het so gelag dat ons byna ons afdraaipad net anderkant Pietermaritzburg – Ixopo, Bulwer, Southern Drakensberg staan op die bordjie – gemis het. Antoinette het ons net betyds gewaarsku.

Dié pad was nouer en besiger, veral met taxi's en groot vragmotors wat dik stompe hout vervoer. Kan jy dink, het Antoinette opgemerk, toe ons stadig en versigtig afdaal na die Umkomaas-rivier, hoe dit moes wees om met waens en spanne trekosse, vrouens en kinders, skape en beeste, sonder 'n pad teen sulke steiltes op en af te sukkel? Selma het geantwoord dat sy klaar haar hande vol het met die bokke en beeste wat voor ons oor die pad loop, en dat sy haar nie nog kon bekommer oor 'n klomp takhare van wie weet hoe lank gelede nie. Antoinette het gewonder hoe die trekkers die ontsettende onsekerhede hanteer het. Goed, het sy gesê, hulle het geweet hulle was op pad êrens heen, maar het die vrouens nie mal geword van vertwyfeling nie. Kan jy dink hoe hulle voor die trek moes wroeg. Dit bly die ergste, dat hulle die karige sekerhede wat hulle gehad het, moes opweeg teen die oorweldigende onsekerhede en gevare van die trek die onbekende in, het Antoinette gemymer. Ek en Selma het nie meer met al ons aandag geluister nie. Ons het geweet sy was nou eintlik besig met haar eie probleme, haar huiwering om te skei en haar eie woonplek te kry.

By Bulwer het ons weer gepraat, soos al die vorige kere, oor die kerkie wat geheel en al van geelhout gebou is. Kyk, hier's die afdraaipad, het ons vir mekaar gewys. Ons moet weer eenkeer gaan kyk, het ons gesê. By Underberg het ons opgemerk hoe ons kon voel ons laat ons sorge nou agter. Ons het oor die wintersbome gepraat, en oor ons gemis aan seisoene, herfs, nee lente, nee die winter die meeste, in subtropiese Durban. Selma het vir ons gewys hoe baie remsleepmerke daar op die pad was, en ons het laggerig gewonder oor die

donker wielspore wat skielik skuins afloop van die pad en dan net verdwyn. Daai man het groot moeilikheid gehad, het Selma telkens gesê.

Die aand toe ons om ons eerste kampvuur in vyf maande sit, het Antoinette haar gesprek van vroeër oor trek voortgesit. Selma het eenkant gesit en vleisbraai, en Antoinette se stywe pap het op die koolstoof (wat ons met groot moeite deur die middag aan die gang gekry het) gestaan en stoom. Sy moes 'n ent teen 'n heuwel uitklim om 'n sein op haar selfoon te kry sodat sy haar ma kon bel vir die papresep.

Ek droom van trek, elke nag, het sy by die vuur gesê. Die drome begin gewoonlik waar ek hoog in 'n koue, grys woonstel sit en wag, of lê op die vloer, of op 'n balkon staan en uitkyk. Dit lyk soos grys blokwoonstelle uit die ou Oosbloklande, en in die strate is daar tonele van geweld en verwoesting – groot brande, of oorstromings. Maar ek weet ek gaan trek. Ek weet nie waarheen nie, ek weet net met sekerheid dit gaan beter wees in die nuwe plek. En daarom voel ek nogal positief, in my drome.

Ek het na Antoinette se benerige vingers gekyk waarmee sy haar kombes voor toe gehou het. Haar gesig het in die vlamlig gefragmenteerd gelyk, soos 'n veelkantige masker. Jy klink soos my pa, het ek vir haar gesê. Hy het ons altyd belowe dat die nuwe pastorieë en gemeentes en dorpe waarheen ons sou trek beter en landeliker en meer idillies, vol warmte en welwillendheid, beter vir ons gesondheid en algehele lewensgeluk sou wees.

My arme ma, het ek onthou, het altyd stil en bleek geword as my pa 'n beroep kry. En, wanneer ons getrek het, het ons die nuwe pastorieë beskroomd betrek en soos vreemdelinge in hotelkamers probeer neskop. Geen spykers in die mure nie, het my ma altyd gesê, dis nie ons huis nie, ons weet nie hoe lank ons gaan bly nie. Sy het soms effens verwykend gesê dat ons aardse wonings in elk geval maar soos tentwoningen is, net tydelik. En ons het altyd wantrouig bly snuif in die kombuise wat na vreemde gebak vir gemeentefunksies van lank gelede geruik het, het ek vertel.

Selma het besig gebly met die vuur en die vleis en die sous binne op die koolstoof, niks gesê nie, net effens gesug wanneer sy opstaan of kom sit. Ons ken mekaar al lank, en ons aldrie weet dat Selma ook haar worstelinge met trek het. Sy kan haar nie vir lank op 'n plek vestig nie. Sy koop die een gastehuis na die ander, en kap en breek en bou met woedende energie aan die nuwe plek, en hang die swaar donker handgekerfde houtraam in elke nuwe voorportaal. En begin dan van voor af soek na 'n ander plek. Ons maak nie meer opmerkings daaroor dat die houtraam nog al die jare leeg is nie.

As pastoriekinders, het ek verder vertel, was ons seker maar beperk in ons verbeeldingswêreld tot die dinge wat vir ons bekend was. Ons het byvoorbeeld 'n trekspeletjie gehad, ek en my twee broers. Ons het al ons speelgoed opgepak – die eenoogpoppe en hulle karige klere, lees- en skryfboeke, legkaarte, komberse en kussings, 'n ou tentseil waarop ons kon uitspan. Alles wat ons in die hande kon kry, het ons op mankolieke en geroeste ou sleepkarretjies en babawaentjies gelaai. Dan het ons begin trek deur die tuin. My ouer broer was 'n streng trekleier, altyd geheimsinnig oor ons bestemming. Ek onthou die moeisame afpak en kamp opslaan. En dan, net wanneer ek en my jonger broer wou begin speel, was dit weer oppak en verder trek, na die volgende groot boom toe, of die sandbak, of die rietbos. En halfpad deur alles het ons trekleier verveeld geraak en ons agtergelaat, verwese, sonder plan of doel. Ek onthou die gedrae atmosfeer waarin ons getrek het, het ek gesê. Verantwoordelikhede en probleme, tragedies was op ons pad – ons het dit geweet. Ons skaduwees was tweekeer so groot soos ons. My jonger broer se gunsteling trekkere was 'n swart reënjassie en reënhoud. Soos 'n middeleeuse pesdokter, of soos ons eie Eerwaarde Smit het hy ons vergesel, in sy somber gewaad. Ek wonder of hy toe al vermoed het dat sy trekpad besonder lank sou wees. Hy sit nou in Australië. Dit was al eerbare uitweg, het hy nou die dag vir my in 'n email gesê. Ons verdien om slawe te wees in Suid-Afrika, het hy geskryf.

Selma het my onderbreek. Sy wou weet of ons buite of binne wou eet, die kos was gereed. Ons het binne gaan eet, ons stoele baie

naby aan die koolstoof getrek. Antoinette het vertel na hoeveel blyplekke sy gaan kyk het die afgelope paar weke, hoe akueel na sy in sommige plekke gevoel het. Dan het sy geweet, dit is nie die regte plek nie. Haar maag het besluite vir haar begin neem, omdat sy psigies, emosioneel, intellektueel te uitgeput was – hierdie vermoëns het haar nou gefaal, het sy vertel.

Selma het later, toe die buitevuur net as was, en die koolstoof gegloei het van warmte – ons sal die volgende aand vuurmaak in die kaggel, het ons gesê – ‘n paar daggasigarette gerol (goeie goed, Swaziland Gold, het sy gesê). Ek en Antoinette het ook versigtig saamgesuig. Selma het onthou van bakkies, porseleinbakkies, in haar ouma se huis in Springs, toe sy ‘n kind was. Daar was waens en spanne osse en boere en boerseuns en touleiers met swepe en selfs perde op daai klein bakkies geverf, het Selma vertel. Selfs datums, 1838 tot 1938. Dis verstommend, het sy gesê, wat alles op die bakkies ingepas het. En, het sy verder onthou, die verf wat gebruik is om op die bakkies te verf het die kleur van gedroogde bloed gehad. Terwyl Selma vertel het, het ons met vertrekte gesigte gelag, met tranes wat oor ons wange stroom, sodat dit meer gelyk het of ons rukkend huil. Al die taferele op klein bakkies waaruit hulle as kinders pap en melkkos geëet het!

Die volgende dag wou Selma gaan visvang. Eers in die helder Boesmansrivier ‘n bietjie spiere opwarm, en later in een van die damme in die omgewing. Ek en Antoinette het saamgedrentel, hier na waterdruppels op spinnerakkies gekyk, daar na vetplante of grassade of dierekuttels. Selma het ‘n groot poel gekies en ek en Antoinette het op ‘n plat rots wat begin warm bak gaan sit. Ons het lank sprakeloos toegeklyk hoe selfversekerd Selma haar visgerei hanteer, en hoe sy met vloeiende armbewegings die lyn liggies oor die water laat swiep.

Antoinette het teruggekeer na ons gesprekke die vorige dag oor trek. Ek kan aan niks anders dink nie, het sy gesê. Ek moet wegtrek uit die huis van verwyte en stiltes. Ek het ‘n allesoorheersende verlange na ‘n plek van my eie. Ek dink ook aanhoudend aan my ma,

toe sy uit hulle huis getrek het na my pa se dood. Ek het haar gaan help met die pakkery, het Antoinette vertel. En die laaste aand, die aand voordat sy die plek sou verlaat waar sy en my pa vir meer as dertig jaar lank gebly het, het ek iets van haar gesien wat ek nie geweet het bestaan nie. Ons het klaar nag gesê vir mekaar, en ek was besig om my tande te borsel, toe sy skielik in die deur van die badkamer kom staan. Nou, dit is baie ongewoon vir my ma, het Antoinette gesê. Sy het 'n buitengewone respek vir die privaatheid van ander se ruimtes. Sy het haar hele lewe lank (in elk geval vir solank as wat ek kan onthou) stil, byna onsigbaar, sonder om ooit enige aanstoot te gee, deur die gange en vertrekke van ons huis beweeg. En sy sou altyd liggies en verskonend klop aan ons kamerdeure, of aan my pa se werkskamerdeur waar hy so dikwels besig was met die houtbeelde wat hy gemaak het. So, toe sy daardie aand byna indringerig in die badkamerdeur kom staan, was ek baie verbaas. Dit het vroeër in die aand begin reën, lekker harde reën, en my ma het nog opgemerk hoe bly sy is dat haar plante genoeg water sal hê vir 'n week of twee nadat sy weg is. Kom gou saam met my, het sy samesweerderig vir my gesê waar ek met 'n mond vol tandepastaskuim gestaan het. Ek wil jou gou iets gaan wys. Sy het 'n penflitsie in haar hand gehad. Dit is moeilik vir my om my verbasing oor haar vreemde gedrag aan jou te verduidelik, het Antoinette vir my gesê. Ons is deur die donker huis na die agterdeur toe, en buitetoe deur drie sekuriteitshekke wat sy sonder aarseling oopgesluit het, tot by die riviertjie onder in die tuin wat ruisend afgekom het. My ma was opgewonde, soos 'n skooldogter wat uit die koshuis ontsnap het. Sy het met die flou flitsie oor die sterk donker stroom gelig, en wou presies bepaal teen die wal met hoeveel sentimeter die water gestyg het. Dit het nou liggies gereën en ons het vir 'n hele ruk daar langs die water gestaan, met die reuk van modder en nat boomwortels en vars gras in ons neusgate. Uiteindelik het sy my liggies aan die hand gevat en ons is binnetoe. Toe ek die ganglig aansit, het haar oë geskitter en haar wange was rooi. In my hele lewe, het Antoinette gesê, het ek haar nooit so gelukkig gesien nie.

Dit het gelyk asof Selma niks hoor nie. Sy het soos ‘n persoon in ‘n trans heen en weer gewieg, totdat die hele lyn uitgegooi was, en het dit dan weer ritmies begin terugryg.

Ek en Antoinette het lank stilgesit. Ek het onthou van my ouers se trek aan die einde van die vorige jaar. Ek het ook gaan help, alhoewel my ma supergeorganiseerd is – ek was meer daar vir emosionele ondersteuning. My pa is bedlêend en my ma wou eintlik hê ek moet by hom sit terwyl sy so besig was, het ek vir Antoinette gesê. So noukeurig en gesteld op netheid is sy, dat sy nog die Sondag voor die dag wat hulle sou trek in die eetkamer tussen honderde kartondose haar kerkrok gestaan en stryk het vir die diens. Sy moes spesiaal die stryktafel en yster uithou daarvoor. En natuurlik het alles presies en ordelik verloop met die trek die volgende dag. Wat my egter onmiddellik opgeval het van die nuwe plek, ‘n huisie in ‘n aftree-oord, was die oerbekende pastorieuk wat ook daar in die lug gehang het. Vir die eerste keer het ek besef dat dit iets kon wees wat ons gesin met ons saamgedra het, waar ons gegaan het. En wat onthutsend was van die nuwe plek, was die miere in die hoofslaapkamer. ‘n Aanslag van miere wat selfs teen my ma en haar veelvuldige insekdoders en gifpoeiers bestand was, het ek vir Antoinette vertel. Dit was asof die slaapkamer op ‘n reusemiernes gebou was. En my pa, wat baie stil lê vir groot tye van die dag, het soms, terwyl ek en my ma besig was om uit te pak, verward en benoud geroep om hulp. En wanneer ons in die kamer kom, het honderde ligbruin miertjies oor hom gewemel, in sy yl hare, in sy nek, oor sy wasagtige vingers. Ons moes hom dan van die bed aftel en die miere van hom afvee, die lakens vervang en die mat en muurlyste vir die soveelste keer stofsuig. Dit was asof ons karakters was in ‘n onheilspellende droom, het ek gesê.

Selma het uit die water gewaad, haar visgoed tydsaam versorg en toe by ons kom sit op die rots. Sy het ‘n halfgerookte skyf uit haar visbaadjie se sak gehaal en rustig daaraan begin trek. Die miere, het sy tussen die teue deur gesê, laat my dink aan iets wat ek êrens oor een van die Engelse konsentrasiekampe gelees het. Iemand het vertel dat hy een oggend, of een aand, ek kan nie onthou nie, verby ‘n tent gestap

het. (Antoinette en ek het vir mekaar geloer – hierdie verhaal was om verskeie redes van onsekere oorsprong.) En, het Selma verder vertel, op die grond in die tent het twee, of drie – wat maak dit in elk geval saak – op die grond het twee of drie kinders – dood – gelê, hulle lywe oortrek van miere. En, brandend van koors, het die ma eenkant op ‘n veldbedjie gelê, met die laaste van die kinders ylend teen haar aangevly. Selma het die sigaretstompie met haar nael op die klip doodgeknyp en dit teruggesit in haar sak. Dit is waarheen daai trip uit die Kaap en oor vlaktes en gebergtes vir die Boervroue en kinders gelei het, het sy gesê. Dood, op die grond, oortrek met miere.

Antoinette het gereageer soos ek gevoel het. Half verontwaardig, verward, ietwat geïrriteerd met Selma. Hemel Selma, het sy gesê, jy kan darem ekstreme en ontstellende assosiasies maak. Is dit nou regtig nodig?

Ons is kort daarna terug hut toe en het die res van die dag deurgebring met lees en foto’s neem en vuurmaak – veral die koolstoof het voortdurende aandag vereis. Hierdie aktiwiteite, het ons vir mekaar gesê, trek ‘n mens se aandag heeltemal af van die probleme van ‘n stadslewe. Maar ek het die gevoel gehad dat dit nie waar was nie. Nie net die skimme van ons lewe in die stad het hier in die vars berglug duideliker, helderder omlyn begin uitstaan nie, maar ook die skimme van ons jonger dae, en selfs van die tye voor ons nog gebore was.

Die volgende dag, die dag voor ons sou terugkeer stad toe, het ons ‘n uitputtende staptog na Boesmantekeninge hoër op in die berg onderneem. Dit was ‘n ysige dag. Die koue front waarvan ons die voortekens in die warm wind en drukkende dynserigheid in die lug in Durban reeds geles het, het opgedaag. Ons het hieroor en daaroor gepraat, ‘n paar keer gestop om lemoene te eet en ‘n bietjie te rus. Selma en Antoinette het oor hulle laaste affairs gepraat. Selma met ‘n tuinontwerpster – die eerste drie weke was onbeskryflik – en Antoinette met nog ‘n manipulerende high-flyer wat haar gevoelens van ontoereikendheid verder versterk het. Ek moes so dikwels vlak

asemhaal, tydens en veral na die affair, omdat alles binne my 'n pap, bloederige gemors was, het sy gesê. Selma het ook opgemerk dat sy niks verder gevorder het met haar soektog na haar biologiese ma nie. Sy is blykbaar net na haar (Selma se) geboorte terug Engeland toe, en het daar verdwyn in laaie vol lêers.

Ons het nie lank vertoef by die Boesmantekeninge nie, net 'n paar foto's van mekaar geneem, water gedrink, appels geëet, droë kouse aangetrek en begin terugstap. Die wind het sterker begin waai, en ons was nie seker oor wat die weer verder kon inhou nie.

Op pad terug het Antoinette nogeens genoem dat sy so baie oor trek droom en dink op hierdie stadium van haar lewe. Die woord is vir haar so gelaai met inhoude en nuanses, en sy kan haar volledig identifiseer met die ontsettende gevoelens van onsekerheid wat die trekkers met hulle waens moes ervaar, dalk selfs hier in hierdie omgewing waar ons besig was om te stap.

Ek en Selma het effens geïrriteerd begin raak met Antoinette. Ons het vinniger probeer stap om 'n bietjie afstand van Antoinette, en stilte, te kry. Wat Selma verder vies gemaak het, was die maer bleekgrys hond wat iewers uit die gras gekruip het en ons op 'n versigtige afstand begin volg het. Sy het 'n paar goedgemikte klippe in sy rigting gegooi en Antoinette gemaan om geen aanmoedigende geluide te maak nie. Mgodoyi, het sy gesê, en ons kan hom nie help nie en ons sal net probleme hê as hy ons tot by die hut volg.

Antoinette was vir 'n wyle geïnteresseerd in die hond, maar het toe teruggekeer na haar trektema. Die vroue, het sy weer begin toe sy ons ingemaal het, dit is veral die trekkersvroue se ontheemdheid en ontberinge wat my fassineer. En die simboliek van trek! Dink aan die Israëliete uit Egipte, die Afrikaners weg van Engelse oorheersing – daar is altyd iets van bevryding in die handeling van trek. Sy was uitasem van die vinnig stap en van aandoening. Ons het verstaan waarheen sy mik, maar Selma het genoeg gehad. Ag nee, my liewe fok tog, Antoinette, het sy gesê. Ons het aldie gaan stilstaan. Ek ken net een trekstorie, het sy gesê, en daar's niks simbolies daaromtrent nie. En dit is eintlik vir my die laaste woord oor trek, in elk geval in óns

land. Ek, en ek dink Antoinette ook, was verbaas. Ons meen soms dat Selma geen historiese bewussyn het nie. My oupa se pa, het Selma voortgegaan, het geboer in die Philippolis-distrik. Hulle was árm, maar die twee Griekwa-gesinne op die plaas, wat die werkers was, was nóg armer. En een oggend, baie vroeg in die donker winter, toe hierdie ou man se vrou, seker my oumagrootjie, in die kombuis werskaf, hoor sy geluide by die agterdeur. Toe sy oopmaak, staan daar twee karige waentjies met enkele blikke en meubelstukkies daarop, een donkie vooraan elke wa. Bo-op die waentjies sit die twee werkersgesinne, toegedraai in gehawende komberse en lappe. Die ouma, die oudste persoon in die groepie, sê van bo van die een wa af: ons het kom groet. Ons gaan trek. Julle het ons land gevat.

Met hierdie woorde het Selma nog een laaste venynige klip na die hond toe gemik, en hy het met ‘n gekromde rug – vrot van die wurms, het sy gesê – weggedraf in die voetpaadjie. Toe het sy omgedraai en begin aanstap. Ek en Antoinette was verslae. Sy het moedeloos gewonder, terwyl ons inbeur teen die wind, hoe lank ons nog ons persoonlike dramas teen die agtergrond van ons meedoënlose geskiedenis sou moes probeer uitleef. Met die wete, het sy geweeklaag terwyl sy oor ‘n klip struikel, dat hierdie selfde geskiedenis ons ervarings, ons grootste vreugdes en ons diepste pyne en ontnugteringe minimaliseer, trivialiseer, ophef. Ek het, denkende aan alles wat Selma tot dusver die naweek kwytgeraak het, gesê dat ons hele geskiedenis eintlik soos ‘n groot, ‘n te swaar klip is wat ek gedoem is om vir altyd met my saam te dra. Maar Selma, teen wie ons magtelose verwyte gerig was, was reeds ver vooruit, en die ysige wind het die woorde voor ons monde weggewaai.

Toe ons by die hut aankom, het Selma reeds, iesegrimmig, in die deur gestaan. Ons het besoekers gehad, ‘n klomp van ons goed is weg, het sy het met haar duim oor haar skouer binnetoe beduie. Ons komberse was weg, ons kos en drinkgoed, die ekstra (droë) vuurmaakhout, flitse en kerse, my kameras en Antoinette se selfoon, ons klere en skoene. Daar was nog genoeg tyd voor donker om terug te ry Durban toe, maar Selma het ons oortuig om te bly tot die volgende

oggend. Sy het 'n heupflessie brandewyn in haar vissak gehad, en 'n ekstra sakkie Swaziland Gold onder die voorste sitplek van die motor. En 'n ou vuilerige kombes in die sleepwa waarmee sy die losgoed vasgepak het. En sy kon ons leer klawerjas speel, het sy gesê, sy het altyd 'n pak kaarte byderhand. En sy sou vir laas probeer om 'n vis te vang. Sy het nie geslaag met die vis nie, en ons het die aand en nag stoïes deurgebring, byna sereen in die vroeë oggendure, asof ons onthef was van 'n swaar verpligting, asof ons besig was met 'n nagwaak by iemand wat gesterf het na 'n lang lyding.

Ons het die volgende oggend baie vroeg gery, met die leë sleepwa wat lawaaierig oor elke klip gewip het. Ons het oor ditjies en datjies gepraat. Ek oor my kinders wat so selfstandig begin word, Selma oor die toename in boukoste per vierkante meter en in oordragkoste, en eintlik kan ek nie onthou dat Antoinette veel gesê het nie. Sy het vermoed dat haar landkaartboek ook gesteel is saam met die paar tydskrifte wat sy op 'n rak in die kombuisie gesit het, en het effens stug deur die motorvenster gestaar.

Terug in Durban, terwyl ons ons oorblywende goedjies uit- en oorgepak het, het ons opgemerk hoe warm die wind steeds gevoel het – die koue front se fut was uit voor dit in Durban kon kom. Ons het vir mekaar geglimlag en gesê hoe goed die naweek ons gedoen het, ten spyte van die skade wat ons gely het. Ons het ons skouers op en af getrek en gesê ons kon voel dat ons 'n bietjie weg was van alles af. Nou sien ons kans vir die volgende paar maande, het ons gesê, en in die laatlente sou ons weer wegbreek, koel vars berglug gaan inasem, vuurmaak en visvang en stap in die veld. Die trekkersbloed vloei darem deur ons are, het ek en Antoinette gesê, en Selma het toegeeflik met haar kop geknik.

Giftige fontein

Ek was op pad na Paulpietersburg toe ek besluit om in te draai by Umthunzini, 'n kUSDorpie sowat 130 kilometer noord van Durban. Ek het 'n paar jaar daar gebly toe ek vir 'n streekskoerant gewerk het, voordat ek tien jaar gelede Durban toe getrek het.

'n Familielid wat op 'n plaas naby Paulpietersburg woon, het my enkele dae tevore gebel en vertel van 'n sterk fontein wat spontaan aan die buitewyke van die dorp ontspring het na die onlangse stormreëns. Duisende liter water stroom per sekonde uit, maar dit is bruin en skuimerig en uiters giftig. Enkele van die bokke wat in die omgewing wei en van die water ingekry het, het na 'n kort maar hewige lyding daar by die fontein gevrek. Die mense van die dorp bespiegel daaroor en het gewonder of die steenkoolmyn in die omgewing van die fontein, wat tien jaar gelede toegemaak is, iets met die kwaliteit van die water te doen het. Dalk, het my familielid gesê, moes ek vir hulle kom kuier en terselfdertyd kom kyk na hierdie verskynsel so reg uit die boek van Openbaringe.

Umthunzini lê in 'n sagte kom en is omring deur suikerrietlande en bloekom- en denneplantasies. Uitheemse struik en rankplante verstrengel en oorrank inheemse bome en ek ervaar 'n vertroude gevoel van onbehae oor soveel verskillende skakerings groen toe ek by die hoofstraat indraai. Ek ry stadig tot by die gholfbaan aan die einde van die straat. Buiten 'n nuwe klein inkopiesentrum langs die ou gebou met die Barclaysbank-bordjie daarop, lyk die toneel bekend: blink motors voor die gholfklub, baie mense wat onder die bome rondlê, vroue wat hulle kinders sit en borsvoed op die gras by die bushalte, 'n seewasigheid oor alles wat die illusie skep van rustigheid en welwillendheid.

Ek wonder vir 'n oomblik of ek moet uitklim en 'n draai stap om die goedversorgde gholfbaan, maar besluit daarteen. Paulpietersburg is nog ver. Ek draai om en ry stadig terug, maar toe ek by Rut van Aswegen se Algemene Handelaar verbyry, het ek skielik 'n behoefte om haar te gaan groet. Sy was altyd 'n interessante vrou met honderde

stories om te vertel. Enkele aande voor my vertrek uit die dorp, net voor die historiese eerste demokratiese verkiesing in 1994, het sy by my aangekom met 'n lys vol name van donateurs en daarop aangedring dat ek ook bydra. Bydra waartoe?, het ek gekeer, en is toe ingelig dat die plaaslike gemeente se nagmaalkelkies in 'n toestand was wat ten hemele geskree het en dat daar onverwyld opgetree moes word.

Ek klim af en 'n tiental spierwit makoue pyl, soos vroeër, aggressief op my af. Rut het altyd geglo dat makoue 'n baie beter afskrikmiddel vir onwelkome besoekers is as honde. My reaksie op die makoue is ook, na al die jare, dieselfde: onsekerheid wat weldra oorslaan in effense paniek.

Wat wel nuut is, is die drie houtbankies op die stoep van die winkel, aanmekaar vasgeketting, en die TV-stel teen die muur gemonteer, ook vasgeketting. Enkele vroue in pienk en liggeel huisuniforms sit en teedrink en koekies eet. Op die skerm is 'n lang donker man en 'n blonde vrou met oordadige juwele en lipbewegings in 'n diep gesprek gewikkel. "It's not your baby," sê sy. Die stoepvroue maak simpatieke geluide.

Dit is skemeragtig in die winkel, en van die deur af tot by Rut wat by die agterste toonbank staan en koerant lees, sien ek fietswiele en tuingereedskap en mieliemeel en toffies en sinkbaddens en harde outydse bra's.

Rut herken my eers toe sy haar leesbril afhaal. Sy tik dadelik met haar vinger op die koerant voor haar. "Nou is alles deurmekaar," sê sy. (Ek vermoed dat "nou" 'n gelaaide historiese konnotasie het.) "Hier staan dat die donkies en zebras so met mekaar begin paar daar êrens in die Pikkenierskloof."

Sy vertel ook dat haar man 'n jaar gelede aan 'n hartaanval oorlede is, "alles het net vir hom te veel geword". En haar skoondogter wat ook nou op die dorpie bly, is enkele weke gelede by die garage aangehou met 'n pistool en met ontvoering gedreig. "Sy het my vertel dat alles so swart en wit geword het voor haar oë. Sy sê dit het gevoel of sy in 'n lang tunnel afstap. Sy het vir my gesê, 'ma, ek het nog nooit in my lewe so 'n gevoel van teleurstelling oor my gehad

nie’.” Rut skud haar kop. “Maar die ergste is, dit is nie eens meer nuus nie. Dis deesdae baie skokkender om te lees van die honde wat so gemartel word in Zimbabwe as wat dit is om van nog ‘n verkragting en moord hier by ons te hoor.”

Ek merk op dat sy nuwe tafeltjies buite het, en ‘n rak met tuisgebak en vars vrugte en groente wat ook nie voorheen daar was nie. “Dis nou vir die toeriste,” sê sy. “Ons word letterlik oorval oor naweke met mense uit Gauteng. ‘n Mens moet maar aanpas...” Sy kyk flikkerig in die donker winkeltjie rond.

Ek vra of ek iets daar buite by haar kan eet, en sy lei my na ‘n skoon tafel onder die reuse-wildevyboom en sit ‘n spyskaart met haar eetplekkie se naam voor my neer – Rut’s Oasis.

“Ons sukkel so hierdie jaar met die mynas,” sê sy toe sy klaar my bestelling geneem het. “Hulle het nou heeltemal hier oorgeneem.” Sy kyk beskuldigend in die boom op. “En nou hoor ek hulle dra ‘n swam wat vreeslik maklik versprei en mense ook kan aantast. ‘n Mens kry glo ‘n lelike veluitslag, en ‘n jeuk wat skrik vir niks.”

Terwyl ek eet, kom Rut vir ‘n paar minute by my sit. Haar oë fokus nie lank op een plek nie. Sy bly onrustig om haar kyk en loer kort-kort oor haar skouer, of op in die boom waar die mynas kwetter. “Hulle kan mos net ander voëls na-aap,” sug sy. “Het niks van hulle eie nie.”

Sy staan op om ‘n kliënt te gaan help, en ek sit nog vir ‘n ruk buite en rondkyk. Toe ek binne kom om te betaal, is sy diep in gesprek met die man wat kom rottegif soek vir sy garage (lei ek af): “... en jy weet natuurlik dat die mense in Zimbabwe nou lyke gaan huur by die lykshuis, en dan garage toe ry vir petrol – hulle hoef dan nie in die kilometerlange toue te staan en wag nie...”

As afskeidsgroet vertel Rut my, toe sy hoor waarheen ek op pad is, van die onderaardse bronne in Umthunzini wat nou ook so giftig begin word. “Dis oor al die Aids-lyke wat sommer so orals in die veld begrawe word. Die mense het nie meer geld vir begrafnisse en begraaftplase nie. En dit tas dan die water so aan.”

Ek is verlig om noord in die hoofpad in te draai, weg van die dorpie af. Dit was nie net in Paulpietersburg wat ‘n giftige fontein ontspring het nie. Daar was iets in Rut se stem toe sy, terwyl ons besig was om te groet, skielik verby my motor gestorm het en met flappende arms “hamba! hamba! hambaaa!” geskree het op ‘n groepie blou-ape wat spelerig om die wildevyboom begin versamel het.

Verliese wat ons ly

Die karakters in haar drome word bekendgestel soos oorledenes in doodsberigte, het Magriet gesê. Sy het byvoorbeeld die vorige nag van mense gedroom wat sy nie ken nie, en 'n stem het hulle so voorgestel dat sy die gevoel gehad het sy staan by oop grafte en luister na 'n paar lyksredes, miskien van slagoffers van 'n gesinsmoord.

Terwyl ek na haar gesit en luister het, het ek gedink dat dit dalk nie 'n goeie plan was om haar te vra om saam te ry nie. Sy het gesug en na die takbok met die wilde oë gekyk en toe weer terug na my. Ek het ook gewonder oor die dramatiese skildery in die vaal teedrinkplekkie in Bethlehem. Die takbok het horings soos kandelare gehad en sy bek was vertrek in 'n angsbulk.

Sy het 'n voortdurende besef van verliese wat soms vir haar te veel word, het Magriet gesê terwyl sy die laaste bietjie tee uit die lekkende teepot skink. Dit was 'n fout om haar saam te bring, het ek gedink. Ek moes liever alleen gery het. Ek geniet dit eintlik om op my eie te ry, en die rit van Durban na Bloemfontein dek soveel verskillende landskappe, en soms, soos nou in September, selfs al die verskillende seisoene. As ek stil en oplettend ry, kan ek my behoefte aan herfs en winter en lente in een enkele rit bevredig.

Toe ek twintig jaar gelede uit Bloemfontein Durban toe getrek het, was ek opgewonde oor die vooruitsig om in 'n permanente somer te gaan leef. Die Vrystaatse weer was vir my te veel, die verdrietige herfstye, die winters wat tot laat in November kon toeslaan, die lentes waarmee ek nooit emosioneel kon sinkroniseer nie. Maar, het my pa gesê voor my vertrek, jy sal sien, jy sal die oorgange van die seisoene, en die emosies wat jy daartydens beleef, baie mis. En dit was so. Wat ek toenemend gemis het, was verskeidenheid en delikaatheid. In die subtropiese klimaatstreek het die deurgaans hoë temperature en voggehalte en die helderkleurige plantegroei 'n gevoel van onge- nuanseerde en brutale lewensdrif gewek.

Ek het gedink dit sal Magriet goeddoen om weer in Bloemfontein te kom. Sy was nog nooit terug vandat sy daar weg is nie, 'n jaar of

twee na my. Sy is destyds Empangeni toe, om as verslaggewer te gaan werk vir die *Zoeloeland Observer*. Sy is klaar met letterkunde en filosofie, het sy gesê toe ek destyds verslae was oor dié drastiese afwyking van haar aanvanklike toekomsplanne in die onderwys.

Toe sy begin rondkyk om nog ‘n pot tee te bestel, het ek gewaarsku dat ons aanstalties moes maak. Daar was nog Paul Roux en Senekal en Winburg wat voorlê, het ek gesê. En, as daar genoeg tyd was, kon ons by die Voortrekkermonument by Winburg stop en dalk iets daar drink. Sy het wrang geglimlag. Dit was ‘n opmerking uit ons studentedae. Wanneer ons soms op Sondagmiddae van verveling wou beswyk, het ons voorgestel dat ons Winburg toe ry en gaan piekniek hou by die monument. As die 120-kilometer-lange pad deur die maanlandskap tussen Bloemfontein en Winburg ons nie sou onderkry nie, sou die doellose stofwind wat deur die suile gedwarrel en geloei het, dit wel regkry. Ons is dan meer getroos Maselspoortdam toe net buite Bloemfontein om op die walle van die Modderrivier te gaan bier drink.

Hoewel Magriet nooit weer terug is na ons studiejare nie, het ek nog gereeld daar gekom. My oupa-hulle het ‘n plaas gehad sowat vyftig kilometer suid van die stad, aan die oewer van die Kafferrivier, soos dit toe bekend gestaan het, en ek het gereeld vir hulle gaan kuier, en vir my vriende in die omgewing, nou almal weg – geëmigreer, Kaap toe, Johannesburg toe.

Om my oupa te besoek, was soos om ‘n land van mites te besoek. Hy kon ure lank vertel van insidente uit die Afrikaner-geskiedenis, en hy het veral ‘n deeglike studie gemaak van die gebeure by Magersfontein, wat nie ver van die plaas af was nie. As daar genoeg tyd was gedurende my kuiers, het ons soms vir ’n dag soontoe gery en in die stil veld rondgestap, met net sy stem wat al die taferele oproep: die room van die Skotse soldate, verbrand deur die son en deliries van dors, in die barre veld afgemaai; die Boere se unieke loopgrawe; die wrede bajonetmoorde op gewonde Afrikaner-seuns op die slagveld. Ons het dikwels ter afsluiting van die besoeke op een van die koppies

geklim en bo-op gedrink van die tee wat my oupa geskink het uit sy dowwegroen fles.

Toe hy dood is, het my ouma nog probeer aanhou met die boerdery, maar die eensaamheid en probleme met droogtes en arbeiders het vir haar te veel geword, en sy het die plaas verkoop en Bloemfontein toe getrek. Natuurlik het die vrugtebome ook agtergebly, en toe ek vyf jaar gelede vir die laaste keer op die plaas was, was die bome erg verwaarloos, sommige se takke afgeskeur, ander vermink deur onbeholpe snoeipogings, of sterwend van verdroging.

By Senekal het ek en Magriet by die groot NG-Kerk stilgehou om te kyk na die stukkies versteende bome wat altyd op die klipmuurtjie rondom die kerk gepak was. Maar tot ons teleurstelling was daar niks oor nie, en die eienaar van die garage oorkant die kerk het ons verwyterig meegedeel dat alles gesteel is en dat hulle (en hier het hy sy oë na die petroljoggies en 'n paar klante in die garage se kafee gedraai) nie omgee vir dinge van historiese waarde nie. Wat hulle nie breek nie, steel hulle, het hy gesê, en ons is vinnig en skuldig daar uit.

My oupa het vir elke kleinkind wat gebore is, sy of haar eie vrugteboom geplant, en na die kind vernoem. En in ons familie is daar net soveel bespiegel oor die soort vrugteboom wat hy sou kies as oor die geslag van die nuwe aankomeling. Vir ons kinders was dit lekker om te dink dat ons geplant was op my oupa se plaas, in die Vrystaatse grond, en dat ons vir altyd daar sou groei. Ons was trots en bly wanneer hy aangekondig het dat hierdie of daardie kleinkind dié jaar die beste vrugte ooit opgelewer het. Ons moes vakansietye help met die versorging van die bome, en veral die boompies van kleiner neefs en niggies is volgens my oupa se streng voorskrifte natgelei en versorg. Dit was uiteindelik treurig maar gepas dat hy een Saterdag teen skemertyd tussen die boompies aangetref is, op sy rug in die vars klam boord, met sy een hand oor sy bors, en sy ander hand verstar in 'n laaste krapbeweging in die grond waarvoor hy so lief was.

Magriet het so tien kilometer van Winburg af haar gedagtelyn van vroeër hervat. Sy het probeer vasstel, het sy gesê, waar die kern van haar gevoel van verlies lê. Sy dink dit het onder andere te make

met die feit dat sy as jong meisie so lief geraak het vir Duits, vandat sy haar eerste gedig – “Erlkönig” – kon opsê in standerd ses. Dié taal het vir haar toenemend gedurende haar hoërskool- en universiteitsjare ‘n alternatiewe geestelike ruimte geword. En hoe meer sy aan die Duitse letterkunde blootgestel is, hoe minder het die Afrikaanse leefwêreld en letterkunde tot haar gespreek. Die kernervarings in haar jeug op intellektuele en emosionele vlak is deur Duitse skrywers en filosowe bepaal, het sy vertel. Tot so ‘n mate het sy haar onttrek aan haar werklikheid in Bloemfontein waar sy skoolgegaan en gestudeer het, dat sy, toe die land in vlamme opgegaan het in die tagtigs, en praktiese optrede ‘n morele verpligting vir elke mens geword het, niks anders kon doen nie as om in ‘n lewensvreemde depressie te verval, en te worstel met Schopenhauer se pessimistiese siening van die mens en sy dryfvere.

Uiteindelik, het sy gesê toe ons verby Winburg ry en in die stoflug die suile van die monument soos eensame torings op ‘n veraf planeet sien staan, moet sy tot die slotsom kom dat die bewustheid van vervreemding die oorsprong en middelpunt van haar gevoelens van verlies vorm. En Bloemfontein, die stad, die geboue, die omgewing, die mense, die lug, het die versinnebeelding van hierdie gevoelens geword. Sy het onthou dat iets eendag meegegee toe sy in die naslaanafdeling van die universiteitsbiblioteek instap en die reuk van ou boeke en manuskripte inasem en die stofdeeltjies sien in die flou strepe sonlig wat skuins oor die studietafels val. Sy het tussen die rakke gaan staan en gedink dat sy moes padgee, vlug; dat sy so gou as moontlik ‘n einde moes maak aan haar verbintenis met Duits, met Nietzsche, en Schopenhauer en sy sluier wat die verskrikkinge van die ware aard van die lewe bedek, en die *Buddenbrook*-kind wat ‘n streep onderaan sy pa se dagboekinskrywings trek, en Paul Celan se swart melk. Sy het omgedraai en uit die biblioteek gestap en huis toe gegaan en vir drie dae op haar bed gelê, het sy dringend vertel. Toe het sy opgestaan, gestort en geëet, universiteit toe gery en haar studies gaan kanselleer, haar oom gebel wat ‘n joernalis was in Johannesburg en gevra vir werk. En toe is sy na die *Zoeloeland Observer* toe. En daar

het sy ellendes gesien waarvan sy maar net 'n vermoede gehad het in haar vorige lewe. Sy moes rondry in die omgewing en berigte skryf oor droogtes en armoede en hongersnood en oorstromings en siektes (hondsdoelheid, TB, die vreemde nuwe Vigs), oor oorloë en sluipmoorde en gesinsmoorde, en verkragtings van mans en vrouens en kinders en diere.

Magriet het stilgebly om 'n paar slukke water te vat. Ek kon aan niks dink om te sê nie. Ek was, om die waarheid te sê, 'n bietjie geskok oor alles wat ek moes aanhoor. Dit was regtig 'n fout om haar saam te vra op hierdie rit, om haar onthalwe, maar ook om myne.

Sy het sedertdien, het sy voortgegaan, al baie deur die land gereis, maar sy was nog nooit weer in Bloemfontein nie. En sy het nog nooit weer iets in Duits gelees nie. En toe sy ses jaar gelede deur Europa getoer het, noodgedwonge ook deur Duitsland, kon sy aanvanklik nie Duits praat nie. Eers toe sy deur die kleiner dorpie begin ry het, het sy begin praat, maar dit was asof sy die taal van 'n vreemde, afgesonderde oerras gepraat het.

Sowat sestig kilometer van Bloemfontein af het sy stilgeraak, en ek het weer tyd gehad vir my gedagtes. Ek het die reis na Bloemfontein aangepak omdat ek my ouma wou besoek. Sy het 'n paar maande gelede 'n ernstige beroerte gehad, en volgens die verpleegpersoneel by die inrigting waar sy nou gebly het, het sy moeisaam en stadig herstel. En wat buitengewoon aan haar toestand was, was dat sy, 'n Afrikaanssprekende persoon van geboorte af, nou nie 'n woord Afrikaans kon praat of verstaan nie, en dat sy net Engels met almal om haar gepraat het. Ek het besluit om 'n naweek af te vat en self te gaan kyk hoe dit met haar gaan en hoe dit met die vreemde taalverlies gesteld is.

Magriet het nie weer gepraat na haar ontboeseminge op die pad verby Winburg nie, en ons het net na vier in Bloemfontein aangekom. Ek het haar gaan aflaai by haar gastehuis aan die voet van Naval Hill, en is na my ouma se woonstel toe aan die anderkant van die berg.

Ons het die Maandagoggend vroeg uit Bloemfontein terug Durban toe vertrek, en ‘n groot gedeelte van die pad tot by Winburg in stilte gery. Anderkant Winburg, op pad Senekal toe, waar die eerste tekens van berge en groenigheid begin, het Magriet opgemerk dat sy haar Bloemfontein nie in die besige lentestad kon vind nie. Sy moes ‘n hele paar keer deur die hoofstraat stap om die sentrale gemeente se kerk, waarin sy soveel Sondae gewroeg het, te vind. Die gebou, wat in daardie jare so ‘n indruk van gevestigde krag en outoriteit uitgestraal het, het nou klein, selfs weerloos verdring gestaan tussen garages wat soos glaspaleise lyk en groot winkelkomplekse en informele handelaars op die sypaadjies. Sy moes ook op ‘n kaart seker maak waar die universiteit is, so toegebou was die pad, wat sy onthou het as ‘n lang stuk vaalgrys teer tussen verdroogde en verwaaide grasvlaktes. Die universiteitsbiblioteek en naslaanafdeling (waar sy soveel van haar krisisse beleef het) het nou gedien as kantore vir die administrasie, en die boekery was elders, ondergronds, het sy verwonderd gesê. Alles het vir haar so gewoon, normaal gelyk. En sy moes lank soek om iemand te kry wat gemoeid is met Duits. Al die mense wat sy onthou het, was weg, afgetree, na ander universiteite toe, terug Duitsland toe. Sy moes uiteindelik in die telefoonboek kyk om haar ou professor se nommer te kry – niemand kon haar help by die universiteit nie.

By Bethlehem het ons weer in die vaal restaurantjie met die wilde takbok tee en toebroodjies gehad, en ons het besluit om nie met die gewone hoofroete verder te ry nie, maar om net voor Harrismith af te draai en langs die seepgroen Sterkfonteindam oor Bergville en Winterton Durban toe te ry. Dié pad was stiller en mooier, met die Drakensberge wat vir kilometers ver op regterhand lê.

By die Sterkfonteindam, wat soos ‘n binnelandse meer uitstrek, het ons stilgehou by ‘n uitkykpunt om die kleur van die water te bewonder. Magriet het vertel van haar besoek aan haar ou professor. Sy het verskoning gemaak by hom vir haar geradbraakte Duits, en ná die koffie, wat sy vrou met haar lang grys vlegsels vir hulle uit ‘n silwer koffiepote geskink het, het sy aan hom probeer verduidelik hoekom sy haar destyds so abrupt weggekeer het van Duits en ‘n

moontlike loopbaan in dié rigting. Daarna het hulle nog hieroor en daaroor gepraat en sy moes ondere andere met skok verneem dat een van haar mees geliefde dosente reeds etlike jare tevore in 'n motorongeluk dood is. Met hulle afskeid het die professor gesê dat sy, as sy ooit weer Duits wou lees, die werke van W.G. Sebald moes kry. Sy sou dalk iets vertroostends vind in sy elegiese toonaard. Hy is die noteerder van verlies, het die ou professor gesê terwyl hy sy hand liggies op haar arm laat rus, en hy lei die leser sin vir sin teen 'n bergpad uit waar die lug al hoe dunner en suiwerder word. En uiteindelik staan 'n mens bo-op die berg en uitkyk oor die ruïnes van ons lewens en beskawing, en jy eien, met berustende insig, 'n hele paar van die gedrogtelikste puinhope as jou eie.

Sy was alreeds by die hek van die professor se groot, slordige erf, het Magriet vertel toe ons met die kronkelpassie anderkant die Sterkfonteindam begin daal in die sagter valleie van Natal in, toe sy hom agter haar hoor roep. Hulle het mekaar tegemoetgestap, en hy het 'n boek in haar hand gedruk. *Die Ausgewanderten* van Sebald (Die Emigrante, het sy vir my vertaal). Viel Spaß!, het die professor gesê, soos wat hy altyd in die klas vir hulle gesê het nadat hy hulle vakansieleeslyste uitgedeel het. Sy het daardie aand nog daarin begin lees, haar eerste Duitse boek in byna twintig jaar.

My ouma se taalverlies wat Afrikaans betref was, vir sover ek kon vasstel, volledig, het ek later vir Magriet vertel. Terwyl ons die hele naweek gesukkel het om met mekaar te gesels in Engels, was ek my bewus van 'n enorme gevoel van verlies. Ek sou waarskynlik nooit weer met haar in keurige Afrikaans 'n gesprek kon voer nie; nooit weer haar sagte Vrystaatse aksent hoor nie, die moeite wat sy deurgaans met die uitspraak van konsonante gedoen het, die versigtigheid waarmee sy nasale en laterale klanke hanteer het sodat dit nooit slap en vulgêr geklink het nie. En die verlies aan haar Afrikaanse vermoëns is te meer beklemtoon deur die gebrekkigheid van haar Engels. Haar tong het swaar en onge oefend in haar mond rondgegly, en die gesprekke met haar was moeisaam en vervreemdend. Ek en Magriet het benoud en

laggerig gewonder na watter tale ons sou oorslaan as ons in ons ouer jare – waarin ons geen behae sal hê nie, het sy bygevoeg – dalk ‘n beroerte sou kry. O hemel, het sy gesê, wat as net my bietjie skool-Latyn sou oorbly in my kop? Wie sou my verstaan?!

By Pietermaritzburg verby, waar die aalwyne rooi teen die dynserige grasheuwels gestaan het, het ons weer stil geraak. Nader aan Durban het ons die motorvensters afgedraai om die swaarder, vogtiger en soeter lug in te laat. Magriet het gevra, toe ons teen Field’s Hill afdaal en die see skielik blou anderkant die stad voor ons lê, of ek die amandelboom gesien het in die tuintjie voor my ouma se woonstelgebou. Toe sy haar gaan groet het, was dit die eerste ding wat haar opgeval het. Spierwit oortrek, het ek gesê, soos ‘n bruid. Of soos ‘n kind by ‘n begrafnis, het sy gesê.

By my huis in een van die voorstede van Durban het Magriet haar bagasie oorgelaai – sy wou dadelik verder ry Zoeloeland toe, huis toe. Sy het van die dinge wat sy so lank gelede in Bloemfontein verloor het, teruggekry, het sy gesê, en ‘n paar nuwes daarby. Dan was dit tog ‘n goeie ding dat ek haar gevra het om saam te ry, het ek gedink.

Ek het daardie aand teen tien-uur ‘n oproep kry, en is meegedeel dat Magriet laatmiddag, met skemertyd, in ‘n motorongeluk betrokke was en dit nie oorleef het nie. Volgens ooggetuies het ‘n hond skielik uit die suikerrietlande reg voor ‘n aankomende bakkie ingehardloop en die bestuurder het uitgeswaai, beheer oor die motor verloor, en reg van voor in haar vasgery.

Briewe aan Anton Tsjechov

(‘n Liefdesverhaal)

Vrydag 29 Augustus 1980, 8.30nm (Bloemfontein)

Ek het nooit gedink dat ek jou dood as so ‘n verlies sou ervaar nie. Ek loop al vir ‘n week en rou en het nou die dag tydens die lesing oor “Tonio Kröger” begin huil en buite gaan staan om te kalmeer. My ma en pa dink ek is die kluts kwyt. My pa het gesê hy dink die studies is te veel vir my en die professor het ‘n gevaarlike invloed op my. My ma het voorgestel dat ek weer begin tennis speel – dan sien ek ander mense – en elke middag gaan draf. Die teologiese student wat nou sy prakties by my pa doen het voorgestel dat ek met hóm praat oor my probleem.

Dit is vreeslik om te dink dat ‘n groot man soos jy so deur die siekte aangetas is dat jy uiteindelik net kort entjies kon loop, en elke paar tree moes rus om jou asem te probeer terugkry. Dit is vreeslik dat jy vir jou suster skryf jy raak soms so benoud om asem dat jy soos ‘n kind wil roep om hulp. Ek kan jou sien skuifel, maande voor jou dood, deur jou tuin vol rose en lelies, vol wilgers en bloekombome, met bankies wat jy op spesiale uitkykpunte geplaas het – te benoud om selfs ‘n dooie roosknop af te knyp. En jou eensaamheid, veral die laaste paar jaar in Yalta, met net jou ma, en soms jou suster, en die enkele ander mense wat jy noem om jou geselskap te hou. Jou verlange om in Moskou te wees, by jou geliefde Olga, by die teater- en kunsmense, jou verlange na lag en lig en restaurante en goeie wyn.

Professor Engel, ons dosent in Drama en Prosa (ek is besig met Honneurs in Duits), het vir ons ‘n leeslys saamgestel om ons gebrekkige leesagtergrond aan te vul, en jou naam was hoog op die lys. Ek het in die biblioteek rondgekrap en al jou dramas gekry, en ‘n uitgawe van jou korrespondensie, en ‘n klomp kortverhaalbundels. Vir twee weke het ek niks anders gelees nie. Ek het jou briewe eerste gelees, en toe die dramas, en wat nou vir my die duidelikste uitstaan as ek daarvoor dink, is die verlange na verandering by al die karakters, die gerigtheid op liefde as ‘n moontlike redding, maar ook die insig, telkens, in die onvermoë van liefde om werklik te verlos. En al wat dan vir hulle oorbly, is werk, tot aan die einde van hulle lewens. In die

kortverhale was daar so baie wat vir my bekend gevoel het. Dit het telkens vir my gevoel asof ek in die kerk sit, Sondag voor die diens, en deur jou oë na die mense om my kyk.

En toe ek besef dat daar niks verder beskikbaar is om te lees nie, in elk geval nie hier in ons biblioteke nie, het 'n diep droefheid oor my toegesak, 'n melancholie (al die Duitse skrywers ly daaraan, volgens professor Engel) wat my nooit weer sal verlaat nie. Ek het nie eens so treurig gevoel toe my oupa dood is nie. Niks en niemand om my voel nou so werklik soos jy nie, nie my pa of ma of die teologiese student nie, nie die kaal wintersbome op pad universiteit toe nie, nie die drie ander studente in my klas nie, nie my dosente nie. Ook nie die mense Sondag in die kerk nie.

Die teologiese student maak alles erger, want hy kyk die hele tyd aan etenstafel vir my, en hy bid (hy neem nou gereeld die tafelgebed waar) telkens vir die “gebrokenes van hart”, vir “die wat nou treur”, vir “diegene vir wie U paaie en weë duister is, vir die wat in die duisternis soek en dwaal”. Hy lyk soos 'n martelaar, met sy skedelagtige kop en grys tande en deurskynende vel. Hy het die eerste aand na sy aankoms, toe my pa hom onverwags vra om te bid, lank stilgebly, baie lank (ek het na hom sit en kyk), toe sy oë saamgepers en sy kop agteroor gegooi, die wroeginge van die hel oor sy voorkop geskryf, sy kake klemmend, sy hande wat oop- en toeklamp. Uiteindelik het hy soos 'n sterwende die woorde uitgewurg, “...alle oë wag op U ...”. Selfs my ma het met een oog na hom geloer. Ek het 'n paniekerige lag in my voel opstoot. Ek voel dit altyd in die kerk, wanneer die lyding van Christus beskryf word, wanneer die mense nagmaal gebruik, wanneer ek van die verskriklike strawwe hoor wat op die verlore nes en afvalliges wag. Die student het goed herstel, helaas, en bid nou heeltemal selfversekerd oor 'n indrukwekkende versameling vertwyfeling en smarte.

Hy het my vanaand na ete, toe ek besig was om af te dek en hy nog by die tafel gesit het, gevra of ek geweet het dat liefde nie net 'n emosie van een persoon tot 'n ander is nie, maar ook 'n “opdrag van God”. Om lief te hê, het hy met nadruk herhaal, is om 'n opdrag van

God te vervul. Ek het gesê hy moet my verskoon, ek het nog baie werk om te doen. En toe het ek vir jou kom skryf.

Toe ek in my kamer kom, en na die donker kaal takke van die populierboom voor my kamer kyk – dit is ysig koud in Bloemfontein – het ek twee goed geweet: dat ek vir altyd alleen sou wees, en dat ek onnoembare groot skuld het.

En nou moet ek werk. Ons kon, buiten Drama as ‘n genre, ook ‘n spesifieke prosaskrywer kies wie se oeuvre ons wil doen, en die keuse het op Thomas Mann geval, en daar is baie om te lees.

NS Ek hoop nie jy gee om dat ek vir jou skryf nie. Ek sou nooit vir jou kon skryf as jy nie dood was nie.

Sondagand 31 Augustus 1980

Die Urkse mannekoor het my vanoggend wakker gesing met stemme wat rou en gebroke klink. Psalms uit kil mistige laelande. Ek sien gebarste hande van arbeiders wanneer ek hulle hoor. ‘n Nederlandse gemeentelid het vir my pa die plaat gegee toe hy hoor dat hy Sondagoggende koormusiek luister om hom voor te berei op die erediens. Voor die visserskoor in ons huis gekom het, was dit altyd Bach-Kantates wat soos ‘n onheilswolk oor ons gehang het.

Op pad kombuis toe het ek in my pa vasgeloop, sy oë rooi van vermoedheid en trane. Hy het opsygestaan en sy hand effens gelig en hulpeloos na my gekyk. Sondae voor kerk kan ons nie met hom praat nie, want dan voel hy op sy nietigste en onwaardigste voor die eise van God en sy amp. In die kombuis het my ma doelgerig heen en weer beweeg, van die yskas na die ketel na die opwasbak na die spens en weer na die yskas, een pienk kruller bokant haar regteroor om ‘n ontugtige stringetjie hare te tem.

Die kerkdien was pynlik. Skuins voor ons het ‘n vrou met ‘n stout kind gesit. Sy het die kind hardhandig neergesit en opgetel en telkens oor haar skouer geloer met ‘n uitdrukkinglose gesig. Ek het aan foto’s van Daisy de Melker gedink. Aan vaal mynvlaktes. Niks wat eggo in daardie oë nie. Die kind het aanhou teem en ek het begin

sweet, want ek weet dat my pa sulke steurnisse glad nie kan verduur nie. Enige iets of iemand wat tussen God se Woord en Sy kinders kom, moet gereken word as instrumente in die hande van Satan. Die vrou het die kind uiteindelik aan sy arm uitgesleep en hom vier harde houere reg voor die oop kerkdeur gegee.

Tydens die middagete was my pa vol skerp punte, en die teologiese student het die fout gemaak om te begin spekuleer oor die relevansie van die onderskeid tussen die woorde “ek glo aan” en “ek glo in”, soos dit onder andere in die Kerk se geloofsbelydenis gebruik word. My pa het hom kortgeknip en gesê enige iemand wat nie die onderskeid verstaan nie, hou hom besig met heidense godsdienste en afgodediary. My ma het haar servet al hoe kleiner gevou, en haar gesig het soos die gipsafbeelding van Beethoven se doodsmasker (wat agter haar op die buffet staan) begin lyk.

Die lang, uitgerekte middag het, soos elke ander Sondagmiddag van my lewe, my wantroue in die lewe na die dood, wat vir ewig en ewig gaan aanhou, verskerp. Ek het probeer lees aan “Tonio Kröger”, waaroor ons môre-middag weer ‘n dubbelling by professor Engel het, maar ‘n mengsel van passiwiteit en verveling en onuitstaanbare, intense emosies (vrees – ek weet nie eens waarvoor nie, skuld, eensaamheid, verlange, treurigheid oor jou dood) het my buitetoegedwing. Ek het teen die sementdam gaan sit en opkyk na Naval Hill, wat net agter ons huis begin uitstyg. Ongelukkig het die teologiese student ook daar begin rond dwaal. Toe ek hom vra wat hy onder sy (pampoengeel) trui rond dra, het hy my pa se tien weke oue klein foksterriër uitgehaal en soos ‘n offerande na my toe uitgehou.

Môre het ons ook ‘n dubbelling in Middelhoog-Duits, en ek moet nog ‘n klomp minnesange lees en vertaal. Herr Wysling, wat in Meimaand uit Switserland hier aangekom het, is ons dosent hiervoor. Hy sweet vreeslik, selfs nou in die laatwinter, en vee verskonend die sweet van sy voorkop en in sy nek af. Sy hare is dun en lyk altyd nat en kartel oor sy kop soos geen man in Suid-Afrika se hare kartel nie. Hy het tweekeer soveel tande bo as onder, en dit klink of hy altyd snuiwend lag. Ons (studente) weet nie of ons moet saamlag nie, want

ons verstaan nie ‘n woord wat hy sê nie. Ons is nie eens seker wanneer hy oorslaan tussen Middelhoog-Duits en gewone Duits nie. Al sy klanke word diep in sy keel gevorm in ‘n oerslymmengsel, en in sy mondhoeke is daar altyd wit spoegopdriftjies. Hy het verlede Maandag vir ons toonsettings van Walther von der Vogelweide se liefdeslirieke gespeel, en het aanmoedigend sy blou oë geknip as ‘n mens na hom kyk – “probeer verstaan”, “probeer geniet”. Dit lyk asof hy hom aanhoudend verbaas oor ons, oor alles wat ons sê en skryf. Hy lyk of hy ons jammerkry.

Nou moet ek gaan lees. Ek sal môre-aand weer skryf. Hierdie was die lekkerste Sondagaand vandat ek in Bloemfontein is.

Maandag 1 September 1980, 10.30nm

Vandag was ‘n treurige dag. Ons het “Tonio Kröger” in die klas bespreek en professor Engel het lang dele vir ons voorgelees. Buite het die wind huilend gewaai en die lug was vaalrooi – ‘n mengsel van stadsrook en stof uit die omliggende “distrikte”, soos my pa die buitewyke van Bloemfontein noem. Die deur van die lesinglokaal het aanhou ruk-ruk, ruk-ruk. Ek kon dit skielik nie meer uithou nie en het my boeke gegryp en myself verskoon. Ek het in die kleedkamer gaan huil, en het terselfdertyd vreemd gedistansieerd na die spektakel van my gesig in die spieël bokant die wasbak gekyk. (Ek verstaan dit nie. Soms voel ek soos twee mense: een wat misrabel en dom voortploeter, en een wat koud en krities toekyk.)

Ek het steeds gehuil toe ek terugry huis toe en gedink dat ek Bloemfontein haat. Al my drome brand hier dood, of word weggeswiep deur hierdie vuil, meedoënlose wind, of vries dood in die lang, ysige nagte.

Aan etenstafel vanaand het my pa boonop gedreig om die groot populierboom voor my kamervenster af te kap. Die boom wat elke herfs draagliker maak met al sy kleure, en wat ‘n groen skaduwee voor my venster gooi wanneer die temperature tot veertig grade styg in Desember. Hierdie boom verstaan iets van my sonde en skuld wat ekself nie verstaan nie. Elke aand bid ek dat God my sondes sal

vergewe, en ek krap in my gewete rond om by al die vrot plekke uit te kom. Maar soms vind ek niks, en dan is ek verpletter oor my hovaardigheid en eiewaan, en dan kan ek net na die boom sit en kyk. Maar my pa sê dit is ‘n uitheemse boom wat al die ondergrondse water opgebruik en wat die vyeboom langs hom verdring. As hy eers afgekap is, sal die vyeboom uitsprei en sterker takke maak en vrugte dra wat ons en die voëls sal voed. Hy het dit gesê asof dit ‘n hemelse opdrag was – ons tuin moet suiwer en moreel en volgens God se opdragte en die wette van die natuur georden word. My pa verstaan niks. Verlede somer was die vyeboom vol jillende muisvoëls wat mekaar venynig verdring het.

Donderdag 4 September 1980

Vandag het ons poësie by Herr Fried gehad. Sy vingers is kort en vet, soos tone, en hy druk voortdurend teen sy slape daarmee. Ons bespreek Paul Celan se gedigte op die oomblik, en Fried het, terwyl hy die “Todesfuge” lees, sy bril afgehaal en sy een oog klikkend met die klomp toontjies gevryf, en toe gegaap. Ek het naar gevoel. Hy het aan die einde van die lesing verskonend vir “Herr Van der Merwe” (hy praat omtrent nooit direk met ons drie vroulike studente nie) gesê dat hy nie verantwoordelik was vir die lys digters wat ons moet behandel nie, maar dat dit professor Engel se voorkeure verteenwoordig. Ek voel steeds naar, en kan die gedig nie uit my kop kry nie, die ontsettende refrein, “Schwarze Milch der Frühe wir trinken dich nachts wir trinken dich mittags und morgens wir trinken dich abends”. (My ma het weer voorgestel dat ek begin tennis speel by hulle klub. Ek kan nie. Dit is sinloos. Tennis is heeltemal sinloos.)

Gisteraand het die universiteitskoor ‘n uitvoering gehad en ek het gaan luister. Terwyl ek daar gesit het in die auditorium, het ek teruggedink aan my hoërskooldae in Viljoenskroon. My kennismaking met Duits, in standerd ses. Mevrouw Prinsloo wat Goethe se gedigte voorgelees het, “Erlkönig” eerste. Buite die klaskamer was die gras lank en wit, en verderaan het ‘n paar bloekombome gestaan, langs die verwaarloosde tennisbane. En nog verderaan net vlaktes, en

mielielande. En dan, “Erlkönig” – woude en mislierte en elwe en geeste en verleiding en perdepote en ‘n sterwende kind en onbegryplike pyn.

Ek kan nie regtig na koormusiek luister nie. Dit maak my siek. Dit het gisteraand, toe die koor “Laudate Dominum” sing, gevoel of my hart afsak in my maag in en daar stadig en pynlik klop, terwyl die maagsure aan my hartwande vreet.

Saterdag 6 September 1980

Langs ons woon ‘n meisie wat ook aan die universiteit studeer, ek dink sy is ‘n derdejaarstudent in kommunikasiekunde. Sy het goue hare wat in ‘n Purdy-styl gesny is en sy jaag altyd vinnig voor ons huis verby in haar sportmotortjie. Sy het haar eie woonstel agter in die tuin (haar ouers woon in die groot huis voor) met groot vensters en glasdeure. Gisteraand voor ek bed toe is, het ek buite op ons balkon gestaan en kyk na die helder sterre. Maar ek kon in haar blykplek insien – die gordyne was oop en ’n warm, dofrooi lig het binne gebrand. Daar was ‘n man by haar. Hulle het by ‘n tafel gesit, sy op sy skoot, met haar glinsterende hare. Hulle het mekaar gesoen, op die mond, die oë en wange. Toe begin hy haar nek soen, en ek kon sien hoe hy haar hemp se knope stadig losmaak en haar laer af begin soen. Ek het geweet ek moet ingaan, maar ek kon nie. Die hele vertrek het begin gloei, het stadig begin pols soos ‘n hart vol dik rooiwarm bloed.

Ek het toe gaan lê. Maar ek kon nie aan die slaap raak nie. Ek kon voel hoe haar blyplek aanhou klop. Ek het opgestaan en by die venster gaan sit en uitkyk op my kaal, uitheemse populierboom. Dit was ‘n koue nag, maar ek wou nie terugklim in my bed nie. As ek nie kan slaap nie, voel ek beangs in my bed. Van standerd sewe af ly ek aan slaaploosheid. Ek weet jy hou van kerkklokke, maar ek vereenselwig die lui van ‘n kerkklok met absolute paniek. Ons het langs die kerk gewoon, en die kerkklok het elke half-uur geslaan. Ek het begin wag snags vir elke lui. Soms het ek van moegheid aan die slaap geval, net om weer wakkergeruk te word deur die volgende klomp klokslae. Later kon ek vir lang tydperke glad nie slaap nie. My pa het

gevra of ek probleme ondervind met my geloofslewe, en my ma het gesê ek moet meer oefeninge doen sodat ek moeër kan wees saans.

In elk geval, iets anders het my ook gepla verlede nag. Gistermiddag, toe ek terugkom van die universiteit, het daar vier jong mans op ons koue sementstoep agter die huis gestaan. Swart jong mans. Hulle het groot bekers koffie en toebrode in hulle hande gehad. Ek het vir my ma gevra wie hulle was, en sy het gesê dat hulle teologiese studente van Hammanskraal naby Pretoria (die “swart” teologiese skool) was, en dat hulle vir my pa gewag het wat besig was met iemand in sy studeerkamer. Toe ek haar vra hoekom sy hulle nie laat inkom nie, het sy hulpeloos, of moedeloos, of bang – ek kon nie agterkom nie – haar kop geskud en gesê dit kan nie. ‘n Mens kan nie ‘n presedent skep nie. My pa het by aandete gesê dat daar norme en riglyne in ons gemeenskap moet wees, en dat slegs liefde en wedersydse respek die hardheid van die lewe kan versag.

Soms voel dit of ek in ‘n huis vol granietblokke bly, en as ek daaraan probeer skuif, beweeg dit glad nie. Ek weet ook nie waarheen ek die blokke kan skuif nie. En ek weet nie wie my kan help nie. Ek ken niemand nie.

Ek het vanaand aan Schopenhauer begin lees. Professor Engel het gesê ons sal Schopenhauer en Nietzsche moet lees as ons Thomas Mann wil verstaan. Terwyl ek lees, het die teologiese student aan my deur kom klop. Hy het vir my ‘n potplant gekoop en wou dit aan my kom opdra. Toe ek sê dat ek besig is om *Die Welt als Wille und Vorstellung* te lees, het hy sy oë neergeslaan en my in ‘n gepynigde stem gewaarsku teen die ondermynende invloed van filosowe wat hulle rug op God gedraai het. Gelukkig groei potplante nie in my kamer nie; dit is die koudste en donkerste kamer in die huis.

Sondag 7 September 1980, 10.45nm

Vanoggend het die teologiese student gepreek. Ek het hom byna jammer gekry toe hy op die preekstoel staan, met sy dun, vaal hare, die swart kringe onder sy oë, sy rooi ooglede en gemartelde stembande. Op sy wange het twee bloedrooi kolletjies verskyn, wat algaande tot

purper verdiep het. Ek het verleë gevoel oor sy pogings tot voordragkuns en handgebare en was uitermate verlig toe hy sy laaste “amen” uitwroeg.

Met middagete was hy rooi en opgewek en het vreeslik gelag vir die predikant-anekdotes wat my pa vertel het. Ek en my ma ken die stories al so goed, maar my pa was nogal onderhoudend, want ‘n tannie van my (wat ek skaars ken: my pa se oorlede oudste broer se weduwee) het hier geëet. Sy het soet geglimlag vir almal en na elke verhaal haar kop geskud en met haar tong geklik en met ‘n singende stem opmerkings gemaak soos “dit moet, dit moet”, of, “maar dis goed, dis goed”. Sy het ook vertel van die groot lyding in haar verlede, in 1966, toe dit so droog was dat hulle gesinnetjie van vier elk in ‘n koppie water moes bad, en dat die water ná die bad in “daardie klein plekkie met die gang af” gebruik is. Waarop sy gesug en gebroke geglimlag het. My ma het effens streng gelyk oor die onfatsoenlike verwysing, maar het ter wille van familiale harmonie toegeeflik haar kop geknik.

Sy het wel ‘n bietjie ontdooi toe my pa vertel hoe hy gevoel het toe hy haar die eerste keer gesien het. Hy was ‘n teologiese student in sy vyfde jaar en sy so pas klaar met skool. Hy het agter in die kerk gesit tydens ‘n oggenddiens. Na die preek het die orrel losgebreek met ‘n lofpsalm. My ma, wat ‘n paar rye voor hom gesit het, het omgekyk om te sien wie orrel speel, en toe kyk sy vas in my pa se oë. Sy maag het omgekeer, het hy vertel terwyl hy sy hand oor my ma se hand sit, toe hy in daardie afgetrokke, koel groen oë vaskyk, en sedertdien kon hy nog nooit na enige ander vrou kyk nie. Hy het skaam, en trots, gesê dat hy nou nog somtyds verlief voel as hy na my ma kyk.

Na ete en skottelgoedwas is ek na my kamer toe. Die teologiese student het my in die gang voorgelê en gevra of ek later in die middag saam met hom op Naval Hill wil gaan stap. Ek het nog nooit iemand so gehaat nie, en het nee gesê.

Die middag was oneindig lank en ek het paniekerig van verveling begin voel. Ek was nie lus om te werk nie, en ek ken al jou briewe uit my kop uit. Om een of ander rede het ‘n Duitse spreekwoord in my

kop bly draai terwyl ek op my bed na die plafon gelê en kyk het. Dalk het die tannie van middagete, Driena is haar naam, my tot hierdie laagtepunt gedwing: “Einer Sache Schranken, Mass und Ziel setzen”¹. Op skool moes ons elke dag, van standerd sewe tot standerd tien, vyf Duitse spreekwoorde leer. Ek het nie geweet daar kan so baie spreekwoorde in een taal wees nie. Ek het omtrent almal vergeet, maar hierdie een het in my kop bly vassteek. Seker omdat dit ons so lank geneem het om uit te werk wat dit beteken. Ons onderwyseres in standerd sewe (ons het elke jaar ‘n ander een gehad; niemand het lank in Viljoenskroon gebly nie), juffrou Bergh (haar pa was ‘n boer in Vredefort), het nie die grammatikale konstruksie verstaan nie, en het erken dat sy nie vir ons kon verduidelik wat dit beteken nie. Sy het gesê ons moet dit maar net uit ons koppe leer, en het vrolik met haar hand iets denkbeeldigs by die venster uitgewaai.

Ek het ook vanmiddag aan een van jou briewe gedink, waarin jy kla oor die styloosheid van Duitse vroue. Ek wonder wat jy sal dink van die vroue in Bloemfontein. Almal lyk soos cross dressers, baie juwele, baie grimering, hoë hare, hoë hakke. (Daar was nou die dag ‘n artikel oor dié mans in *The Friend*, die enigste Engelse koerant in die Vrystaat. My pa koop dit nie.)

Dinsdag 9 September 1980, 10.15nm

Ek het my vandag verbeel jy stap saam met my op die kampus. Ek het met toenemende verleentheid gewonder hoe ons vir jou lyk: my dosente, ons vier bleek studente in die bar, stowwerige lesinglokaal, die ander studente op die grasperk voor die biblioteek. Ek dink nie jy sou my aantreklik vind nie. Ek is lomp en skaam en kan nie gewone vrolike gesprekke voer nie. As ‘n manlike student met my praat, deins ek terug, ek wil weghardloop, want ek weet glad nie wat van my verwag word nie. Ek trek ook vaal aan, onvroulik. Maar ek sal belaglik lyk en voel in vroulike klere, want ek is nie so nie. Ek is lank, en lyk soos ‘n lelike matriekseun. Jy is lank en donker en

¹ ‘n Saak van maat, perk en doel voorsien.

aantreklik, met slawiese wangbene en oë waarvan ek hou (volgens die een foto in jou versameling briewe). Nee, jy sou nie na my gekyk het nie. Al die vrouens was mal oor jou, en jy kon kies net wie jy wou.

Ek het vroeg huis toe gekom vandag; ek het nie kans gesien vir my koue studiehokkie in die biblioteek nie. Dit is altyd grafstil in die naslaanafdeling waar nagraadse studente mag werk. Ek kry ‘n gevoel van angs en magteloosheid as ek daar instap.

By die huis was my pa en ma besig om te argumenteer by die eetkamertafel. Of liever, my pa argumenteer en my ma word stiller en bleker. Hy sê sy werk te hard, sy het te veel aktiwiteite, is altyd besig, altyd aan die rondhardloop, sodat sy nooit tyd het vir haar primêre roeping nie, naamlik om hom te ondersteun en as hulp by te staan in sy amp, die amp waarteen hy hom wou verset, maar waarin God hom teen sy wil en natuur in ingedwing het. Soms raak dit vir hom alles te veel, en dan is sy, my ma, te besig om hom te help dra aan sy kruis. En sy sal haar gewete voor God moet ondersoek rakende hierdie probleem, en uiteindelik sal sy voor God haar skuld moet bely. Met hierdie woorde het hy sy kop op sy arms laat sak en begin snik. Genadiglik was die teologiese student nie daar nie – hy het blykbaar sy hare gaan laat skeer.

Ek weet hoekom my ma so hard werk: sy doen dit uit selfverdediging uit. Dis al hoe sy my pa se uitmergelende gesprekke kan ontvlug, sy swaar emosionele buie wat die hele huis beset, elke laaste hoekie en skeur binnesypel en alles en almal doodsmoor. Fanatiese werk – dis haar redding.

Ek, daarenteen, voel altyd lui, en ek kan vir ure doodstil op my bed lê, sonder om aan enige iets te dink. Al wat ek ervaar, is ‘n diep gevoel (eerder as ‘n wete) van die sinloosheid van alles. Soms word ek so swaar as ek so lê dat ek nie my ledemate kan roer nie.

Ek het, nadat ek in die kombuis na my pa gestaan en luister het, kamer toe gekom en ‘n paar artikels oor “Tristan” vinnig deurgeblaai. Uiteindelik moet ek ‘n navorsingsessay oor “Tonio Kröger”, “Tristan” en “Tod in Venedig” inlewer, maar ek weet nog nie presies hoe ek dit gaan aanpak nie. Een van die artikels het verwys na die aard van die

(liefdes)projeksies in die drie verhale. Miskien kan ek dit as ‘n beginpunt gebruik.

Gelukkig was my pa en die teologiese student nie hier met aandete nie; hulle het gaan huisbesoek doen. Na ete het my ma die huisgodsdienst waargeneem (vir ons twee). Sy is onwrikbaar in haar geloofsbeoefening. Sy het uit Jesaja voorgelees, leesbril op, sag, beslis, belerend. Vraagsinne lees sy met ‘n byna pedantiese intonasie – soos ‘n mens in ‘n klas die verskil tussen stelsin- en vraagsinintonasie aan kinders sou illustreer: Waar is dan die huis wat julle vir My sal bou? En waar die plek wat My rusplek sal wees? Wie het so iets gehoor? Wie het sulke dinge gesien? Word ‘n land op een enkele dag gebore? Na die voorlesing het sy sag en eenvoudig gebid, vir min gevra, vir kos en klere en vergiffenis van ons sondes.

Ons het vir my pa en die student twee gedekte plekke gelos; hulle sou eers na tien-uur terug wees. In die kombuis het ek en my ma gepraat oor die besoek aan Duitsland wat professor Engel besig was om vir die derdejaar- en honneursstudente te reël. Vir ‘n hele ruk al, want hulle gaan vroeg in Oktober vir twee weke. Ek het dit nooit genoem vir my ma-hulle nie, want (a) daar is nie genoeg geld vir so iets nie, en (b) ek was nie seker of ek in elk geval wou gaan nie – geselsies met ander studente; gedeelde kamers en badkamers; “studentepret” waarby ek nie sou inpas nie; nie genoeg tyd om alles te lees voor die einde van die jaar en die eksamen nie.

My ma het gesê ek moet probeer gaan. Dit sal my goed doen. Ek moet dalk ‘n deel van my studie-toekenning gebruik, dan kan “ons later ‘n plan maak” om dit aan te vul. Ek het gesê ek sal met professor Engel gaan praat, hoor of daar nog tyd en plek is. Ek weet regtig nie of ek wil gaan nie.

Vrydag 12 September 1980, 8.30nm

Ek het sopas weer jou briewe gelees oor jou reis na Sakhalin. Wat ‘n ongelooflike avontuur! Van Moskou reg oos tot aan die kus, met koetse en treine. Ek gaan jou verslag oor die straf-eiland via

interbiblioteeklening by die universiteit bestel. Ek hoop hulle kan dit êrens opspoor.

Ons het ook ‘n eiland hier in Suid-Afrika waar gevangenes heen gestuur word. Ook meestal politieke gevangenes. Maar niemand anders kan daar kom of dit gaan besoek nie. Ons was twee jaar gelede met vakansie in die Kaap, en ek het op die strand gestaan en kyk na die eiland, Robben-eiland, maar ek kon netsowel na die maan gestaan en kyk het. Of na een van die sterre, so afgeleë en onbekend was dit vir my.

My laatmiddag is versteur deur ‘n meditasie gelewer deur die teologiese student. Sy naam is Lodewikus, en sy van is Labuschagne. Hy keer my altyd voor wanneer ek op pad kamer toe is, of wanneer ek in die tuin gaan stap. Vanmiddag het ek onder my uitheemse boom gaan sit – die eerste blaarbotsels begin al uitkom. Toe kom loop hy ook daar rond, en trek met gemaakte belangstelling aan die vyeboom se takke. Hy sê toe dit laat hom dink aan ‘n ervaring wat hy deurgemaak het die vorige somer, by sy losiesplek in Potchefstroom. Hy huur ‘n kamer agter in ‘n tuin by ‘n ou tannie, ‘n weduwee. Sy is versot op tuinmaak en het wonderlike vrugtebome, onder andere ‘n geelperskeboom wat reg voor sy venster staan. Die tannie het hom gewaarsku om nie die perskes sommer so van die boom af te pluk nie. Sy sou, wanneer die oes reg was, hulle self afpluk en hy sou dan ook sy deel kry. Hy het probeer, het hy vertel, hy het geworstel, want soms was hy honger en het nie tyd gehad om vir homself kos te maak nie. Hy moes telkens verby die begeerlike vrugte loop. Toe het hy geswig een aand voor die versoeking. Hy het gedink dat hy net eenkeer van die perskes sou eet. Hy het ‘n hele paar in die donker gaan pluk en in sy kamer opgeëet. Die volgende middag het die tannie hom gestaan en inwag voor sy deur. Sy het gevra of hy van haar perskes geëet het. Hy het skuld ontken, maar toe sy die pitte na hom uithou wat die bediende (“meidjie”, het hy gesê) onder sy bed gekry het, het hy geknak en skuld beken. Die tannie het gesê sy is baie lus en gaan verkla hom by die rektor van die teologiese skool. Hy wat ‘n toekomstige predikant was!

As sy hom nie in die klein dingetjies kon vertrou nie, hoe kon sy hom met haar ewige heil vertrou.

Hy het voor my kom sit onder die boom en gesê, dit wys jou net watter implikasies klein oortredinkies kan hê. Die gesteelde perskes kan uiteindelik massiewe struikelblokke raak op iemand se pad na die ewigheid. Hy het die sondeval in die paradys ook bygeroep en toe ‘n wit sakdoek uitgehaal en sy voorkop en oë afgevee. Ek het gewens hy wil loop. Toe hy so naby aan my kom sit, het ek ‘n mengsel van aftershave en tandepasta geruik.

Ek het eergister met professor Engel gepraat oor die Duitsland-besoek. Hy het gesê dit sal baie goed wees as ek kan saamgaan. En dit is nog moontlik om alles te reël. Ek het ja gesê, maar gee nie regtig om of ek gaan of bly nie.

Vrydag 19 September 1980, 4.30nm

Dit was ‘n baie besige week. Ek gaan nou beslis Duitsland toe. Ek moes rondspring om my geld en paspoort te organiseer. En ek is besig met die Thomas Mann-projek. Nog net naleeswerk op die oomblik, dit moet aan die einde van die jaar ingehandig word.

Hierdie week het ek ook in die biblioteek rondgekrab op soek na meer inligting oor die middeleeuse minnesange. Ek skryf ‘n opstel vir Herr Wysling daaroor. Ek het op die korrespondensie tussen Eloise en Abelard afgekom. Terwyl ek dit gelees het, het dit gevoel asof ek aan ‘n deur begin stoot. Die verlede, die tye waarin hulle geleef het, het vir my ‘n werklikheid geword. Ek het die middeleeue in kleur begin sien, en nie as yl potloodsketse nie. Ek was verstom oor die skerpheid en humor in hulle briewe, oor Eloise se smagting na Abelard, oor sy strengheid en teruggetrokkenheid, en dit nadat hý háár aangemoedig (bykans gedwing het) om klooster toe te gaan omdat hy haar nie in die arms van iemand anders wou sien nie, en omdat hy haar na sy kastrering nie meer fisies sou kon liefhê nie. Hulle lewens en omstandighede het vir my lewendiger begin voel as my eie lewe. Ek leef in ‘n kaalgestroopte swart-en-wit wêreld. Jý is nader aan my, werkliker vir my as enige iemand in my “regte” lewe.

Dit reën al vir twee dae aaneen, “lentereëns”, soos my pa dit in een van sy tafelgebiede genoem het. Drie hadedas loop op die grasperkie voor my venster. Dit is ongewoon om hulle in die stad te sien – ek ken hulle net van vakansies in die Oos-Vrystaat af. Hulle loop afgemete, peinsend, waardig in die reën en hulle lyk soos middeleeuse dokters wat pasiënte wat aan pes ly besoek, met hulle lang neuse en swaar, donkergrys mantels.

Ek was verlede Saterdagmiddag by ‘n troue. Gemeentelede se dogter, Lizette, het getrou. Sy het saam met my op voorgraadse vlak gestudeer. Daar was blykbaar fluisteringe (volgens die teologiese student) dat sy swanger is en dat hulle “moet” trou. Vir my ouma (my ma se ma) is dit die ergste, onuitspreeklikste sonde. Die een of twee keer wat ek haar al hoor praat het oor so iets (sy noem dit “oor die tou getrap”), het haar stem baie laag en baie sag geword. Die sonde teen die Heilige Gees, wat volgens die Kerk se belydenisskrifte onvergeefbaar en direk strafbaar met die hel is, is in my ouma se hiërargie van sondes tweede op die lys.

Hulle het in ‘n park getrou, onder ‘n groot wit markiestentdak. Van die bome in die park het begin bot. Orals het emmers rose rondgestaan wat soos ou ryk stillewes gelyk het. Die huweliksplegtigheid het buite plaasgevind, maar die huweliksregister moes onderdak (in ‘n vertrek in die onthaallokaal) geteken word. Die bruid en bruidegom het ingehaak van die buitepreekstoel na binne geloop, agter my pa aan in sy donker pak. Van regs na links het hulle oor die gras geloop, sy in ‘n wye rok van sy, hy in ‘n roompak. Die punte van haar lang hare het net effens gelig in die sagte briesie en in haar arms het sy ‘n bos wit lelies en rose gedra. Drie pare klein kindertjies het hulle gevolg met mandjies vol blomblare. Dit was asof hulle in daardie paar sekondes deur ‘n hele leeftyd gestap het, deur eeue, deur die hele geskiedenis van die wêreld, met die ondergaande son se strale op hulle nekke en wange en hare. Ek het nog nooit so droewig gevoel nie, selfs nie op my oupa se begrafnis nie.

Wat die uitheemse populierboom voor my venster betref: ek het my pa en ma gisteraand saggies daarvoor hoor praat in die kombuis. Ek

kon my ma se stem hoor: “wat is die haas?”, “... amper uit die huis...”, “... nog net ‘n seisoen of twee...”. Ek kon nie mooi hoor wat my pa daarop antwoord nie.

Maandag 22 September 1980, 11.30nm

Ek het gisteraand Schopenhauer se *Welt als Wille und Vorstellung* klaargelees vir ons Thomas Mann-lesing vanmiddag. Die menslike wil as die enigste dryfveer vir handeling; die brutale werklikheid wat verhul word deur die sluier van Maja; die ontsetting wanneer die sluier eenkant toe getrek word! Vandag het ek ‘n gevoel van verlies gehad; asof ek ‘n glasbal in my hande gehad het, maar dit laat val het en gesien het hoe dit in duisende skerwe spat.

Die Duitsland-besoek begin nou na ‘n werklikheid voel. Ek het ‘n (tydelike) paspoort gekry en professor Engel het vir ons ‘n voorlopige reisplan gegee. Ons gaan vir vier dae ‘n werkswinkel in München bywoon vir studente van “Deutsch als Fremdsprache”. Ek het nooit so aan Duits – ‘n “vreemde” taal – gedink nie. Vir die res van die tyd gaan ons toere in en rondom München onderneem. Professor Engel sê dit is beter om een plek deeglik te verken as om haweloos en rusteloos rond te swerf soos ‘n vlieënde Hollander. Ek dink hy het nog familie in Suid-Duitsland. Ons gaan wel een nag in Madrid deurbring op pad terug Suid-Afrika toe.

Ek weet nie of ek uitsien na die reis nie. Daar is nog so baie om te doen voor ek gaan. Die navorsingsprojek oor Thoman Mann is my grootste bekommernis. Ek is besig met naleeswerk oor “Tod in Venedig”. (Een van die ouderlinge in die gemeente lyk net soos ek my voorstel Gustav Aschenbach moet lyk).

Na middernag:

NS 1: Ek het gou, voor ek gaan slaap, een van jou verhale gelees. Maar dit het my ontstel. “Disturbing the Balance”. Dit is nie soos jou ander verhale nie. En dit is onvoltooid, en ek probeer dink wat jy nog daarin wou skryf. Die vrou se broer, én haar man, én haar geheime minnaar – al drie klink soos jy! Maar so treurig en ontnugterd. En die

vrou, wat die minnaar se pleitbrief so minag! Dit voel vir my of ek in ‘n koue en verlate kerkbank gaan sit het laat op ‘n Sondagaand. Al die mense weg, die orrel stil, die bosduiwe donker stil skaduwees op die vensterbanke. As ek jou ander verhale lees, voel dit vir my asof ek voor ‘n oggenddiens in die kerk sit en rondkyk, na al die gemeentede – oud, middeljarig, jonk, mooi, lelik, ryk, arm, gesond, sieklik, gebreklik. Maar hierdie verhaal is anders.

NS 2: Ek probeer ook vergeet dat jy so siek was, maar ek sien dit altyd voor my: longe ‘n bloederige gemors, hoesbuie wat dae en nagte lank aanhou, diarree en hardlywigheid om die beurt wat jou so maer laat word het, permanente kortasemigheid. In een van jou briewe aan Olga praat jy van die woede, die verskriklike woede wat jy ervaar.

Donderdag 25 September 1980, 6nm

Ek is baie besig. En ek wens ek gaan nie Duitsland toe nie. Ek voel moeg en naer en elke keer as ek aan jou dink voel dit vir my of ek gaan ophou asemhaal. Ek dink ek haat Thomas Mann. Ek haat “Tod in Venedig”. Aschenbach het my toenemend herinner aan ‘n laerskoolonderwyser van my in Pretoria. (Ons het baie rondgetrek weens die eise van my pa se roeping en amp). Ek was in standerd twee. Meneer Van Deventer, ons klasonderwyser, het sy yl donker hare oor sy bles gekam. Ek moes hom altyd help geld tel na pouses, alleen in die klein vertrekke vanwaar hy die snoepwinkel bedryf het. Hy het dikwels agter teen my kom staan waar ek by ‘n tafeltjie gesit het. Saggies oor my hare gevryf, my nek, sy hand agter by my rok ingestek. Gevra waarin ek my hare was, dit blink altyd so, gevra of ek Body Mist gebruik, gevra of ek met hom sou trou wanneer ek ouer was. By die huis het ek my ma in die kombuis vertel, skaam, en trots. Sy het gesê ek moenie verspot wees nie.

Die probleem is dat ek nie nou met ‘n nuwe navorsingsprojek kan begin nie. Daar is nie genoeg tyd nie. Ek wil ook nie saam met Herr Fried (die poësie-dosent) werk nie. Ek kan flouval wanneer hy sy toonagtige vingertjies teen sy keel laat afkruip en aan sy borshare begin trek. Hy het nou die dag vertel, na aanleiding van ‘n gedig van

Günter Eich (“Inventur”), dat hy en sy ouers en broers en susters ook swaar gekry het na die oorlog. Almal voel altyd jammer vir die Jode, maar as seuns moes hulle kaalvoet deur die sneeu op die treinspore agter die kooltrokke aanhardloop om kole wat afgewip het, op te tel. Daar was geen elektrisiteit nie, en niks om mee vuur te maak nie. Geen bome nie. Alles weggebrand deur die Geallieerdes se bomaanvalle. Hulle is gestraf, het hy gesê, vir dinge waaraan hulle nie skuldig was nie. Hy het gesê ons (terwyl hy met sy kort wysvingertjie na ons vier studente gewys het) sou ook nog eendag met die probleem van kollektiewe skuld opgeskeep sit. Ek vind dit onmoontlik om met hom te praat.

Die teologiese student maak my ook gek. Hy het gisteraand laat aan my deur kom klop en gevra of ek saam met hom wil tee drink, hy gaan gou maak. In die kombuis het hy met glinsterende oë en rooi kolle op sy wange vir my vertel dat sy private belangstellingsveld die “liefde” is, in al die verskillende fasette van die woord. En dat hy baie bronne daarvoor bestudeer (uiteeraard vorm konsepte van die liefde soos in die Ou Testament, maar veral ook in die Nuwe Testament vervat, die grondslag vir sy navorsing), en hoop om eendag ‘n reeks artikels vir *Die Kerkblad* te skryf. Plato, wat volgens sy beskeie oordeel in hierdie verband nie bots met die Christelike opvattinge nie, sê (en hier het hy ‘n klein slapbandboekie uit sy kombersbaadjie se sak gehaal en kortasemrig vir my begin voorlees), Plato suggereer (ek hoop ek onthou reg) “that when a man sees his lover, the soul is reminded of the state of perfection it enjoyed before birth. This stimulates regeneration of the soul, which is described as the regrowth of its wings.” Die vlerkgedeelte het hy harder en stadiger gelees, en hy het die “-th” van “regrowth” soos ‘n “f” uitgespreek. Hierop het hy my hand oor die kombuistafel gegryp en horterig gevra of daar enige iets is wat hy kan doen om sy gevoelens vir my te bewys, want liefde, het hy gesê, word net sigbaar deur ‘n daad, ‘n opofferingsdaad. Ek is gered deur my ma wat iets in die kombuis kom soek het. Onder haar koel blik het hy sy hand stadig oor die tafel laat retireer na sy skoot toe.

Gelukkig sal hy weg wees wanneer ek terugkom van Duitsland af. Ons vlieg oor nege dae.

Donderdag 2 Oktober 1980, 11.40nm

Ek het 'n week laas geskryf. Alles is so deurmekaar en gejaagd en ek wens ek kon hier in my kamer bly. Al jou boeke lê op die rak langs my bed en as ek saans daarna lê en kyk, voel dit of jy hier is. Jy het in 1888 aan Grigorovich geskryf, vir solank Rusland woude het, kloue en somer, solank as die lied van die strandloper en kiewiet gehoor word in die land, sal hy en Turgenev en Tolstoi nooit vergeet word nie. Selfs wanneer die mense oor wie hy (Grigorovich) skryf, uitsterf en vergete raak, sal hyself heel en ongeskonde bly. (Ek hoop ek het dit reg vertaal. Ek het nie geweet daar is strandlopers in Rusland nie.) En ek voel: solank as wat jou boeke by my is, sal jy vir my lewendig bly. En dit is deel van die probleem met die Duitsland-reis. Ek kan nie jou boeke saamneem nie. En daar is nog die verdere probleem dat jy gesterf het in Duitsland. Ek het op die kaart gekyk en gesien Badenweiler is in Oos-Duitsland. Maar ek kan nie nou kop uittrek met die reis nie. Almal het moeite gedoen om dit vir my moontlik te maak om te gaan – my ma, professor Engel, selfs my pa, wat gespanne en bleek lyk, maar wat tussendeur al sy werk vir my 'n klein kameratjie gaan koop het.

Ek moes ook nog intussen beursaansoekvorms invul vir volgende jaar. Ek het besluit dat ek 'n MA wil doen. Ek weet nog glad nie waarom nie, en het maar voorlopig iets oor Thomas Mann saamgeflans. Ek moes ook 'n paar paragrawe oor my huidige navorsingsprojek in Afrikaans skryf om by die beursaansoek te voeg, maar kon dit byna nie regkry nie. Toe ek dit deurlees, het dit soos 'n swak vertaling uit Duits in Afrikaans geklink. So asof ek sekere goed nie in Afrikaans kon sê nie.

Oormôre vlieg ons.

Sondagaand 19 Oktober 1980, 9.15 nm

Ek het met griep en brongitis teruggekom en was gister heeldag in die bed met koors en seer aanhoudende hoesbuie (ons het so nege-uur gisteroggend hier aangekom). Ek dink aan jou wat so baie bloed opgehoes het, en jou benoudheid – jy voel soos ‘n kind wat na ‘n ouer wil roep om hulp.

Op die oomblik staan net enkele dinge van die reis vir my uit. Ek het die tweede dag in München al begin siek voel, en het gesukkel om by te hou met al die aktiwiteite. Die werkswinkel vir studente van “Deutsch als Fremdsprache” was vervelig. Ons moes balle na mekaar gooi en in Duits tel en enkelwoorde op klein kaartjies kombineer om sinne te vorm (alles groepswerk). Professor Engel het verleë gelyk.

Ons het baie museums en galerye besoek en die meeste van die tyd het my keel soos ‘n kool vuur gebrand en my kop wou bars. Die enigste kunswerk wat ek duidelik onthou is die *Slapende Sater* – ‘n marmerbeeld van omtrent 200 voor Christus – in ‘n museum van antieke kuns. Dit was die eerste keer in my lewe dat ek ‘n kaal volwasse man gesien het. Hy lê agteroor, sy lippe effens oop, sy arms agter sy kop, sy bene oop, die een been effens opgetrek. Hoe langer ek gekyk het, hoe koorsiger en sieker het ek gevoel. ‘n Mens kan reg rondom die beeld loop – hy lê alleen in die middel van ‘n ronderige vertrek. ‘n Museum-assistent het simpatiek na my gekyk en iets gesê van “Frauen” en “schwindeln”, ek kon nie mooi hoor nie.

Ons het ook ‘n dokumentêre uitstalling bygewoon oor die ghetto in Lodz in Pole tydens die Tweede Wêreldoorlog. Daar was baie amptelike briewe, waarin lyste en lyste voorkom van hoeveelhede tasse, skoene, brille, kunstende, hare (in gewig), goud (juwele en selfs in tandvulsels). Daar was baie foto’s, onder andere ‘n reeks van kinders wat in rye van drie tussen Nazi-wagte deurstap na die treine wat hulle na uitwissingskampe sou neem. In teenstelling met die huilende en skreeuende moeders wat moes agterbly (hulle kon nog werk, en moes bly leef), was die kinders, met hulle netjies platgekamde hare, doodstil en gelate, volgens die byskrifte. My hart het so hard geklop dat dit gevoel het asof die bloed by my ore en neusgate en mond

en oë wou uitspuit. Verskriklike gedagtes het in my kop gekom, gedagtes waarvoor daar nooit vergiffenis moontlik sal wees nie. Ek het gedink dat God onregverdig is, dat Hy wreed is, dat Hy boosheid in Hom het, dat Hy nie bestaan nie. Ek het na die kinders se smal skouers gekyk, hulle nekke – hulle het mekaar se handjies vasgehou. Hierdie gaan vir my ‘n verskriklike probleem word, en ek weet nie of ek sterk genoeg is daarvoor nie. As ek vroeër gedink het dat ek te veel skuld het, weet ek nou dat ek verdoem is.

Die res van die tyd in München is vir my vaag. Ons het in busse gery, langs mere gaan stap, ‘n “Frauen-” en ‘n “Herreninsel” besoek, na gidse geluister en saans musiekkonserte bygewoon of gerus. Ek het dit gehaat om ‘n kamer met een van die studente in my klas te deel. Sy het elke aand omtrent tien poskaarte geskryf. Ek het toe maar tweekeer vir jou geskryf. Sy wou onmiddellik weet wie die Anton is oor wie ek so geheimsinnig is, of hy ook in Bloemfontein bly en studeer. Ek het gesê jy is ‘n ou skoolvriend wat in Marquard se distrik boer.

Ons het op pad terug Suid-Afrika toe vir ‘n nag in Madrid oorgebly, en het ‘n middag en aand gehad om iets van die stad te sien. Professor Engel het ons na die Prado toe geneem, maar ek kan nie veel onthou nie. Ek het te benoud binne gevoel omdat ek die heelyd my hoes wou onderdruk, en het later buite gaan sit op ‘n bankie. Met die terugvlug het ek regtig siek gevoel en ek was aanhoudend naar.

Al wat positief is omtrent my terugkoms, is dat al jou boeke nog op hulle plek langs my bed lê, en dat die teologiese student weg is. Hy het vir my ‘n geskenk gelos, toegedraai, duidelik ‘n boek. Ek het dit onoopgemaak vir my ma gegee en gesê sy kan daarmee doen wat sy goeddink, ek wil dit nie in my kamer hê nie.

Ek gaan nou weer lê. Ek voel siek. Al wil ek dit nie so hê nie, voel dit nou anders in my kamer as voor ek weg is, kouer en donkerder.

Woensdag 22 Oktober 1980, 11.30vm

Ek het vir twee dae en twee nagte geslaap. Vanoggend het ek wakker geword van ‘n gekap en gesaag buite my kamervenster. Toe ek uitkyk, sien ek my pa op ‘n tak sit in my populierboom. Hy beduie en praat en

saag tegelykertyd. Onder die boom staan Johannes, die tuinwerker, geïnteresseerd en opkyk. Dit is die einde van my boom. Ek voel woede, groot woede, en 'n treurigheid wat my keel toedruk en my wil laat versmoor.

Ek weet nie of ek langer vir jou gaan skryf nie. Ek weet dat dit sinloos is. Al wat vir my oorbly is werk. Dit is al wat ek nou verstaan.

Skemeraand op ‘n boereplaas (oftewel Götterdämmerung op Gebedsfontein)

‘n Paar weke gelede, terwyl ek besig was om deur my pa se dokumente te blaai – dagboeke, sketse van mense in sy gemeentes, beskrywings van sy pelgrimstogte na die Bybellande – het ek op ‘n opstel afgekom wat in 1938 geskryf is, toe hy omtrent sestien jaar oud was. Die titel van die opstel, “Skemeraand op ‘n boereplaas”, was aanduidend van die idilliese beskrywings van die warm plaaskombuis, die moeder wat voor die koolstoof staan en kook, emmers vars melk op die groot kombuistafel met klam moeseliendoekies daaroor om dit koel te hou, jonger broers wat elders in die huis lag terwyl hulle besig is om hulleself te was, die vader wat in die voorkamer die draadloos instel vir die aand se luister na nuus en godsdienstprogramme, die werksvolk buite wat laaste implemente wegpak en aanstons kom nagsê (“nag my oubaas, nag miesies, kleinbaas...”), die rosige aandgloor, en ‘n sagte windjie wat koel opkom na die onbeskryflike hitte van die dag op die plasie in die Noordkaap. Alles ter voorbereiding van die goddelike stilte van die stergevulde nag wat voorlê. Ek het bereken dat my pa ten tyde van die skryf van die opstel vir meer as twee jaar nie meer op die plaas gewoon het nie, maar in die dorp by mense moes loseer omdat sy ouers rondgetrek het weens die Groot Droogte.

Hierdie beelde en gedagtes was nog vars in my toe ek ‘n telefoonoproep van Ulrike kry. ‘n Laaste broer van haar pa (reeds lank oorlede) het pas gesterf en sy wens was om op die familieplaas in die Klein-Karoo begrawe te word. Hy het sy laaste jare in die ouetehuis op W deurgebring, sowat twintig kilometer van die plaas af. Sy wou graag vir die begrafnis gaan, alhoewel sy vir jare baie min kontak met enige van die familielede gehad het. Dalk wou sy gaan afskeid neem van die plaas waar sy as kind gelukkige vakansies deurgebring het. ‘n Neef van haar het nog daar geboer, maar dit het geklink of dit nie goed gaan nie, en of sy finansiële ondergang net ‘n kwessie van tyd was. Droogtes en egskeidings en ondeurdagte testamente het stelselmatig die kanse op oorlewing op die plaas vernietig, het sy gesê. Die plaas sou

dalk binnekort op die mark gesit moes word, en sy sou dan nie maklik weer soontoe kon gaan nie. Sy het egter nie kans gesien om alleen te gaan nie. Die rit daarheen, vanaf Durban, was alreeds vir haar ‘n te groot struikelblok. Na agt jaar in die buiteland wou sy nie meer op Suid-Afrikaanse paaie bestuur nie, en daarby het sy emosionele ondersteuning nodig gehad vir die plaas-scène en afskeid.

Ek was self baie jare gelede op ‘n “boereplaas”, wat weerklanke, oeremosies, beelde uit ‘n kollektiewe onderbewuste sou oproep – soos ‘n Afrikaanse kerk, het Ulrike gesê – en ek was gretig om saam te gaan. Ons het ook besluit om Jak, ons vriend, ‘n gebore en getoë Durban-boy, saam te vra. Hy was nog nooit in sy lewe op ‘n plaas nie (Engelse landgoedere in die Natalse Middelland tel nie as plase nie), en vir ‘n halfwas boerseun met ‘n Afrikaanse pa en ‘n Skotse ma was dit ‘n skande. Ons het ook gemeen dat sy hart dalk nog gebreek was oor sy mees onlangse liefdesfiasko, en dat ‘n reis hom sou help met die emosionele herstelproses. Hy was inderdaad gereed vir ‘n reis. “A coffin on wheels is the bed at five in the afternoon”, het hy aangehaal toe ek hom later die dag op sy selfoon in die hande kry.

Ons is vroeg die volgende dag weg uit Durban; bestemming Gebedsfontein, soos die plaas in 1862 geproklameer is. Jak en Ulrike se oë het gerek oor die rewolwer wat ek onder my bestuurdersitplek ingeskuif het, maar ek het verduidelik dat ‘n mens nooit weet wanneer jy halfverminkte en lydende diere langs die pad aantref nie; en ‘n paar waarskuwingskote in geval van ‘n pap wiel en sluwe padbendes sou ook nie skade kon doen nie. ‘n Mens wil darem nie heeltemal hulpeloos en stom wees soos ‘n skaap voor sy skeerders nie, het ek gesê.

Dit was ‘n vrolike rit. Ons het soos opgewonde kinders gelag en gesels, plekke langs die pad vir mekaar uitgewys, die plantegroei bespreek, oor die toenemend droër en warmer omgewing en klimaat gepraat, tussendeur Trivial Pursuit-vrae ge lees (Jak het dit saamgebring) en gstry oor die antwoorde, by gesofistikeerde padstalletjies vol fyngebak en plaaslike kunswerke en cliché-Afrika-

artefakte stilgehou. Suid van die Oranje-rivier het die omgewing ‘n meer Afrikaanse gevoel vir ons gekry. Pad- en rivieraanwysings in Afrikaans, Afrikaanse plaasname, en, tot Jak se ontsteltenis, Afrikaanse gastehuisname: Dries-en-Ans-verwelkom-U! Dis-lekker-by-die-Nortjé’s (‘n tekening van ‘n heuningby in plaas van die woord “by”). Jasmarië-se-Oude-Pastorie. Hier-wurg-Piet-en-Mara. O fok!, het Jak geskree toe ons by die hoeveelste bordjie verbyry, hierdie name maak my mal! Ek noem sommer my plek Katgeskiet, of Sifhuis!

Tussendeur, wanneer ons ‘n bietjie wou rus van die gepraat, het ons geluister na Jak se versameling onwettig-gekopieerde CD’s, waarvoor hy enkelvoudige name gegee het soos Up, Down, Hectic, Friday, Consolation, Beulah (sy motor se naam).

Ons is laatmiddag deur plekkies soos Burgersdorp en Middelburg, en ek moes dink aan my pa se liriese skemerbeskrywings in sy skoolopstel. Ons kon nie uitgepraat raak oor die fynheid en suiwerheid van die Karoolug nie, in teenstelling met die swoel en ondeursigtige lug van subtropiese Durban. Ons het in die donker op Gebedsfontein aangekom. Ulrike was toenemend vaag met aanwysings nadat ons deur W is, en ons het die geroeste plaasbordjie gemis en uiteindelik twintig kilometer anderkant die hek besef ons is te ver, en teruggedraai. Haar onduidelikheid kon dalk toegeskryf word aan ‘n onderbewuste onwilligheid om dit wat sou voorlê, te beleef, of aan die twee omkyksywe wat sy gerook het toe ons nader aan die plaas se omgewing gekom het. Ons moes die laaste klompie kilometer met wydoop vensters ry om die effek van haar rookgoed op my (as bestuurder) te probeer minimaliseer. Jak het die laaste paar kilometer van die grootpad af tot by die plaashuis dramaties aan die dakhandvatsels van die motor vasgeklou. Die paadjie was nou, met ‘n hoë middelman (‘n woord wat hy nie geken het nie) en growwe sinkplaat (glory, het hy geprewel terwyl hy benoud na my loer), en doringtakke het met psigedeliese skreegeluide aan die motordeure gekrap. Ons is deur twee droë driffies, Ghriespoort een en Ghriespoort twee (het Ulrike skielik die name onthou en ons het onbeheerbaar daaroor gelag), verby ‘n paar spookagtige, voortydse plaasimplimente wat in

onbewerkte landerye in die motorlig sigbaar geword het. By die groot plaashuis het Kleinboet, Ulrike se neef (sy pa was Oom Ouboe, het sy gefluister en ons het weer onkeerbaar gelag), ons ingewag. By die huisingang moes ek en Jak effens buk om by die lae deurraam in te pas. Ja, het Kleinboet joviaal verduidelik, die mense in die oudae was maar kort. Jak het met opgetrekte wenkbroue na my geloer. Kleinboet het ook sy hond, verweerd, met net een oog, as Oubaas aan ons voorgestel, waarop Jak hoestend aan sy bors geklop het.

‘n Getrouer dier ken jy nie, het Kleinboet later in die aand oor ‘n bier op die stoep vertel. Met hierdie hond moes ek een aand in die tronk slaap. Ons het lelik gekuier by die Laaste Watergat (die kroeg, het hy verduidelik) en ek het, man, ek weet tot vandag toe nie hoe nie, maar ek het oor die donnerse t-aansluiting by die hoofpad gejaag, in die chevron-borde in. Ek dink ek het gedog dis die agterkant van ‘n bus, en ek het probeer verbyskiet. Die ore het vir my en Oubaas net daar gekry en tronk toe gevat vir die nag. Ons het langs mekaar op dieselfde kombes in die sel gelê. Daai nag was ek baie laag ... Kleinboet het meganies oor die hardhygende Oubaas gestreel.

Kort daarna het hy ons na ons kamers toe gevat – vir Jak, wat gelyk het of hy wou huil (fok, het julle die badkamer gesien, het hy gefluister), na ‘n kamer heel voor in die huis wat uit die sitkamer uitloop, en vir my en Ulrike na ‘n kamer met twee enkelbedjies dieper in die huis in.

‘n Haan het net na vier die volgende oggend klaerig begin kraai. Selfs ‘n kussing oor my kop kon die geluid nie verdoof nie en ek het gewonder hoe die plaasmense gerus kry met die lawaai. Om vyf-uur is ek uit my benoude en sweterige skemermymeringe geruk deur ‘n oorverdowende oggend-oordenking oor ‘n radio op die stoep. Die innige en pleitende stemtoon van die prediker, teen full-volume, het Jak later gekla, sou selfs die klippe tot bekering kon bring. Ek kon ook nie peil of ek effens geroer was deur hierdie verrassende vroegoggendse wekroep vir Kleinboet nie. Momente nadat die harpmusiek weggesteef het, het ‘n stem helhard geskree (oor die

televisie in die sitkamer, het ek my later vergewis), Jacques Kallis is uit!! Die Proteas is in groot gevaar!!

Toe ek, nog voor ses, uitstap op die stoep, waar die badkamer in die een hoek geleë was, het Jak reeds verlep gesit en rook. Hy het flou met sy hand in die rigting van die badkamer gewuif, sy kop geskud en skaars hoorbaar geprewel, death zone. Sy nek was blink van die sweet.

Na 'n gedempte ontbyt het ons begin ronddwaal op die werf. Die begrafnis van die ou oom, het Kleinboet ons vroeër ingelig, sou die volgende dag plaasvind, sodat ons met 'n oop dag op hande gesit het. Dit het gelyk asof dié geleentheid nie hoog op sy lys gestaan het nie – 'n lastige verpligting wat inbreuk maak op sy belangrike daaglikse roetines.

Die donkerte van die vorige aand het die vervallenheid van die omgewing verhul, maar die oggendson was meedoënloos. Ek was besig om na die oorblyfsels van 'n kruietuin te kyk toe Jak my dringend aan my arm kom trek. Jy móét dit sien. Hy het nog steeds gefluister, en sou vir die duur van ons verblyf baie selde in 'n normale stem praat. Op die rand van 'n verdroogde grasperk het 'n leiklip soos 'n menhir geplant gestaan. Daar was 'n gedig of iets daarop geverf, versier met blommetjies en sonnetjies, sover ek kon uitmaak. Die letters was skaars nog leesbaar, maar Jak kon die vermiste dele invul:

The Kiss of the Sun for Pardon

The Song of the Birds for Mirth.

One is nearer God's Heart in a Garden

Than Anywhere else on Earth.

Terwyl ons staan en lag, het Jak weer my arm gevat en beduie ek moet stilbly. Iets het redelik naby aan ons kermende geluide begin maak. Dit was eers so sag dat 'n mens sou kon dink dit is onwerklik, 'n geluid uit jou eie psige. Maar ons het dit gou geïdentifiseer as 'n hond, hoe harder dit geword het. Rukkerig, beangs, gepynig – ons het vinnig beskrywings probeer vind – het die dier geskree. Was dit Oubaas, die eenoog-hond van gisteraand wat al in die tronk geslaap het? Wat sou

nou met hom gebeur het? Op pad agter die geluid aan het ons in Ulrike vasgeloop. Moenie gaan kyk nie, het sy gesê, dis verskriklik. Is dit Oubaas?, het Jak gevra, maar Ulrike het net haar kop geskud.

Ten spyte van haar waarskuwing is ons nuuskierig nader. By die skuur, skaars vyftig meter weg van die huis, en, het Jak later met veelseggende kyke opgemerk, skaars twintig meter weg van die menhir-klip waar ons gestaan en lees het, was ‘n swarterige hond – ‘n mengsel van skaaphond en ander bloedlyne – aan ‘n ketting vasgemaak. Hierdie was ‘n permanente reëling, kon ons dadelik aflei uit die hok onder die karige peperboom, ‘n bak met troebel water, en ‘n geroeste staalplaat met donker koeke vleis waarop helderkleurige brommers saamgepak was. Die ketting, het Jak uitgewys, was vas aan ‘n gespanne stuk draad op die grond, sodat die hond ongeveer twintig meter weg van die hok kon hardloop, en dan nog so drie meter anderkant toe, nader na die huis. Moenie met hom praat nie, het Ulrike half beveel, half gepleit. Elke keer as een van ons iets simpatieks gesê het, het die hond probeer opstaan om na ons toe te loop. Maar hy was in pyn, en het in ‘n sirkel, sover as sy ketting hom toegelaat het, omgekruip, terwyl hy sy kop skuins-laag hou en met sy poot aan sy oor probeer krap. Jak het nog nadergestaan. Whatthefuck? Hy het die halsband bevoel, en dit was so styf dat hy sy vingers nie tussen die band en die hond se keel kon indruk nie. Onder die ou leerband was daar, aan die linkeroor se kant, ‘n kankeragtige vergroeiing in die nek, tot binne-in die oor. Jak het die oor versigtig probeer oplig, maar die hond het jammerlik aan sy hand begin lek, waarop hy dit teruggeruk het asof ‘n slang hom gepik het. Hy sou vir die volgende paar dae kort-kort wantrouig na sy hand kyk, terwyl hy dit met uitgestrekte arm voor hom ronddraai. Ulrike het rondgekyk. Wat is dit? Wat gaan hier aan? Hoekom is die hond hier, so vas?, het sy aan ‘n plaaswerker gevra wat ‘n ent daarvandaan by ‘n paar verdroogde beetplante gestaan en spit het. Nee mevrou, dis Dominee daai, het hy geantwoord. Baas Kleinboet hou hom maar so vas. Hy vang die volstruiskuikens en hoenders as hy los is.

Toe Kleinboet met teetyd in ‘n stofwolk voor die stoep stilhou, het Ulrike hom uitgevra. Hoe lank al? Hoekom word niks aan die wond gedoen nie? Is dit die enigste uitweg? Kleinboet het vertroostend, soos aan ‘n neulende kind, probeer verduidelik: Dominee is al so lank hier, en dit is maar die plaaslewe, en hy weet vir stadsmense lyk dit seker vreemd. Maar hy kan dit nie nou, na al die jare, oor sy hart kry om Dominee te laat uitsit nie, wat die enigste ander uitweg is, het hy, vergenoeg oor die skokwaarde van dié uitspraak, bygevoeg. Toe het hy omgedraai en fier van bo van die stoep af op dieselfde werker van vroeër bevele uitgeskree.

Vir die res van die oggend kon ons Ulrike nie wegkry van Dominee nie. Sy het vars kos en water in skoon bakke vir hom neergesit. Sy het, in weerwil van Kleinboet se weiering, die halsband losgemaak en die wonde probeer behandel. Sy het die hond probeer lok na ‘n koel stukkie gras – die hitte om sy leefarea was ondraaglik. Dit was asof warm stukke yster van bo-af ons koppe, nekke en skouers in die sissende klipgrond ingebrand het. Dominee het benoud en tjankend ‘n paar treë buite sy beweeg-sone gekruip, gaan lê, gekruip, gaan lê. Maar hy kon nie wegkom nie. Hy het telkens verward omgedraai en teruggesluip na sy hok toe. Jak het later uit moedeloosheid vir ons gin en tonics gebring om by die hond te sit en drink. Hier is dalk malaria in die omgewing, het hy hoopvol gefluister. Maar na ‘n paar gins kon ek en Jak die intensiteit onder die peperboompie nie langer verduur nie, en ons het verder van die huis af begin rondloop.

Ou plaasgereedskap, ploë, dele van trekkers, werktuie wat nóg ek, nóg (vanselfsprekend) Jak kon identifiseer, het op verlate en vreemde plekke rondgelê. Was daar jare gelede hiér lande?, het ons verbaas vir mekaar gevra. Hoe de hel het hulle hierdie massiewe ding hiér gekry? Ons kon later nie meer woorde vind om ons verbystering aan mekaar uit te druk nie, en Jak het teruggegryp na sy populêre-kultuur-agtergrond: dit lyk soos ‘n scene uit ‘n Mad Max-movie, *Beyond the Thunderdome* of so iets, bleak, sinister, die einde van enige vorm van beskawing, het hy gefluister. Ons het ook tydens ons omswerwinge op ‘n kat met een oog afgekom in ‘n oorgroeide

vrugteboord. En tot ons skok ‘n jong kat gesien met ‘n voorpoot in die vorm van ‘n Z. Ohmygod, het Jak gehyg en sy hand oor sy hart gehou. Ek dink ek het nou genoeg gesien, het hy sag gesê. Is hier geen dier met al sy pote en ore en oë op hierdie plaas nie? Dit lyk my hier doen ‘n mens ‘n leg count voor jy ‘n body count doen. Dis soos *Apocalypse Now* in Africa!

Toe ons kort daarna ‘n geweerskoot aan die ander kant van die huis hoor klap, waar daar volgens Ulrike ‘n mooi kloof en populierbos is, het Jak gefluister dat die stoep dalk die veiligste plek was. Op pad huis toe het ons in dieselfde werker van vroeër vasgeloop. Ons het onself voorgestel en hy het gesê sy naam is Christof, dieselfde as baas Kleinboet se ouer broer. Toe ons oor die verminkte kat navraag doen, het hy gesê dat baas Kleinboet slagysters stel vir jakkelse en selfs bobbejane – om wat te beskerm?!, het Jak uitgeroep – en dat die katte soms in die slag bly. Hier is ‘n ander enetjie, ek weet nie of mevrou-hulle hom al gesien het nie, ‘n gryskatjie, wat sy hele voorbeen verloor het met so ‘n slagyster, het Christof vertel. En die geweerskoot?, het ek flouerig gevra. O, dit was seker baas Kleinboet wat op ‘n bobbejaan geskiet het. Ek glo nie hy het hom gekry nie, dit het nie so geklink nie... Ons is ook weer verby Ulrike en Dominee. Sy het met haar vinger beduie dat ons nie moes praat nie. Dominee het geslaap. Waarskynlik van die Grandpa’s wat sy hom gevoer het.

In die badkamer, wat ons reeds vroeër in onvleiende terme bespreek het (hier sal ek nog my gat deurrasper, het Jak gesê, en ek was bekommerd dat die geroeste bodem my precious pearl sou ontluister), het ek my nou sterk bewus geword van die reuk van verrotting en swael, en oerreuke van Jay’s Fluid of Dettol. Toe ek in die spieël kyk, het ek soos ‘n abstraksie van myself gelyk, oopgevlak en skeefgetrek soos ‘n Picasso-image. En op ‘n vergeelde notatjie, ingedruk in die raam van die spieël, lees ek die volgende:

Liewe Heer

Help my

Om te

Onthou

Dat daar

Vandag

Niks gaan gebeur

Wat U en ek

Saam

Nie kan

Hanteer nie.

Teen drie-uur die middag was my en Jak se gin-bottel leeg en ons is inderhaas “in dorp toe” (die uitdrukking het skielik uit my kinderdae by my opgekom) om nog te gaan kry. By die hotelletjie se off-sales is ons gehelp deur ‘n swetende vrou agter tralies wat, toe ons inkom, besig was om na ysskaats op ‘n klein TV-stel wat teen die muur vasgeketting is, te kyk: sierlike, tollende danspare in feeagtige kostuums op blou-wit ys, en ‘n jazz-orkester eenkant op ‘n verhoog, gebaai in reënboogkleure, wat die musiek verskaf. Hierdie hitte, was al wat sy teësinnig teenoor ons geprewel het. Buite op die stoep het ‘n brandmaer bruin hond aan sy eie braaksel gestaan en eet, tot Jak se verdere ontsteltenis. Ek wou nog ‘n draaitjie deur die dorp ry, na die kerke en skole kyk, dalk afklim by die begraafplaas, maar hy het genoeg gehad en ons is dadelik terug plaas toe.

Ons het op dieselfde tyd voor die stoep stilgehou as Kleinboet se broer Christof, en dié se vriend Yster, wat om duistere redes besluit het om te kom vir die begrafnis. Ulrike, wat die middag op haar smal bedjie deurgebring het (sy het steeds gelê toe ons terugkom), het later vertel dat Christof in ‘n ryk familie ingetrou het en êrens boer in die Kaap. Van Yster was sy nie seker nie. Hy was in die Weermag, dalk in Intelligensie, vroeër jare, en sover sy weet het hy nou ‘n tuinbou-besigheid naby Swellendam gehad. Christof, het sy verder vertel, wou aanvanklik na skool nie boer nie, en het regte gaan studeer. Kleinboet moes toe die boerdery oorneem, en ‘n deel van sy finansiële dilemma was dat hy na hulle pa se dood ‘n porsie van die waarde van die plaas

aan Christof moes uitbetaal, terwyl hy, na 'n egskeiding of twee, glad nie die geld gehad het nie.

Dominee het teen laatmiddag, toe almal op die stoep gesit en gesels het, weer deurdringende blaf-tjankgeluidjies begin maak. Hy het weer gekruip (wat leopard-crawl daai hond so, het Yster laggend gevra) tot 'n meter of twee buite sy domein, en het dan bewend van gretigheid gaan lê. Kleinboet het hom geïgnoreer en hard met bierskuim om sy lippe gespog oor die unieke Boesmantekeninge in een van die klowe op die plaas. Ons moes dalk die volgende dag, na die begrafnis, soontoe ry en gaan kyk?

Die drie mans is later kombuis toe – vanaand sien julle ordentlike kos – en Ulrike is terug na Dominee toe met menssalwe en Grandpa's. Ons moet iets doen, het sy op pad af teen die stoeptrappe gesê. Ons kan dit nie so los nie.

Jak se oë was bloedbelope van oorstimulering deur die dag se ervarings, en die gin, en die vinnige dampie wat hy by die beskrewen leiklip verderaf in die tuin gaan maak het. Operation Opulence, het hy op 'n stadium samesweerderig gefluister toe hy terugkom uit die kombuis met nog 'n glas drank. Ek het in my lewe nog nooit sulke groot chunks vleis gesien nie, het hy bewonderend bygevoeg.

Ek het ook later kombuis toe gedrentel, versigtig om nie my kop teen die lae deurdrempels te stamp nie. Op 'n boekkrakkie in die bedompige eetkamer het ek titels gesien soos *In God se Skaduwee*, en, *Sion – Lig op 'n Berg*. Daar was ook 'n *How To Do Just About Everything*, en daarin kon 'n mens wenke vind oor hoe om motorolie om te ruil, 'n filmster te word, 'n roman te skryf en 'n boorgat te sink. Een boek het die oog gevang met vet swart letters teen 'n rooi-en-wit agtergrond: *Die Kerk se REIS MET APARTHEID*.

Die kombuis was onhoudbaar warm. 'n Koolstoof het gestaan en bewe van hitte, en daar was verskeie potte en panne waarin Christof en Yster gestaan en roer het. Niemand het gepraat nie, en ek het my verbeel dat daar 'n effense spanning in die lug was. Jak het later opgemerk dat die drie mans soos gladiators compete daar in die

kombuis. Niks van 'n feminine space in daai plek nie, het hy gefluister.

Ek en Jak en Ulrike is laataand hartlik uitgenooi na die benoude eetkamer toe. Jak het sy kop (waarop 'n stylvolle sonbril steeds gesit het) hard teen een van die kosyne gestamp, en die drie mans, met gloeiende rooiwanggesigte besig om die opskepbakke op die ronde tafel te rangskik, het bulderend gelag. Toe almal sit het Kleinboet streng aangekondig dat hy wou bid. Hy het sy hande uitgehou, en Christof en Yster, wat weerskante van hom gesit het, het sy hande gevat. Ulrike het Yster se uitgestrekte hand geïgnoreer, en Jak het sy hand in Christof se hand gelê terwyl hy my hard onder die tafel skop. Ek kon skaars iets hoor van die gebed, want Kleinboet het al hoe sagter en vinniger gepraat. Ek het woorde herken soos seëninge en genade, en opperhoofdyskap, en siele, en toe 'n lang kwakerige amen.

Ek kan nie veel onthou van die ete nie, behalwe dat alles oordadig was: die kos, die wyn, die gelag, die hitte. Ek kan vaagweg nog Ulrike se oë sien rond dwaal deur die vertrek. Sy het probeer uitvind van die geweerskoot wat ons vroeër in die dag gehoor het, maar Kleinboet was ontwykend en patroniserend. Sy het haarself later verskoon, en is met 'n paar bene en oorskietstukkies vleis by die agterdeur uit.

Ten spyte van my moegheid het ek daardie nag sleg geslaap. Harde voetstappe op die houtvloer het my uit 'n sweterige beswyming geruk. Ulrike het deurgaans gemompel in haar slaap. Teen half-vier het iemand hard en beangs uitgeroep uit een van die kamers. Moes ek gaan kyk? 'n Plaasaanval, met Kleinboet as eerste slagoffer? 'n Nagmerrie vir Jak? 'n Terugflits uit Yster se verlede? Daarna was dit weer stil. Teen half-vyf, net toe die haan se eerste kraaie begin, het ek die aardigste geluid gehoor tot nog toe in my lewe. Ek kon dit glad nie identifiseer nie. Kraakgeluide, asof iemand 'n kopbeen met ferm geweld met sy hande probeer oopbreek, sagte skuifgeluide tussen-in, bykans onhoorbare diep steungeluide. Ek het regop gesit en die rigting van die klanke probeer bepaal. Dit was asof ek in die donkerste en

mees verlate wegkruipplek in die hel afgekom het, en daar die ellendigste lyding moes aanhoor.

Die volgende golf klanke het duidelik van Ulrike se bed af gekom. Ek het haar naam geroep, maar sy het nie gereageer nie, net gekreun en sugtend omgedraai. ‘n Flarde van ‘n Bybelteks het by my opgekom: daar sal ‘n geween wees, en ‘n gekners van die tande. Nóóit het ek kon dink dat dit so verskriklik sou klink nie. Toe ek ‘n rukkie later my hand op Ulrike se voorkop en wang sit, was sy koud en papnat gesweet.

Ek moes nie teruggekom het nie, het Ulrike die volgende oggend gesê. Nie hiernatoe nie (sy het voor haar uit gewuif), nie Durban toe nie, nie Suid-Afrika toe nie. Hier is soveel lyding, en ek weet nie wat ek daaraan kan doen nie.

Dit was nog vroegoggend, en ‘n paar uitgedroogde, yl wolkies het die skerpheid van die son bedek. Ons het na die begraafplasia toe gestap, waar daar kap- en graafgeluide hoorbaar was. Ons is verby Dominee, wat – steeds los – pleitend en bewend na ons gestaan en kyk het sonder om nader te kom. Kyk na hierdie hond, het Ulrike voortgegaan. Hy is verlore. Hy is psigologies en fisies onherstelbaar verniel. Daar is géén hoop vir hom nie. En ek, al wat ek kan doen, is om sy lyding te aanskou. Ek voel soos ‘n toeris wat met ‘n mengsel van masochisme en selftevreedenheid plekke besoek waar katastrofes plaasgevind het. Maar wat gebeur as al die toeriste weg is, wat gebeur die volgende dag en al die dae daarna? Wat gaan met Dominee gebeur wanneer ons weg is?

Ulrike se beklemming was byna te veel vir my. Ek het gedink aan die verbete en stil-gewelddadige gekners van haar tande in die vroegoggend, so erg, dat ek bang was haar skedel sou die drukking nie meer kon hou nie, en sou oopkraak. Miskien, het ek lam(lendig) probeer, moet, nee, kan ‘n mens maar net die mees voordiehandliggende en praktiese doen. Enkeltake. Wat in elk geval geen durende gevolg gaan hê nie. Wat ‘n mens bloot doen omdat dit beter is, miskien net beter voel, as om niks te doen nie, het ek gesê. Maar ek

dink nie Ulrike het gehoor nie, want haar oë was reeds gerig op die begraafplaas, waar ‘n paar werkers onder Kleinboet se toesig besig was om in die bar aarde in te kap. Mōre-mōre-mōre!, het hy gegroet, fles in die een hand, beker in die ander. Sy broek was te kort, en te nou, en te hoog opgetrek. Die winde van verandering wat mansmodes betref het nog nie oor Gebedsfontein gewaai nie, het ek gedink.

Die begrafnis sou om twaalf-uur plaasvind, en ek en Jak en Ulrike het gedemp op die stoep gesit en wag. Teen half-elf het ‘n buurman van Kleinboet opgedaag, ‘n verslete man, maar met ‘n nuwerige Isuzu-bakkie. Hy en Kleinboet het stram gegroet, en ek het die indruk gekry dat hy nie baie welkom was nie. Hy het nie by ons op die stoep kom sit nie, maar gesê hy sal sommer ‘n bietjie rondstap en bene rek. Dalk van die geleentheid gebruik maak om te kyk hoe waar die Laaste-Watergat-praatjies was oor ‘n moontlike bankrotskap op Gebedsfontein?

Net voor elf het nog twee motors voor die huis gestop. ‘n Ou Bedford-bakkie waaruit twee baie ou mans en ‘n effens jonger vrou stadig geklim het. Seker mense van my oom se ouetehuis, het Ulrike gefluister. Hoe terrible, het Jak geprewel. En ‘n wit CitiGolf. Dominee!, het Kleinboet die Golf-man hartlik tegemoetgestap, terwyl hy (so het dit vir my gelyk) skuldig-verleë grynslag. I’m sorry, het Jak redelik hard gefluister, maar is “dominee” nie ‘n bietjie van ‘n loaded term op hierdie plaas nie?

Die dominee was ‘n skraal, jongerige man met vurige oë, effens bles. Dit was interessant om te sien hoe versigtig en ongemaklik Kleinboet, en ook Christof en Yster, wat met glase Coke (en watnog) in die hand by ons aangesluit het op die stoep, in sy teenwoordigheid opgetree het. Kleinboet het vroom begin praat van die hand van die Here wat gee en dan neem, terwyl die ander twee ernstig saamknik. Elke dag bly maar net ‘n stuk genade en ek bid die lieweheer elke oggend as ek uitkom op die stoep vir die krag om ook die skoonheid van hiërdie dag met dankbaarheid te aanvaar, het Kleinboet voortgegaan. Die dominee het saaklik geknik, maar dit het gelyk of hy

nie luister nie, of hy in 'n ander dimensie verkeer. Dalk was dít juis wat vir Kleinboet-hulle so ontsenu het.

Ons is later in klein groepies begraaftoe toe, en ons moes almal verby Dominee onder sy peperboom loop. Hy het heeltemal verward in die ingang van sy hok gelê en hyg. Kleinboet het verduidelik van hierdie oulike hond (sonder om sy naam te gebruik) wat nou so begin hoenders steel, maar dit het gelyk of niemand belangstel nie.

Genadiglik het daar deur die oggend weer 'n paar dor wolkies voor die son inbeweeg, sodat dit effens koeler as die vorige dag was. Die sepia-kleur wat deur die wolkfilter veroorsaak is, het die buitewêreldse atmosfeer rondom die graf versterk. Die dominee, met sy rooi ooglede en brandende oë (sien hy in 'n ander wêreld in? lees hy in die nagte in sy teologiese boeke van verskrikkinge wat vir ons voorlê, nog veel erger as die aardse hel?) het ernstig gepraat oor die lewe en die dood, oor die lewe wat eintlik niks anders is as 'n gestadige dood nie, oor die dood wat die deurgang is na die ewige lewe. Ek het na Ulrike gekyk en geskrik. Sy was wit soos die kopbeen van 'n bergleu wat Kleinboet in 'n vertoonkas op die stoep uitgestal het. Die laaste een wat in die laat agtienhonderds hier op die plaas geskiet is, het hy trots die vorige aand vertel. Ek het na Jak gekyk, wat vreemd rein en ongeskonde gelyk het, soos 'n regte Engelse choirboy. Hy het ook inderdaad met 'n helder tenoorstem saam met die dominee gesing met die openingspsalm, en ek het skielik onthou dat hy as student in die Durbanse Mannekoor gesing het. Kleinboet, Christof en Yster het deurgaans gestaan en rondtrap soos skoolseuns wat met pornografiese tydskrifte betrap is. Ek het na die oop graf met die kis wat daarvoor hang gekyk en gewonder wat 'n nuwe eienaar met so 'n familie-begraafplaas sou doen. Uit venyn en domeinskap die ou beendere uitdelf en in 'n massagraf verderaan gooi? Lym daarvoor? Of petrol, en aan die brand steek, weer toegooi? Sy eie mense se oorblyfsels in hierdie grafte ter ruste lê?

Ek het teruggekyk na die dominee, Dominus, Domini canis – hond van God. Sy arms was uitgestrek na weerskante van die graf en

hy het pleitend boontoe, hemel toe gekyk. Troos, troos my volk, sê God die Here, het hy ‘n beryming van Jesaja aangehaal. Roep nou nie meer met oordeelstem. Vertel haar dat haar stryd verby is, die hartseer van Jerusalem. Ek het vinnig weer na Jak gekyk. Iets probeer put uit sy teenwoordigheid. Hy het in verrukking na die dominee gestaar; soos ‘n uitverkorene daar gestaan by die graf van die onbekende ou oom. My maag het begin ruk van die lag, en tog het ek nog nooit in my lewe so ‘n gevoel van verdriet en verlatenheid ervaar nie. Ek het weggedraai van die graf en teruggestrompel huis toe, verby die kruipende, lekkende, hygende, etterende Dominee. Ons moes oppak en daardie middag nog ry, het ek gedink. Ek kon niks meer verduur nie. Skemeraand op ‘n boereplaas. Se gat, het ek gedink.

Ulrike was teësinnig toe ek haar op die stoep voorkeer na die begrafnis en sê ons moet ry. Die paar begrafnisgangers het rondgestaan en teedrink, met Kleinboet wat gasheer speel. Nee, dit kan nie, ek wil nog rondloop vanmiddag, dis dalk die laaste keer in my lewe dat ek hier sal wees, het sy gekeer. Ek het toegegee en ons het ooreengekom om die volgende oggend so vroeg as moontlik te ry.

Kleinboet en Christof het weer aangebied om ons later die middag na “ons” Boesmantekeninge, die beste in die kontrei, toe te neem, met Christof se 4X4. Ons ry tot teen die kranse, geen onnodige stappery vir julle stadsjapies nie, het Christof geknipoog. Maar Jak het homself met ‘n afkeurende handgebaar verskoon, Ulrike was stram en blekerig en wou nog by die huis rondbly, het sy gesê, (en sy onthou die tekeninge van haar kinderjare af), en ek het met onbehae en aggressie geweier.

Vir aandete het Yster en Christof vleis gebraai. Ek onthou net fragmente van alles – swetende gesigte in die vuurvlamme; groot bierbekers vol brandewyn en Coke; Jak wat sigarette opsteek; Ulrike se broeierigheid. Sy is weer na Dominee toe met ‘n been, en om vir hom Grandpa’s vir die nag te gee. Ek het ook gewonder oor die dominee wat verdwyn het na die begrafnis; hy het nie kom teedrink op

die stoep nie. Seker maar dadelik weg in sy sober wit CitiGolf (of dalk opgevaar na die hemel?) .

Ek het diep geslaap en het eers wakker geword toe die haan pligsgetrou en sonder entoesiasme begin kraai die volgende oggend. In die halfskemer het ek gelê en luister na Ulrike se kreun- en knersgeluide. Sagter as die vorige nag, maar des te meer ontstellend. Ek het gewens sy wil liever uitskree en met haar vuiste teen die mure kap, deure oopskop en meubels omstamp, Kleinboet en Christof en Yster platslaan met die antieke plaasimplimente wat op die stoep uitgestal word – gaffels, byle, stampstokke, blaasbalke.

Kleinboet het ons vrolik toegewuif (seker bemoedig deur sy vroegoggendse radiogodsdiens en stoepgebede)(sien hy reeds die skoonheid ook van hierdie dag?) toe ons kort na vyf daar weg is. Ek het gewonder of ek hom nie moes omry en net daar los nie, daar naby Dominee, om te lê en ly met ‘n gebreekte knie of pelvis, in die stof, onder die karige peperboom, terwyl die son hom stadig in die harde grond inbrand. Dominee het anderkant sy hok gelê, en het gelukkig nie wakker geword vir ‘n laaste, wanhopige groet nie. Seker Ulrike se Grandpa’s en halwe Valium wat hom uitgesit het (het ek nog iets van die vorige aand onthou).

Jak en Ulrike was stil op die terugpad, en het meestal met toe oë gelê. Jak het af en toe opmerkings gemaak oor Durban, sy skooldae, sy ma – alles in Engels. Hy het ‘n paar van sy Down-CD’s gespeel, totdat Ulrike hom gevra het om dit af te sit. Sy het glad nie goed gelyk nie, en ek moes ‘n paar keer stop omdat sy bang was sy sou naer word in die motor.

By Sterkfonteindam, wat apokalipties gelyk het met ‘n fel wind wat die water skuimend opswiep, het ons weer gestop en rondgestaan sodat Ulrike se maag kon kalmeer. Terwyl ek staan en kyk na die water en dink dat die dier uit die see maklik uit hierdie dam sou kon kom, het sy by my kom staan en aan my arm gevat. Ek het hom geskiet, het sy teen die wind in gepraat. Ek het vir Dominee geskiet, laasnag. Voor ek iets kon sê, het sy weggedraai en rukkend agter ‘n bossie begin braak.

Ek het vir haar ‘n waterbottel en ‘n ou handdoek aangegee, en sy het haar gesig met die growwe stof geskuur, asof sy hardnekkige vlekke wou uitskrop.

In die motor het sy verder vertel. Sy kon sien dat Kleinboet-hulle (en ek en Jak) baie gedrink het die vorige aand, en dus half bewusteloos sou – móés – slaap. Sy het my rewolwer onder die motorsitplek gekry, en die koeëls in my kamasak, en ek het so diep geslaap dat ek nie geroer het terwyl sy besig was in die kamer nie, ook nie toe sy teruggekóm het na die tyd nie. Sy het dit nie bewustelik vooraf beplan nie, maar het tog presies geweet wat om te doen toe sy eers begin. Hulle sal hom seker later vandag kry, miskien sal een van die werkers hom begrawe, het sy afgesluit. Well, was Jak se kommentaar, the jury is still out on that one.

Ons het saamgestem dat dit die beste was dat Dominee dood is. Ons het Ulrike getroos en geprys vir haar dapper daad. Sy het moeg teruggelê en ons bedank vir ons ondersteuning en saamkom en vriendskap, en het toe vir ‘n hele ruk met toe oë gelê. Toe sy weer haar oë oopmaak, het sy beter gelyk en die gesprek het ander draaie begin maak. Jak was baie onderhoudend oor sy inisiasie as boerseun – not my cup of tea, was sy gevolgtrekking. I’m more traumatised than ever, het hy hand-op-die-hart verduidelik. Ek het Ulrike se oog in die truspieëltjie probeer vang – ons sou dalk ons idee oor reise en emosionele herstel moes hersien. Ons het ook onsimpatiek bespiegel oor Kleinboet se opsies met die plaas, siende dat dit duidelik was dat hy finansiëel nie die mas sou opkom nie. Ulrike het gepraat oor haar onsekerheid oor haar toekoms, sy sou nie weer in Suid-Afrika kon aanpas nie, veral nie na alles wat sy die afgelope paar dae gesien het nie.

Ek het vir Jak en Ulrike laat die aand by hulle woonplekke in Durban afgelaai, en op pad na my huis toe weer gedink aan my pa se idille, “Skemeraand op ’n boereplaas”. Ek kon dit nie oor my hart kry om die ander twee daarvan te vertel nie. Ek kon dit nie blootlê vir spot en ironisering nie. Op ‘n manier, het ek gedink toe ek voor die huis

stilhou en die honde my stertswaaiend tegemoethardloop, het ek nou ook 'n skemeraand op 'n boereplaas beleef.

Deel 3: Samevatting

Titel: Die onontkombaarheid van die verlede
Naam: Anna Francina Kemp
Studieleier: Professor H.J. Pieterse
Departement: Eenheid vir Kreatiewe Skryfkuns
Graad: Magister Artium in Kreatiewe Skryfkuns

In die studie word gepoog om aan te dui op watter ingrypende maniere die Afrikaner se problematiese verlede altyd weer opduik in die hede, en op watter maniere hierdie verlede die groei en ontwikkeling van 'n nuwe Suid-Afrikaanse identiteit kan verhinder, of andersins, hoe 'n grondige en bewuste *Auseinandersetzung* met die verlede kan lei tot beter begrip, nie alleenlik van die verlede nie, maar ook van die hede en (ideaalgesproke) van die toekoms. Daar word geredeneer word dat 'n proses van bewuste konfrontasie met die verlede noodsaaklik is vir die ontwikkeling van 'n lewensvatbare identiteit. Hierdie proses sluit in 'n bewuswording en ontleding van die houdings van skuld (ook kollektiewe skuld), verlies en melancholie jeens die verlede. 'n Belangrike nuwe-komponent van die verhandeling is om hierdie proses te koppel aan verhaaltegniese middele wat aangewend word in die bundel vertellings onder bespreking. Daar word gepoog om 'n noodwendige verband te lê tussen tematiek en narratiewe tegnieke.

In die verhandeling word aandag gegee aan die temas van skuld en verlies in die verhale, asook die vele motiewe wat gekoppel kan word aan hierdie twee temas. Daar word ook aandag gegee aan verteltegnieke soos tydsvorme, assosiatiewe skryfwyse, vertellings-trant en die stem van die verteller, wat aangewend word om die konfrontasie met en houdings jeens die verlede uit te beeld. Daar word geargumenteer in die verhandeling dat die prosa in hierdie bundel as vertellings gereken moet word, eerder as kortverhale (of meer spesifiek, *short stories*), en wel omdat die temas en die verteltegnieke bymekaar aansluit met die oog op 'n spesifieke leserrespons wat 'n grondige konfrontasie met en bestekopname van die verlede behels.

Summary

The study focuses on the inescapable presence of a problematic past in contemporary South Africa, and the ways in which this past prevents the development of a new South African identity. It argues that a fundamental reckoning with the past will lead to a better understanding of the present and the future, and is essential to the development of a viable South African identity. This process of reckoning with the past involves an awareness and analysis of attitudes towards the past, which includes guilt (also collective guilt), loss and melancholy. The process of *Auseinandersetzung* with the past is then linked to specific narrative techniques which are employed in the collection of short prose under discussion. It is argued that there exists a connection between theme and narrative technique. Narrative techniques under discussion include tense (past and present tense), associative writing, narration and voice. It is argued that the short prose in the collection under discussion should be defined as (oral) narratives (vertellings), rather than Short Stories. The reader response towards an (oral) narrative differs from the response towards a Short Story, and the difference is essential in the process of confrontation with the problematic past/history.

Sleutelwoorde/Key words

Verlede en identiteit/Past and identity

Konfrontasie met die verlede/Confrontation with the past

Onontkombare verlede/Inescapable past

Onmitologiseringsproses/Process of demythologizing

Houdings jeens die verlede/Attitudes towards the past

(Kollektiewe) skuld/(Collective) guilt

Verlies en melancholie/Loss and melancholy

Tydsvorme in prosa/Tense in prose

Verledetydsvorm in prosa/Past tense in prose

Vertelling teenoor kortverhaal/Narrative vs Short Story